1991 078 909 01

U.O.V.S. - U.O.F.S.
BLOEMFONTEIN
BIBLIOTEEK - LIBRARY

# 'N BESPREKING VAN LITURGIESE ORRELMUSIEK BANDE 1 TOT 6

DEUR

WILNA GROENEWALD

Voorgelê om gedeeltelik te voldoen aan die vereistes
vir die graad

**MAGISTER MUSICUM**

in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte
(Departement Musiek)
aan die
Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN

Studieleier : Mnr. E.M. Conradie
Bloemfontein

JUNIE 1990

UOVS - BIBLIOTEEK
*199107890901220000019*

Skenker Wilna Groenewald

# INHOUDSOPGAWE

INLEIDING 1

AFDELING A

HISTORIESE OORSIG 3

DEEL I 4

OORSPRONG 4

DEEL II 7

METODE VAN SAMESTELLING 7

BANDE 1 EN 2 7

BANDE 3 TOT 5 16

BAND 6 22

DEEL III 28

BEKENDSTELLING EN VERSPREIDING 28

AFDELING B

ANALITIESE BESONDERHEDE 34

DEEL I 35

EMPIRIESE ONDERSOEK 35

GEBRUIKSFREKWENSIE 35

BEHOEFTEBEPALING 36

GESKIKTHEID 36

BETROUBAARHEID 37

BESKIKBAARHEID 38

AANBEVELINGS DEUR RESPONDENTE 39

KWALIFIKASIES 39

DEEL II 41

INHOUDELIKE GEGEWENS VAN DIE BANDE 41

Voorwoord 41

Inhoudsopgawe 42

Harmoniese styl 44

Cantus Firmus Hantering 44

Vormtegniese styleienskappe 45

Pedaalgebruik 47

Registrasievoorskrifte 47

Vertolkingsaanduidings 48

AFDELING C -

EVALUERING 49

DEEL I 50

GESKIKTHEID VAN KOMPOSISIES 50

Erediensgebruik 50

Musikale Kwaliteit 53

Oorspronklike Doelstelling 63

DEEL II 64

SAMEVATTING 64

BYLAE 1 TOT 25 67

BRONNELYS 131

# LYS VAN AFKORTINGS

| | | |
|---|---|---|
| AGB | : | Afrikaanse gesangeboek; ook genoem: Die berymde psalms en evangeliese ge= gesange. |
| ISBN | : | Internasionale standaard boeknommer. |
| Ned. Ger. | : | Nederduits Gereformeerde (Kerk). |
| NGK | : | Nederduits Gereformeerde Kerk. |
| OVS | : | Oranje Vrystaat. |
| UNISA | : | Universiteit van Suid-Afrika. |
| UOVS | : | Universiteit van die Oranje-Vrystaat. |
| SAKOV | : | Suid-Afrikaanse Kerkorreliste Vereniging. |
| SEK | : | Sinodale Eredienskommissie. |

# LYS VAN BYLAES


| | | | |
|---|---|---|---|
| BYLAE 1 | : | VRAELYS-SAMESTELLERS BANDE 1 TOT 6 | 68 |
| BYLAE 2 | : | VRAELYS - ORRELISTE | 72 |
| BYLAE 3 | : | MUSIEK VIR DIE KERKLIKE HUWELIKS=BEVESTIGING EN MUSIEK VIR DIE BEGRAFNISDIENS | 77 |
| BYLAE 4 | : | KONSEP-OOREENKOMS | 82 |
| BYLAE 5 | : | LYS VAN GRATIS EKSEMPLARE WAT UITGESTUUR IS | 85 |
| BYLAE 6 | : | LITURGIESE ORRELMUSIEK BAND 3 | 87 |
| BYLAE 7 | : | KONSEP VIR LITURGIESE ORRELMUSIEK BAND 3 | 91 |
| BYLAE 8 | : | OOREENKOMS | 94 |
| BYLAE 9 | : | LITURGIESE ORRELMUSIEK | 96 |
| BYLAE 10 | : | BESTAANDE VERWERKINGS | 97 |
| BYLAE 11 | : | MOONTLIKHEDE VIR NUWE KORAAL=VERWERKINGS | 99 |
| BYLAE 12 | : | PRAGBUNDEL VUL LEEMTE IN KERK=MUSIEK AAN. | 101 |
| BYLAE 13 | : | VERSAMELING VAN ORRELWERKE : 'n BAIE BELANGRIKE GEBEURTENIS | 102 |
| BYLAE 14 | : | TWEEDE BAND VAN LITURGIESE ORREL=MUSIEK PAS VERSKYN | 103 |
| BYLAE 15 | : | WAT KAN EK SPEEL? VIR DIE MUSIEKLEIER | 108 |
| BYLAE 16 | : | WAT KAN EK SPEEL? VIR DIE MUSIEKLEIER | 113 |
| BYLAE 17 | : | WAT KAN EK SPEEL? VIR DIE MUSIEKLEIER | 114 |
| BYLAE 18 | : | WAT KAN EK SPEEL? VIR DIE MUSIEKLEIER | 115 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| BYLAE 19 | : | BRIEF UITGESTUUR AAN ORRELDOSENTE | 116 |
| BYLAE 20 | : | LITURGIESE ORRELMUSIEK - KRITIEK EN AANBEVELINGS | 117 |
| BYLAE 21 | : | 'n INDELING VAN DIE KORAALMELODIEë WAT IN BANDE 1 TOT 6 VOORKOM, VOLGENS DIE TRINITARIESE INDELING VAN DIE GESANGBOEK MET INAGNEMING VAN DIE DUPLISERING VAN DIE MELODIEë | 118 |
| BYLAE 22 | : | 'n LYS VAN BESKIKBARE VERWERKINGS VAN KORAALMELODIEë UIT DIE AGB 1978, WAT IN BANDE 1 TOT 6 VERVAT IS | 119 |
| BYLAE 23 | : | 'n LYS VAN WERKE IN MODERNE SKRYF= STYL (ATONAAL OF BITONAAL) | 123 |
| BYLAE 24 | : | 'n INDELING VAN DIE MAKLIKER KORAAL= VOORSPELE IN DIE SES BANDE | 124 |
| BYLAE 25 | : | 'n INDELING VAN INGEWIKKELDER KORAAL= VOORSPELE | 128 |

# INLEIDING

Die reeks **Liturgiese Orrelmusiek** bestaan uit komposisies op melodieë uit die AGB van 1943 (Band 1) en die AGB van 1978 (Band 2 tot 6). Dit is 'n aantaal voor-, tussen- en naspele vir erediensgebruik.

Hierdie studie is 'n noodsaaklike ondersoek na die bestaans=reg en waarde van die publikasie om sodoende die samestel=ling van toekomstige publikasies te kontroleer. Die navor=singsontwerp behels 'n navorsing van die historiese agtergrond wat daartoe aanleiding gegee het dat die reeks ontstaan het. Hierdie historiese aanloop en die redaksionele werks=metode is nagevors deur middel van onderhoude en telefoniese gesprekke wat met die samestellers gevoer is. Vraelyste (Bylae 1) is aan die samestellers uitgestuur om spesifieke inligting te verkry, waarby die respondente briewe met by=komende inligting saamgestuur het. 'n Diepgaande studie is ook van die beskikbare historiese gegewens, soos verkry deur argiefwerk, tydskrifartikels, resensies en notules, ge=doen.

Die gebruik en sukses al dan nie van **Liturgiese Orrelmusiek** Bande 1 tot 6, is bepaal deur die beantwoording van 'n vrae=lys (Bylae 2) wat aan praktiserende orreliste in die vier provinsies van die Republiek van Suid-Afrika gestuur is. Aangesien Band 6 ten tye van die ondersoek pas verskyn het, het 'n groot aantal orreliste dit nog nie besit nie en kon slegs 'n geringe hoeveelheid die vrae ten opsigte hiervan beantwoord. 'n Behoeftebepaling is van **Liturgiese Orrelmu=siek** gemaak ten opsigte van sekere momente van die kerklike jaar waaroor daar 'n leemte bestaan.

Die bevindinge wat uit die vraelyste gemaak is vind aansluiting by 'n evaluering van al die koraalvoorspele in die ses bande met betrekking tot musikale inhoud, geskiktheid vir erediensgebruik met inagneming van liturgiese norme en moeilikheidsgraad vir die praktiese beoefening deur die gemiddelde kerkorrelis.

Deur middel van al hierdie gegewens kon bepaal word of die bande aan die oorspronklike doelstelling voldoen en kon 'n bevinding oor die kwaliteit van die bande asook die aanvraag, sowel as aanbevelings vir toekomstige bundels, gemaak word.

# AFDELING A
# HISTORIESE OORSIG

# DEEL I

## OORSPRONG

Die bundel **Liturgiese Orrelmusiek** het ontstaan vanuit die musiekdepartement van die Universiteit van die Oranje-Vry= staat. In die jare voor 1970 het daar 'n behoefte by Bloem= fonteinse orreliste ontstaan om koraalvoorspele op die melo= dieë van die destydse Afrikaanse Psalm- en Gesangboek (AGB) van 1943 tydens eredienste te gebruik. Hierdie behoefte is deur die samestellers van die eerste band, prof. J.J.K. Kloppers en mev. B.P. Louw, gedeel. Laasgenoemde was alreeds 'n geesdriftige versamelaar van bruikbare koraalvoor= spele. 'n Vergadering is by haar aan huis gehou, waar orreliste hul versamelings geskikte orrelmusiek byeengebring het om die inhoud daarvan te vergelyk. Aangesien privaat versamelings van gefotokopieerde werke onwenslik is, het die lede van die vergadering versoek dat hierdie versamelings gepubliseer moet word. Ondanks die feit dat verwerkings wél geskryf en gepubliseer was, is die werke wat op melo= dieë uit die AGB van 1943 gebaseer is in so baie boeke ver= sprei, dat dit onprakties is vir algemene gebruik. Baie van die verwerkings in die boeke is egter ook op melodieë wat nie deel vorm van die AGB van 1943 nie (Kloppers, 1990: Brief). Ds. J.E. Lombaard het op 'n vroeë stadium ook die wenslikheid van verwerkings op kerkliedere wat in die Ned. Gerf. Kerke gesing word, by mev. Louw aangemoedig (Louw, 1990:Brief).

Volgens Acta 1970 (94) het die sinode daarop aangedring om weg te doen met tradisionele dode- en huweliksmarse (OVS Sinode, 1975:453). Hierdie handeling veronderstel die af= skaffing van die huweliksmarse deur Mendelssohn en Wagner,

asook die dodemars van Handel. Sowel mev. Louw as prof. Kloppers het dit as 'n dringende taak beskou om vanuit die vergadering van Bloemfonteinse orreliste en die behoefte aan geskikte orrelmusiek vir huweliks- en begrafnisdienste, 'n bundel vir hierdie doel saam te stel wat "bestaande teks-ge= baseerde materiaal" bevat (Kloppers, 1990:Brief). Hierdie werk is volgens prof. Kloppers aangepak "mét die morele steun en wenke van die Bloemfonteinse orreliste."

Prof. C. Swanepoel, eertydse departementshoof van die Musiek= departement, het hom beywer vir 'n Instituut vir Kerkmusiek aan die UOVS. Sy ideaal was om dit 'n gesamentlike onder= neming van die NGK in die OVS en die Universiteit van die OVS te maak. Die NGK in die OVS het 'n kommissie benoem wat, totdat die Instituut gerealiseer het, leiding kon bied ten opsigte van Kerkmusiek en Liturgie en ander verwante aangeleenthede. Hierdie kommissie het uit die volgende lede bestaan: Ds. J.E. Lombaard (sameroeper), prof. J.J.K. Kloppers, mnr. D.I.C. de Villiers, prof. C. Swanepoel, ds. H.P. Basson, ds. D.P. Myburgh en mnr. D. Jacobs (Kloppers, 1990:Brief). Tydens die eerste vergadering van die Sinodale Kommissie in verband met die Instituut vir Kerkmusiek aan die UOVS gehou te Bloemfontein op 23 Mei 1972, is ds. J.E. Lombaard as voorsitter gekies en ds. D.P. Myburgh is as sekretaris aangewys (Notule, SEK, 1972-05-23).

Die Sinode in die OVS het op aanvaarbare alternatiewe vir die gebruiklike huweliks- en dodemarse aangedring en daar= om het die samestelling van so 'n bundel 'n logiese taak van die kommissie geword. Aangesien prof. J.J.K. Kloppers en mev. B.P. Louw, albei dosente in musiek aan die UOVS, alreeds op private vlak hierdie behoefte raakgesien het en besig was met aanvoorwerk vir so 'n bundel, is hulle gevra

om as samestellers van 'n reeks vir liturgiese gebruik, op te tree. Ds. Lombaard het die samestellers ingelig dat daar fondse vanaf die Sinodale Kommissie bewillig sal word om die reeks te publiseer. Die kommissie sou self ook as uitgewer dien. Mnr. D.I.C. de Villiers het aanbeveel dat **Studio Holland** as drukkery gebruik word, vanweë die kwali= teit, lae tariewe en aangename diens (Kloppers, 1990:Brief; Louw, 1990:Brief). Tydens die eerste vergadering van die Sinodale Kommissie op 23 Mei 1972, kon mnr. De Villiers van= uit 'n telefoniese gesprek die volgende besonderhede aan die kommissie voorhou: "'n Musiekbundel van 40 bladsye waarvan die grootte 13" x 8½" is, sal vir 'n bedrag van R1000 - R1200 vir 1000 kopieë gedruk kan word. Indien dit 48 bladsye beslaan, sal die koste tussen R1 350 tot 'n maksimum van R1 500 beloop. Mnr. Van Es, van 'Studio Holland', waar= borg dat die musiek volgens internasionale standaard geskryf en geteken sal word en die proeflees sal deur die kommissie gedoen word. Indien die manuskrip in September voorsien word, sal die publikasie teen die einde van Februarie 1973 gereed wees. Voortvloeiend hieruit besluit die kommissie dat die bundel uit 48 bladsye sal bestaan en dat daar voor= siening gemaak sal word vir huweliks- sowel as begrafnis= musiek." Die keuring van die musiek is voorts deur die kommissie aan prof. Kloppers en mev. Louw opgedra (Notule, SEK:1972-05-23).

Met die gunstige omstandighede rondom die aanvraag vir so 'n bundel en die finansiële bemiddeling vir so 'n projek, was die suksesvolle publikasie 'n byna logiese uitvloeisel. Deur hierdie reeks kon geskikte gebruiksmusiek vir die ere= diens aan kerkrade en orreliste, teen 'n betreklik goedkoop tarief, daargestel word (Louw, 1990:Vraelys).

# DEEL II

# METODE VAN SAMESTELLING

## BANDE 1 EN 2

Die Sinodale Kommissie in verband met die Instituut vir Kerk=musiek aan die UOVS het opdrag gegee dat 'n bundel van geskikte orrelmusiek vir huweliksbevestigings en begrafnis=dienste saamgestel word. Tydens die eerste vergadering op 23 Mei 1972, word prof. J.J.K. Kloppers en mev. B.P. Louw versoek om hiermee te begin (Notule, SEK:1972-05-23). Hulle het die opdrag vrywilliglik aanvaar en het die projek in hul vrye beskikbare tyd en sonder besoldiging aangepak as 'n diens aan die kerk, aangesien die Instituut vir Kerk=musiek aan die UOVS nog nie bestaan het nie (Kloppers, 1990:Brief).

Die eerste band is saamgestel uit reeds bestaande komposisies, omdat dit op daardie stadium finansieel hanteer kon word en ook vanweë die groot behoefte aan beskikbare alternatiewe vir huweliks- en begrafnisgebruik. Aangesien die AGB van 1943 min liedere bevat het wat spesifiek oor hierdie aspekte handel, is geskikte musiek wat die karakter van hierdie dienste in die teks uitbeeld nagegaan vir moontlike gebruik (Kloppers, 1990:Brief). Soos die voorwoord tot Band 1 aandui, is die huweliksmusiek van 'n "feestelik-lof=singende" karakter en die begrafnismusiek gerig op "Christe=like vertroosting." Die samestellers het dit goedgedink om transkripsies te voorsien waar genoegsame materiaal kort=gekom het, omdat baie orrelmusiek reeds transkripsies is - J.S. Bach het self ook talle transkripsies gedoen (Voorwoord, Band 1).

Die samestellers het vervolgens 'n lys van werke wat vir die eerste bundel oorweeg is, saamgestel (Bylae 3). Die uitgewers van die reeks gepubliseerde musiek is om toestem= ming gevra, sodat hierdie komposisies in die beplande nuwe bundel gepubliseer kon word. Hierdie uitgewers was:

C.F. Peters, Frankfurt, Duitsland;
Wagenaar, Utrecht, Nederland;
Singspiration Inc., Zondervan, Michigan;
Verlages Merseburger, Berlyn; en
Theodore Presser, Bryn Maws, Pennsylvania, VSA.

Bogenoemde uitgewers het sonder uitsondering hul toestemming verleen (Argiefmateriaal). Omdat die bundels vir 'n wye groep orreliste bedoel was, is voorstelle ten opsigte van registrasie, artikulasie en tempo deur die samestellers voor= sien (Louw, 1990:Brief). Hierdie aanduidings moet slegs as hulpmiddel tot uitvoering gesien word, omdat die register= samestelling van orrels so verskillend is (Voorwoord, Band 1).

Volgens prof. J.J.K. Kloppers is die dwarsformaat die mees praktiese vir orrelspel, omdat die meeste orrels 'n hoë boek= staander het. Die boek is effens groter as dié van **Peters - Verlag** om dit makliker leesbaar te maak. Daar is ook gepoog om genoeg inligting per bladsy te voorsien en dat die omblaai prakties uitvoerbaar moet wees. Laasgenoemde het die volgorde van die werke beïnvloed. Die samestellers het dit baie belangrik ge-ag dat die bundel sterk en duur= saam moet wees. Daarom is dit van 'n harde omslag met die stewige plastiese omhulsel voorsien. Estetiese aantrek= likheid is ook as vereiste gestel (Kloppers, 1990:Brief). Mev. E.S. Meÿer, 'n kennis van prof. Kloppers, het die voor= bladontwerp gedoen (Voorwoord, Band 1; Louw, 1990: Onderhoud). Die buitebland van die reeks bande is van

'n goue ontwerp op 'n wit agtergrond voorsien om sodoende 'n feestelike karakter daaraan te verleen (Kloppers, 1990: Brief). Die titel is deur prof. Kloppers, na aanleiding van die Duitse orrelboeke, **Liturgische Kirchenmusik**, gegee (Louw, 1990:Onderhoud).

Op 30 Augustus 1972 was die voltooide manuskrip gereed vir die drukproses. Saam met die manuskrip is ook 'n brief met tegniese besonderhede aan mnr. G.J. van Es van **Studio Holland** gestuur. Tydens die derde vergadering van die Sinodale Kommissie in verband met die Instituut vir Kerkmu= siek aan die UOVS op 13 September 1972, lewer prof. Kloppers verslag. Hierbenewens stel mnr. De Villiers voor dat 'n versoek tot mnr. Van Es gerig word om die volgende aantal bundels, ongeag prysstygings, ook teen dieselfde tarief aan die kommissie te voorsien.' Mnr. De Villiers onderneem om mnr. Van Es self te kontak (Notule, SEK:1972-09-13).

Die volgende persone was behulpsaam met die redaksionele voorbereiding van die eerste bundel: mev. A.S. Coetzee, mejj. L. Kloppers, J. Naudé, M. Bester en S. Maré (Voorwoord, Band 1). By die terugontvangs van die eerste twee proef= eksemplare, moes die samestellers talle wysigings in formaat, samestelling en spasiëring doen. Dit het veroorsaak dat Band 1 eers ná die beplande tyd van Februarie 1973, kon verskyn. Prof. Kloppers het die derde proefeksemplaar by die vergadering van die Sinodale Kommissie op 16 Novem= ber 1972 ter tafel gelê vir kennisname. By hierdie eksem= plaar is aanbevelings in verband met beter groepering van die balke gedoen (Notule, SEK:1972-11-16).

Op 4 April 1973, versend **Studio Holland** die eerste filmproewe van Band 2 en op 26 April 1973 'n kleurproef van die voor= blad. Na die kontrolering van nog filmproewe en aanpas=

sings in die kostes, kon die finale proef op 13 Augustus 1973 aan die samestellers gestuur word. Prof. Kloppers rappor= teer alreeds op 'n vergadering van die kommissie op 15 Junie 1973, dat die finale proefbundel verwag word en dat die drukkoste van 2000 eksemplare R5 500.00 beloop. Die kom= missie besluit om die 2000 bundels te bestel en dit teen R5.50 per eksemplaar te verkoop. Op 'n vergadering van die kommissie op 16 November 1972, is besluit dat die Sondagskool Boekhandel gevra sal word om as verspreiders op 'n kommissie= basis op te tree. Dit sou aan hulle oorgedra word dat die Sinodale Kommissie self geen finansiële voordeel uit die publikasie van die bundel trek nie. Op 20 Maart 1973 word bevestig dat die Sondagskool Boekhandel as verspreiders sal optree (Notules, SEK:1973-03-20; 1974-04-04; 1973-04-26; 1973-06-15; 1973-07-13). Gedurende November 1973 word 'n eksemplaar aan die Staatsbiblioteek in Pretoria gestuur, waarop 'n ISBN nommer vir die bundel uitgereik is (Argiefma= teriaal; Notule, SEK:1974-05-13). By die vergadering van die Sinodale Kommissie van 13 Mei 1974, word berig dat 500 van die oorspronklike 2000 kopieë, verkoop is (Notule, SEK: 1974-05-13).

Die tweede **Liturgiese Orrelmusiek** word beplan om orrelmusiek vir die gebruik vóór, tydens en ná die erediens te bevat (Notule, SEK: 1972-09-13). Tydens 'n vergadering van die Sinodale Kom= missie in verband met die Instituut vir Kerkmusiek aan die UOVS op 16 November 1972, word prof. Kloppers vervolgens versoek om met die beplanning van hierdie bundel te begin (Notule, SEK:1972-11-16). Prof. Kloppers verwittig die kommissie, tydens 'n vergadering op 15 Junie 1073, dat die tweede bundel uit meer "gebruikte" psalms, byvoorbeeld Psalm 42 en 66, sal bestaan (Notule, SEK:1973-06-15). Volgens prof. Kloppers is die tweede bundel "as 'n naklank van ons Bloemfontein orreliste-versamelings van veelvoudige verwerkings op **een**

melodie", gebaseer. Prof. Kloppers het be-oog om 'n bundel vir elke lied in die AGB te voorsien, maar mev. Louw het egter nie die praktiese nut hiervan gesteun nie (Kloppers, 1990:Brief; Louw, 1990:Brief). Daar is spesifiek op die Geneefse melodie van Psalm 42 besluit, aangesien hierdie melodie in beide die Psalm- en Gesangbundel van 1943 voor= gekom het. Dit is volgens prof. Kloppers 'n "diepgewortelde melodie in die Afrikaanse kerke." Hy het ook die Goudimel-toonsettings en die Boehm variasies as belangrike komposisies beskou, wat sonder versuim aan orreliste ontsluit moes word. Prof. Kloppers het verder ondervind dat dit meer sinvol is om verwerkings van een psalm of gesang tydens 'n diens te speel, om sodoende die grondgedagte van die diens te beklemtoon (Kloppers, 1990:Brief). Die komposisies in die bundel is in twee toonsoorte alleen (F majeur en G majeur) saamgestel, sodat die komposisies as't ware variasies op een melodie vorm (Voorwoord, Band 2).

Op 'n vergadering van die Sinodale Kommissie is besluit om, benewens bestaande komposisies, ander komponiste mondeliks of skriftelik te skakel om nuwe verwerkings vir die tweede band te komponeer (Notule, SEK:1973-06-15). Prof. Kloppers het telefonies met al die musiekdepartemente aan die Afrikaan= se Universiteite en die Konserwatorium vir Musiek in Pretoria in verbinding getree, met 'n versoek dat belangstellende kom= poniste, komposisies op die genoemde melodie vir publikasie voorsien. Die volgende komponiste het werke gestuur: Rosa Nepgen, Willem Mathlener, Henk Temmingh, Joop Stam, Stefans Grové, Chris Lamprecht en Roelof Temmingh (Inhouds= opgawe, Band 2). Geeneen van die komposisies wat ontvang is, is afgekeur nie (Kloppers, 1990:Brief). Hoewel dit nie in die publikasie genoem word nie, het prof. Kloppers in sy brief melding gemaak dat hy die aanpassings op die Gou= dimel-motette en die Boehm-variasies gedoen het (Kloppers,

1990:Brief). Die versameling is saamgestel uit werke van verskillende moeilikheidsgraad, sodat 'n wye groep orreliste die bundel kan gebruik (Louw, 1990:Brief). Die werke verteenwoordig ook 'n verskeidenheid styltipes om in die smaak van die wye groep orreliste te val en om geleentheid aan Suid-Afrikaanse komponiste te gee om werke in die verband te voorsien (Kloppers, 1990:Brief). Persone betrokke by die redaksionele voorbereiding tot hierdie bundel, was prof. C. Swanepoel, mej. L. Kloppers en mej. J. Naudé (Voorwoord, Band 2).

Prof. Kloppers onderneem tydens 'n vergadering op 13 Mei 1974, om navraag te doen oor die wyse van vergoeding aan die komponiste wat komposisies voorsien het (Notule, SEK: 1974-05-13). Die samestellers moes weer eens toestemming van verskillende uitgewers, van buitelandse sowel as Suid-Afrikaanse komposisies, vir oordrukreg verkry (Argiefmate=riaal). Op 13 Mei 1974, word op 'n oplaag van 2000 kopieë besluit en dat 'n kwotasie hiervoor van **Studio Holland** verkry moet word (Notule, SEK:1974-05-13).

'n Konsepooreenkoms vir die publikasie en verspreiding van die reeks Liturgiese Orrelmusiek word op 19 Augustus 1975, ter tafel gelê. Mnr. De Villiers stel voor dat die kommissie self die tweede band publiseer en dat verspreidingstegnieke hersien moet word. Vervolgens word besluit dat die NGK Uitgewers dienooreenkomstig meegedeel sal word, aangesien daar reeds ooreenkomste met komponiste vir band 2 aangegaan is en omdat **Studio Holland** reeds ver gevorder het met die drukproses. Die NGK Uitgewers sal egter versoek word om behulpsaam te wees met die verspreiding van die bundels. Die voorsitter, ds. Lombaard sal ds. Van Zyl van die NGK Uitgewers, in hierdie verband persoonlik in kennis stel.

Die verkoopprys word voorlopig op R6.80 per eksemplaar bepaal. Ds. Lombaard onderneem ook om met die Staatsbi= blioteek te skakel vir die verkryging van 'n ISBN nommer vir band 2 (Notule, SEK:1975-08-19). Tydens die vergade= ring van 28 Oktober 1975 is aangedui dat die tweede band afgehandel is (Notule, SEK:1975-11.27).

Op 16 September 1975, word die kommissie vir die Instituut vir Kerkmusiek aan die UOVS ontbind. Dit staan vervolgens bekend as die Sinodale Kommissie vir die Erediens (OVS Sino= de, 1975:459). Op 24 September 1975 neem ds. Lombaard as sameroeper leiding in die konstituering van die kommissie, soos deur die sinode goedgekeur. Ds. J.E. Lombaard word as voorsitter gekies, ds. J.F. Botha as onder-voorsitter en ds. M.H. Heyns as sekretaris. Hierdie persone vorm die dagbestuur van die kommissie (Notule, SEK:1975-09-24). Die ander lede van die kommissie is, Ds. J.S.D. van der Merwe, ds. H.J. Smith, dr. H.W. de Jager, prof. C. Swane= poel, prof. J.J.K. Kloppers, ds. J.M.C. Horn, mev. B. Louw en mnr. D.I.C. de Villiers (Notule, SEK:1975-11-27).

'n Subkommissie bestaande uit die voorsitter van die Sinodale Kommissie vir die Erediens en die samestellers van **Liturgiese Orrelmusiek** word gevorm om klein aangeleenthede betreffende die publikasies te bespreek. Op 'n vergadering van hierdie sub-kommissie word die volgende besluite geneem:

* "dat die onderhandelinge met die agente in verband met die verspreiding van die **Liturgiese Orrelmusiek** deur die samestellers behartig word;
* dat die konsep-ooreenkoms in hierdie verband opgestel sal word en vir goedkeuring aan die voorsitter en onder-voorsitter voorgelê word (Bylae 4);

(Hierdie ooreenkoms is op 'n vergadering van 27 November 1975, goedgekeur maar nooit gebruik nie, omdat die NGK Uitgewers 'n eie keurder vir die werke wat moontlik geplaas gaan word, wou gebruik (Louw, 1990:Onderhoud).

* dat die versending van die eksemplare deur die Sondag=skool Boekhandel sal geskied en dat die versendingskoste deur die kommissie betaal sal word;

* dat die Sondagskool Boekhandel volgens mondelinge oor=eenkoms, die verpakking van die eksemplare sal afhandel teen 25c per eksemplaar en na die berging van die op=laag sal omsien;

* dat, indien daar bergingsprobleme by die Sondagskool Boekhandel opduik, die sinodale sentrum as alternatief oorweeg word;

* dat die Sondagskool Boekhandel wat die verspreiders van Band 1 was, op dieselfde voorwaardes betrek word as alle ander handelaars en dus van die kommissie soveel eksemplare as verlang word, sal ontvang;

* dat die musiekhandelaars een-derde van die kleinhandels=prys van R6.90 per eksemplaar as verkoopskommissie sal ontvang en die res by wyse van 'n jaarlikse afreke=ning aan hierdie kommissie sal uitbetaal ;

* dat waar moontlik, weë gevind sal word om groot hoe=veelhede versendings goedkoper na handelaars te stuur. In hierdie verband onderneem mnr. D.I.C. de Villiers om 'n groot aantal eksemplare met sy motor na Pretoria te neem; en

* dat die 20 eksemplare wat deur ds. J.S.D. van der Merwe geneem en tydens die sinodesitting versprei is, deur die samestellers in samewerking met die kerkkantoor finansieel afgehandel sal word" (Notule, SEK:1975-11-27).

Die eksemplare is vanuit die kommissie self versprei na han= delaars wat in die verkoop van die bundel belang gestel het. Die volgende handelaars het die **Liturgiese Orrelmusiek= bande** vir verkoping aangebied:

Die Sondagskool Boekhandel, Bloemfontein;
HAUM Boekhandel, Pretoria;
Pro Rege, Potchefstroom;
Piano House, Windhoek;
T. Wever, Stellenbosch;
Kantoor van Publikasie van die Gereformeerde Kerk, Noordbrug;
Michaels Record Centers, Port Elizabeth;
Criterion Publishers, Pretoria;
Harry Lucas Piano Saloon, Pretoria;
NGK Boekhandel; en
Music Munns.

Eksemplare is aan die volgende buitelandse uitgewers gestuur: C.F. Peters Musikverlag, Wes-Duitsland; Möseler Verlag, Wes-Duitsland en Theologischer Verlag, Zürich (Argiefmateriaal). Gratis eksemplare is ook aan individue gestuur (Bylae 5).

Die moontlikheid om die persoon wat aangestel sou word aan die Instituut vir die bevordering van Kerkmusiek aan die UOVS, by die kommissie te koöpteer is by die vergadering van 28 Oktober 1975, genoem. Die kommissie verwys prof. Swanepoel na prof. Gawie Cillié as 'n moontlike persoon om die pos te beklee. By die vergadering gehou op 27 Novem= ber 1975, rapporteer prof. Swanepoel dat die UOVS nie geneë is om die Instituut in die lewe te roep nie en hy kon daar= om nie 'n ooreenkoms op 'n vaste grondslag met prof. Cillié aangaan nie. Die kommissie besluit om self befondsing vir so 'n pos te bekom. Mnr. De Villiers onderneem om prof. Cillié te skakel in verband met die betrekking (Notule, SEK:1975-11-27). Eers op 11 Februarie 1977 kon die kommis=

sie kennis neem van die totstandkoming van hierdie betrekking aan die UOVS en dat prof. Gawie Cillié bereid was om hier=die betrekking te aanvaar. Prof. Swanepoel meld dat geen fondse van die kommissie vir die salarisvergoeding van hier=die betrekking gebruik word nie, aangesien die Universiteit die volle finansiële besoldiging daarvan dra. Die kommissie voorsien wel 'n bedrag van R3 000 aan die musiekdepartement, maar dit sal slegs vir die kerklike werk aan die musiekde=partement aangewend word (Notule, SEK:1977-02-11).

## Bande 3 tot 5

Alleen komponiste wat oor die kreatiewe vermoëns beskik het om musiek vir die erediens te komponeer, veral diegene wat self praktiserende orreliste was, is as komponiste vir die Liturgiese Orrelmusiek Bande 3 tot 5, geïdentifiseer. Hoewel sekere werke van komponiste buite hierdie vereistes baie voortreflik was, was dit òf te lank òf te moeilik vir die doel. Hierdie komponiste lewer werke wat eerder vir konsertdoeleindes geskik is, as vir liturgiese gebruik. Voorkeur is aan die praktiserende-orrelis-komponiste gegee, omdat diegene "'n groter aanvoeling vir die behoeftes van die deursnee kerkorrelis het." Dit is aan die komponiste duidelik gestel dat die voorspele vir gebruik tydens die erediens is en nie vir konsertdoeleindes nie.

Die teksinhoud van die betrokke koraal moes noodwendig 'n groot rol speel by die bepaling van vorm, styl en karakter van die verwerkings (Louw, 1990:Vraelys). Spesifieke psalms en gesange is aan die komponiste voorgehou as moontlikhede vir verwerking, maar daar is ook 'n mate van vryheid gelaat in die keuse van die koraal (Cillié, 1990:Vraelys). Die

samestellers het by die betrokke liedere aan die komponiste gespesifiseer of dit 'n voor-, tussen-, of naspel moes wees (Louw, 1990:Onderhoud). Beide prof. Cillié en mev. Louw was dit eens dat die komponiste, werke vir die orrelis met 'n gemiddelde vermoë moes komponeer. Prof. Cillié noem die "matig-bedrewe orrelis" en mev. Louw "die gemiddelde tot swak orrelis." Al die werke wat ontvang is, is deur 'n keurpaneel, bestaande uit orreldosente aan die UOVS indi= vidueel en gesamentlik voorgespeel, bespreek en gekeur (Louw, 1990:Vraelys; Cillié, 1990:Vraelys). Aangesien nie al die komponiste hul by die voorgestelde aanbevelings vir die verwerkings gehou het nie, kon die voorafbeplande uitleg nie altyd realiseer nie. Die stygende drukkoste het verder ook die samestellers genoodsaak om aan die oorspronklike beplande inhoud te verander (Louw, 1990:Brief).

Hoewel die hoofdoel van die bundels die voorsiening van paslike orrelmusiek vir gebruik in die erediens was, meld prof. Albert Troskie van die Universiteit van Port Elizabeth, dat sekere van die werke ook vir eksamendoeleindes voorge= skryf kan word. Prof. Cillié het hierdie moontlikheid met prof. Potgieter en mnr. Dirkie de Villiers bespreek, wat hierdie voorstel gesteun het. Prof. Troskie het hierdie voorstel per brief aan mnr. Hennie Joubert, destydse Direkteur van Musiekeksamens aan UNISA, gedoen. Mnr. Joubert het hom in die saak gesteun en tydens die bekendstelling van die bundel by 'n kerkmusiekkongres, word die kursusgangers meegedeel dat sommige van die werke vir die UNISA-eksamens voorgeskryf gaan word (Argiefmateriaal).

Die formaat vir bande 3 tot 5 is uniformiteitsonthalwe so behou en omdat die samestellers dit as die mees geskikte formaat vir orreldoeleindes beskou het (Louw, 1990:Vraelys; Cillié, 1990:Vraelys).

Aangesien die kommissie op 4 Maart 1976 nog beoog het om self die pos aan die Instituut vir Kerkmusiek aan die UOVS finansieel te onderhou, word daar tydens hierdie vergadering besluit om nie dadelik met die derde band in hierdie reeks te begin nie, vanweë 'n tekort aan fondse (Notule, SEK:1976-03-04). In die tydsverloop tussen 26 Augustus 1977 en 26 April 1978 (volgens die notules), is 'n brief aan die lede van die kommissie geskryf waarin daar 'n moontlike kompetisie aangebied kon word vir gepaste orrelmusiek vir die kerkjaar. Dit kon bepian word om "pryse aan te bied aan komponiste wat geskikte en aanvaarbare orrelmusiek vir opname in Band 3 instuur" (Brief aan kommissielede, [s.a.]). Hierdie plan was slegs 'n suggestie van die kant van die voorsitter van die kommissie, maar het nooit tot uitvoer gekom nie (Louw, 1990:Onderhoud).

Aanvanklik is 'n lys, vanuit die nuwe Psalm- en Gesangbundel van 1978 saamgestel, wat as moontlike gesange vir verwer= king kon dien (Bylae 6; Argiefmateriaal). "Na die versky= ning van die AGB van 1978, het daar vir ons 'n groot skat van nuwe publikasiemoontlikhede oopgegaan. Prof. Cillié was entoesiasties en baie daarop ingestel dat ons meer ge= bruik sou maak van die werk van Suid-Afrikaanse komponiste" (Argiefmateriaal; Louw, 1990:Onderhoud). Die konsep vir Liturgiese Orrelmusiek Band 3, het uit 'n meerderheid van werke vanuit eie bodem bestaan (Bylae 7; Louw, 1990:Brief).

'n Verdere motivering vir die beplanning van 'n volgende bundel is in 'n verslag oor die werksaamhede van die Afde= ling Kerkmusiek aan die UOVS as volg uiteengesit: "Waar die verbetering van ons kerkmusiek die oorkoepelende taak van hierdie afdeling is en waar orreliste oor die algemeen groot probleme ondervind om geskikte kerkorrelstukke in die hande te kry, geniet die beskikbaarstelling van sulke

musiek by ons hoë prioriteit..." "Waar daar in die nuwe Gesangboek 'n groot aantal melodieë tot ons kerk se liedere=skat toegevoeg word, is dit noodsaaklik dat verdere koraal=voorspele gebaseer op hierdie melodieë vir ons orreliste be=skikbaar word." Daar is beplan om die bundel vroeg in 1979 te laat verskyn (Verslag, Afdeling Kerkmusiek:Januarie 1977).

Tydens 'n vergadering van die Sinodale Eredienskommissie van die NGK in die OVS, gehou op 26 April 1978, is 'n konsep vir die publikasie van Band 3 aan die kommissie voorgehou. Prof. Cillié verduidelik op hierdie vergadering dat die bun=del uit ongeveer 30 voorspele sal bestaan, gebaseer op ge=sange van die nuwe Gesangbundel, vir gebruik dwarsdeur die jaar. Suid-Afrikaanse komponiste sal R100.00 per koraal=voorspel ontvang, vir die lewering van 'n komposisie, of dit gepubliseer word of nie (Louw, 1990:Onderhoud). Daar=mee sal die komponis outeursreg van die werk aan die kom=missie oordra. Vorms van die ooreenkoms is van mnr. Jan Pretorius van die firma Naudé en Naudé aangevra (Bylae 8). Hierdie finansiële uitgawe van R16 000.00 is deur die UOVS-fonds gedek, wat opgebou is uit bydraes van die NGK in die OVS aan die Universiteit, vir die bevordering van Kerkmusiek. Die inkomste uit die verkope van die bundel, is aan die UOVS-fonds terugbetaal. Die vergadering het vervolgens besluit dat prof. Cillié, prof. J.H. Potgieter (nuut aangestel as Departementshoof in Musiek, UOVS) en mev. Louw, die publikasie van die bundel sal hanteer ten opsigte van drukkoste, omvang, inhoud, titel, verkoopprys en ver=spreiding. Ander persone kon by hierdie sub-kommissie gekoöpteer word om behulpsaam te wees met die keuring van die werke vir publikasie (Notule, SEK:1978-04-25). Die verslag van die Afdeling Kerkmusiek aan die UOVS maak

melding van 'n dertigtal Suid-Afrikaanse komponiste wat ge=nader is vir die voorsiening van werke vir Band 3 (Verslag, Afdeling Kerkmusiek:Januarie 1977). Die volgende persone is moontlik vir hierdie doel genader: (Argiefmateriaal)

| | |
|---|---|
| Hans Babst | Winfried Lüdemann |
| Bennie Bierman | Pierre Malan |
| Eddie Davey | Willem Mathlener |
| Dirkie de Villiers | Graham Newcater |
| Pieter de Villiers | Gerrit Olivier |
| Hubert du Plessis | Hans Roosenschoon |
| Gideon Fagan | Henk Temmingh |
| Izak Grové | Roelof Temmingh |
| Stefans Grové | Albert Troskie |
| Jakobus Kloppers | Pieter van der Westhuizen |
| Kori Koornhof | Wim Viljoen |
| Chris Lamprecht | Willem Zorgman |

Nadat die werke gekeur is, kon Band 3 se beplanning op die vergadering van 12 Oktober 1978 as volg daar uit sien: 72 bladsye musiek wat bestaan uit 19 koraalvoorspele, waar=van die gekwoteerde prys R8 400.00 vir 60 bladsye sou beloop. Elke addisionele 4 bladsye sou R400.00 kos (Notule, SEK:1978-10-12). Liturgiese Orrelmusiek Band 3 was in Maart 1979 gereed vir verspreiding (Notule, SEK:1979-03-15).

Bande 4 en 5 is op dieselfde werkspatroon as Band 3 saamge=stel. Op 25 Oktober 1979, sien die Sinodale Eredienskommis=sie, wat as dagbestuur sal optree en die reg het om lede uit die kommissie te koöpteer, as volg daar uit: Ds. J. Horn (Voorsitter), ds. J.F. Botha (Onder-Voorsitter) en mev. B. Louw (Skriba). Ander lede van die kommissie was: Ds. J.J.M. Raubenheimer (Bloemfontein), ds. G.P. Terblanché (Bloemfontein), ds. J.J. Louw (Heilbron), ds. P.A. Pretorius

(Fouriesburg), ds. J.E. Terblanché (Trompsburg), prof. J.H. Potgieter, prof. G.G. Cillié en mnr. D.I.C. de Villiers. Tydens hierdie vergadering word daar aan die samestellers toestemming verleen om voort te gaan met die beplanning van Liturgiese Orrelmusiek Band 4. Die koste sou verhaal word uit die musiekfonds van die NGK in die OVS. Die manuskrip kon by die drukkers in aanmerking kom vir 'n verminderde tarief (Notule, SEK:1979-10-15). Gedurende Februarie 1980 was Band 4 byna gereed vir die drukkers en daar is beplan om dit gedurende Oktobermaand vry te stel (Notule, SEK:1980-02-29). Die publikasiekoste aan Band 4 het R12 840.00 beloop, (2000 eksemplare @ R6.42 elk) (Ar= giefmateriaal).

Nadat daar op 6 Maart 1981, bevestig is dat die bedankings= briewe aangaande die samestelling en bekendstelling van Band 4 afgehandel is, word daar by die Sinodale Kommissie= vergaderings, weinig melding van Band 5 gemaak, moontlik omdat daar sedert 1982 slegs een vergadering per jaar plaas= gevind het. Vergaderings van die samestellers is nie geno= tuleer nie (Strydom, 1990:Onderhoud). Die kommissie bestaan gedurende 1984 uit die volgende lede: Ds. J.J.M. Raubenhei= mer (voorsitter), ds. J.E. Terblanché, ds. P.A. Pretorius, ds. G.P. Terblanché, ds. M.C. Strydom, ds. C.L. van der Merwe, ds. L.C. Dressel, prof. J.J. de Klerk, prof. J.H. Potgieter, mnr. D.I.C. de Villiers, mnr. G.P. Lamprecht en prop. W.M.L. Strydom (skriba). Prop. Strydom was die eerste voltydse dosent in Kerkmusiek aan die Departement Musiek, UOVS en hy dien in 'n adviserende hoedanigheid op die kommissie (OVS Sinode, 1983:833). Hy noem tydens die vergadering van 2 en 3 Februarie 1984, dat Band 5 op 10 Februarie 1984 van die drukkers verwag word (Notule, SEK: 1984-02-2 en 3). Die Sinodale Kommissie vir die erediens lewer aan die Sinode van die NGK in die OVS op 7 September

verslag, waarin daar genoem word dat Band 5 nie net vir gemeentelike gebruik bedoel is nie, maar ook ten opsigte van die onderwys, op skool- en universitêre vlak (OVS Sinode, 1987:352).

## BAND 6

Op 10 September 1986 word daar die eerste keer ná die ver= skyning van Band 5 weer melding van die Liturgiese Orrel= musiekbande, by die vergaderings van die Sinodale Erediens= kommissie, gemaak. By die vergadering van 27 Februarie 1987, word die skriba, prop. W.M.L. Strydom versoek, om voorlopige kwotasies vir die nuwe formaat van **Liturgiese Orrelmusiek** Band 6, te soek. 'n Formaat wat uit 'n sagte omslag sou bestaan en met ringlêergaatjies is op hierdie stadium beplan, sodat toekomstige uitgawes saam in 'n lêer gebind kon word. Drie koraalvoorspele is per band beplan (Notule, SEK:1987-02-27; Theron, 1990:Onderhoud). Daar is op hierdie formaat besluit vanweë die makliker hanteer= baarheid, die beskerming wat 'n lêer kon bied en omdat so 'n formaat goedkoper is (Strydom, 1990:Vraelys; Theron, 1990: Vraelys).

Tydens die voorbereiding van hierdie band, is daar 'n lys van komponiste gemaak wat alreeds bydraes tot die vorige bande gelewer het (Bylae 9) asook 'n lys van psalms en ge= sange, wat alreeds in die vorige bande opgeneem is (Bylae 10). Hieruit kon moontlike komponiste vir die nuwe publi= kasie geïdentifiseer word. 'n Lys van moontlike psalms en gesange vir die nuwe band, is ook opgestel (Bylae 11). Spesifieke komponiste is hierna vanuit hul positiewe reaksies uit die verlede en hul belangstelling in die komposisie van koraalgebonde liturgiese orrelwerke genader (Strydom, 1990: Vraelys; Theron, 1990:Vraelys). Vervolgens is 'n brief saam=

...stel waarin hierdie komponiste vir hul samewerking gevra ...rd. Die komponiste aan wie hierdie brief gestuur is,

...nr. Hans Babst, Potchefstroom;
...r. Izak Grové, Bloemfontein;
Prof. Chris Lamprecht, Pretoria;
Prof. J.H. Potgieter, Bloemfontein;
Prof. Henk Temmingh, Potchefstroom;
Mnr. Cor Vermaas, Silverton;
Mnr. Nicol Viljoen, Bloemfontein;
Dr. Wim Viljoen, Pretoria;
Mnr. Pierre Malan, Die Wilgers; en
Dr. Gerrit Olivier, Pretoria (Argiefmateriaal).

Die brief aan die komponiste, gedateer 20 November 1987, lui soos volg: (Argiefmateriaal)

"Geagte

Ons is besig met beplanning vir 'n volgende uitgawe van ons reeks **Liturgiese Orrelmusiek.** Ons sou dit dus baie hoog op prys stel as u dit moontlik kan vind om weer u samewerking te gee deur vir ons een of meer koraalverwer= kings voor te berei.

As gevolg van die ekonomiese situasie in ons land, was dit vir ons nodig om vir onsself rekenskap te gee of daar 'n kopersmark vir so 'n uitgawe sal wees. Dit gaan onses insiens basies dáárom dat so 'n versameling koraalverwerkings nie te duur moet wees nie, en veral werklik in die behoeftes van kerkorreliste moet voorsien. Omdat daar blykbaar slegs in sommige sentra omvattend van hierdie bande gebruik

gemaak word vir onderrigdoeleindes, sal ons by die samestel= ling móét konsentreer op liturgiese bruikbaarheid. Nadat ons vir onsself indringend en gebalanseerd van al die faset= te rekenskap probeer gee het, het 'n aantal belangrike vereis= tes dus vir so 'n versameling - en daarom vir elke individuele koraalverwerking - uitgekristalliseer:

1 Die komposisies moet musikaal en esteties bevredig sonder om tegnies te moeilik te wees. Dit lyk vir ons asof die orrelis met gemiddelde tegniese vermoëns ons maat= staf sal moet wees om die projek finansieel te laat slaag (ons maak self geen wins nie!). Ons word ook gedwing om 'n meer ekonomiese formaat te laat druk. Dit behels onder andere minder stukke per band. Daarom des te meer moet die moeilikheidsgraad so gelykmatig as moontlik bly.

2 Die musikale styl en idioom wat aangewend word, sal deurgaans só moet wees dat dit liturgies sal kommunikeer, m.a.w. dat gemeentes daardeur aangespreek sal word. Natuurlik beteken dit nie dat ons die onderste laag van die spektrum as mikpunt neem nie! Ons doel moet 'verhewe liturgiese volkskuns' wees.

3 Daar is blykbaar behoefte aan:

3.1 Voorspele. Liefs in partitavorm, met 'n minimum van vier variasies. Dit lyk of die klem hier moet lê.

3.2 Tussenspele (tydens offergawe) - 'n gemiddelde lengte van 3-4 minute.

3.3 Kort, feestelike naspele, alhoewel dit blykbaar nie die groot behoefte is nie.

U is vry om u koraalverwerking te voorsien van 'n har= monisasie wat bo-aan afgedruk kan word. Dit moet kan dien as inleidende 'bekendstelling' van die koraal, moet ook geskik wees vir gemeentesangbegeleiding en moet aanpas by u karakteristieke styl.

4 Ons sluit vir u 'n lys van melodieë in waarop geen of min koraalverwerkings algemeen verkrygbaar is. Ons merk ook dié waaraan daar, volgens die aanduidings wat ons het, die grootste behoefte is. Ons sal dit waardeer as u, wanneer u u keuse gemaak het, vir ons 'n aanduiding daarvan kan gee, sodat ons die dinge kan korreleer. Stuur vir ons vier of vyf voorkeure, dan laat ons vir u weet aan watter u spesifiek moet werk. Voltooi dus asseblief ingeslote vorm en besorg dit aan ons vóór **1 Februarie 1988.**

Indien u werk deur 'n paneel van keurders aanvaar word, sal 'n eenmalige bedrag van R250 per partita/R200 per koraalvoorspel van 3-4 minute/R150 per naspel aan u uitbetaal word ná publikasie, waarmee u dan die kopiereg op u werk aan ons afstaan. Geslaagde kom= posisies waarvoor daar dalk nie in Band 6 ruimte is nie, sal voorkeur kry by die samestelling van Band 7.

Baie dankie vir u vriendelike samewerking in die verlede. Ons vertrou dat ons weer op u sal kan staatmaak.

Die uwe,

W M LOUWRENS STRYDOM

---

LITURGIESE ORRELMUSIEK BAND VI

() Ek sal graag 'n orrelkoraalvoorspel wil komponeer. Die volgende is my voorkeurmelodieë:

Ps. .................... Ges. ..................
.................... ..................
.................... ..................
.................... ..................
.................... ..................

of

(b) ek sien nie kans om met hierdie projek saam te werk nie. (Skrap wat nie van toepassing is nie).

Naam: ........................ Tel. : ........
Adres: ....................... Datum: .......
.......................
.......................
Poskode: ......................"

'n Bedrag van R250.00, is per koraalverwerking aan die kom=poniste, van wie daar komposisies geplaas is, betaal (Argief=materiaal). Komposisies uit die lêers van die samestellers van die vorige bande, wat nie geplaas is nie, is weer eens onder oë geneem, maar geen van hierdie komposisies is egter gepubliseer nie (Theron, 1990:Onderhoud).

Soos in die verlede, het die keuringspaneel uit orreldosente aan die UOVS bestaan. Die kriteria tot keuring van kompo=sisies het bevat:

* Die aanpassing by die liturgiese jaar.

* Komposisies in 'n volkskunsstyl, 'n vereiste vir alle li=turgiese musiek.

* Musiekwetenskaplike aanvaarbaarheid.

* Estetiese waarde.

Soms was die samestellers genoodsaak om self 'n beslissende stem ten opsigte van spesifieke komposisies uit te bring (Stry=dom, 1990:Vraelys; Theron, 1990:Vraelys). Daar is gepoog om komposisies te kies wat die groot groep orreliste bevredig, sodat dit so wyd moontlik bruikbaar kon wees vir beide liturgiese- en onderrigdoeleindes (Strydom, 1990:Vraelys).

Die vergadering van 19 Februarie 1988 besluit om die kwota=sie van die Nasionale Boekdrukkery, van R5 420.00 vir 2000 eksemplare van 32 bladsye elk, te aanvaar. Die volgende vergadering was op 17 Februarie 1989, waar die kwotasie van R5.63 per kopie, voorgelê word. Daar word besluit om met die druk van die band voort te gaan (Notule, SEK: 1989-02-17), en die voltooide bundel, is op die vergadering van 9 Februarie 1990, aan die kommissie getoon (Notule, SEK:1990-02-09).

# DEEL III

## BEKENDSTELLING EN VERSPREIDING

Tydens die vergadering van die Sinodale Kommissie in ver=band met die Instituut vir Kerkmusiek aan die UOVS, op 16 November 1972, word besluit om al die gemeentes in die OVS te versoek om Band 1 van **Liturgiese Orrelmusiek** aan te koop. Daar word ook besluit om die **Sondagskool Boekhan=del** en die **Nasionale Boekhandel** te versoek om die bundel te adverteer. Die verspreiding van die bundel sou deur die **Sondagskool Boekhandel** waargeneem word. Die reklame is aan prof. Kloppers, prof. Swanepoel en mev. Louw opgedra en die versending van die advertensies is deur die kerkkan=toor waargeneem (Notule, SEK:1973-03-20). Hierdie lede het ook 'n ontvangsgeselligheid, vir die bundel gereël en nuusberigte is aan **Die Kerkbode, Die Kerkblad** en **Die Hervor=mer** gestuur (Notule, SEK:1973-06-15). Berigte wat die pu=blikasie van die bundel bespreek, het onderskeidelik gedu=rende Oktober 1973 in **die Volksblad** en Desember 1973 in **Die Burger**, verskyn (Bylae 12 en 13).

Op 13 Mei 1974, kom die volgende voorstelle uit die vergade=ring:

* Dat die SAUK versoek word om programme oor die bundel vanuit Bloemfontein aan te bied en dat 'n versoek aan die Streekdirekteur, Bloemfontein, soos volg moet lui: "dat die SAUK 'n kort reeks landswyd in die program **Sondagaand Tuis** oor dié bundel aanbied" en dat mnr. De Villiers 'n brief van die kommissie persoonlik sal oorhandig en die saak stel.

Dat die kommissie 'n voorstel aan die Sinode moet maak om 'n besluit in verband met die gebruik van die bundel te neem. Prof. Swanepoel stel voor dat dr. Serfontein versoek word om die bundel onder die aandag van die Algmene Sinode te bring.

Aangesien sommige orreliste nog onseker is waar om die bundel te koop, daar weer 'n skrywe aan die gemeen=tes gestuur sal word om die verspreiding sodoende te bespoedig.

Daar word besluit om 'n brief op te stel vir die afsen=ding van die bundel aan Konserwatoria en Musiekskole, mét bestelvorms en dat een gratis eksemplaar aan hier=die instansies, die brief sal vergesel.

Mnr. De Villiers onderneem om met die rubriekskrywer, Stephans Grové, in verbinding te tree met die oog op 'n artikel oor die bundel in die Sondagkoerant, **Rapport** en om aan hom 'n gratis eksemplaar te stuur. Positiewe reaksie is van hom terugontvang deurdat 'n rubriek wel geskryf is (Notule, SEK:1974-09-22).

Tydens bogenoemde vergadering word berig dat 500 van die oorspronklike 2000 eksemplare verkoop is (Notule, SEK:1974-05-13).

In opvolging op die voorstelle van die vergadering van Mei 1974, kon prof. Kloppers op 19 Augustus 1975, die kommissie meedeel dat die SAUK hom versoek het om 'n reeks programme oor Band 1 aan te bied. Daar word voorgestel om die pro=gram **Sondagaand Tuis**, soos vroeër besluit, hiervoor te ge=bruik (Notule, SEK:1975-08-19).

Soos reeds genoem het die kommissie in Augustus 1975 besluit om self as uitgewers vir die **Liturgiese Orrelmusiek** Band 2 op te tree en dat die NGK Uitgewers slegs behulpsaam sal wees met die verspreiding van die bundels. Die kommissie besluit dat "die tweede band deur middel van advertensies deur die samestellers in die amptelike kerkblaaie, resensies en geskenkeksemplare verder bekendgestel word en dat saam met alle advertensies, gelyktydig 'n lys sal verskyn van al die betrokke musiekhandelaars by wie die bundels verkryg=baar is" (Notule, SEK:1975-11-17).

Die notule van die Eredienskommissie van 4 Maart 1976, berig dat daar reeds resensies oor Band 2 in **Die Kerkbode, Die Rapport** (Bylae 14) en **Die Burger** verskyn het. Die resensie van **Die Volksblad** het vanweë personeelwisseling verlore geraak en daarom word mnr. De Villiers opnuut versoek om 'n resensie te skryf. Op 11 Februarie 1977, was daar nog 560 eksemplare van Band 1 beskikbaar en 1442 eksemplare van Band 2. Op hierdie stadium kon die uitgawes bo die inkomste gekrimp word tot R3 789.78 (Notule, SEK:1977-02-11). Band 1 is teen R5.50 per eksemplaar verkoop (Notule, SEK: 1973-06-15) en Band 2 teen R6.90, waarvan 25c per eksemplaar die verpakkingskoste gedra het (Notule, SEK:1975-11-27). Hierdie verplakkingskoste is in 1979 na 85c verhoog, hoewel die kleinhandelspryse onveranderd gebly het.

Die groothandelsprys van Band 3 het R8.00 beloop en is teen die kleinhandelsprys van R12.00 verkoop. Die firmas wat vroeër as verkopers opgetree het, is skriftelik genader om te verneem of die boeke in die toekoms kontant vanaf die uitgewers bestel kon word, aangesien daar probleme ontstaan het as die boeke op 'n lang termyn basis verskaf is. Daar is besluit om Band 3 vanaf die UOVS te versprei (Omsendbrief, 1979-02-05). Vervolgens is op 15 Maart 1979 besluit dat:

* " 'n artikel, benewens dié in **Die Kerkbode**, ook in **Die Volksblad** geplaas moet word oor die reeks.

* 'n omsendbrief met 'n bestelvorm aan die kerkrade gestuur moet word met die versoek dat die boeke vir die gebruik van orreliste aangekoop sal word.

* die sub-kommissie versoek word om die advertensies in verband met die reeks te hanteer.

* boeke aan handelaars wat dit versoek, ook op langtermyn beskikbaar gestel word, op die voorwaarde dat hulle een keer per jaar inbetaling sal doen van die aantal verkoopte eksemplare" (Notule, SEK:1979-03-15).

Die agenda van die 43ste vergadering van die Sinode van die NGK in die OVS op 18 September 1979 en volgende dae, doen verslag dat Band 3 by die kursus vir koorleiers en kerkorreliste op 16 en 17 April 1979, bekendgestel is. Die kursus wat in die Odeion aan die UOVS plaasgevind het, is gelei deur prof. P. McLachlan en prof. G.G. Cillié (p. 684) en die bundel is deur die orreldosente aan die UOVS bekendgestel (Louw, 1990:Vraelys). Die meeste komponiste van die derde band was tydens hierdie geleentheid teenwoordig (Louw, 1990:Brief).



**Ds Johan Lombaard, voorsitter van die Sinodale Eredienskommissie oorhandig 'n kopie van LITURGIESE ORRELMUSIEK by geleentheid van die vrystelling van die band, Bloemfontein 1979.**



Die vrystelling van Band 3 van Liturgiese Orrelmusiek — 1979. Mev Barbara Louw, prof Johan Potgieter, prof Gawie Cillié, prof W J Richards en prof Philip McLachlan.
— Foto — Die Volksblad

Fotomateriaal uit: Vir die Musiekleier. Januarie 1984. Jaar= gang 4, no. 1, pp. 6 en 7

In die eerste uitgawe van **Die Musiekleier**, vaktydskrif van SAKOV (Die Suid-Afrikaanse Kerkorrelistevereniging), is 'n artikel, geskryf deur prof. Gawie Cillié oor Bande 1 en 2 geplaas (Bylae 15). Daarin word die motivering vir die wegdoen van Huweliks- en Dodemarse gegee en word Band 1 as 'n nuttige alternatief gestel (Die Musiekleier 1, 1980:46-50). **Die Musiekleier 2** bevat weer 'n bespreking van Bande 3 en 4 (Bylae 16) (Die Musiekleier 2, 1981:49-53).

Aangesien die bundels deur twee aparte fondse, te wete die fonds van die Sinodale Eredienskommissie by die kerkkantoor (Bande 1, 2 en 4) en die kerkmusiekfonds van die UOVS (Band

3) gefinansier word, is daar met die administrasie daarvan, probleme ondervind, veral met die firmas wat nie die werks=wyse verstaan het nie (Notule, SEK:1080-07-21); derhalwe word besluit om voortaan alle bundels deur die kerkmusiek=afdeling van die UOVS te administreer. Op daardie stadium was daar nog 230 eksemplare van Band 1 beskikbaar en 1192 eksemplare van Band 2, wat aan die kerkmusiekafdeling geskenk is (Notule, SEK:1980-09-05). In 1981 verhandel Band 3 en 4 teen R12.00 (sonder AVB), per kopie (Die Musiek=leier 2, 1981:51 en 53). Band 5 is weer eens deur adverten=sies en rubrieke in koerante en tydskrifte bekend gestel (Louw, 1990:Vraelys; Strydom, 1990:Vraelys; Theron, 1990: Vraelys). In **Die Musiekleier 8**, bespreek Niel Pauw hier=die band (Bylae 17). Hy toon aan dat die bundel R16.00 kos, AVB uitgesluit (Die Musiekleier 8, 1984:51).

Op die 45ste vergadering van die Sinode, op 7 September 1987 en volgende dae, word berig dat daar in die tydperk 1984 en 1986, 1215 kopieë van Band 5 verkoop is (p. 352). Die kommissie besluit dat die Afdeling Kerkmusiek volgens eie oordeel, die huidige verkoopprys van Bande 1 tot 5 (By=lae 18), kan verhoog (Notule, SEK:1988-02-19). 'n Brief gedateer 18 Oktober 1989, aan **Bladmusiek Handelaars** Pretoria, bevat die nuwe verhoogde pryse (Argiefmateriaal):

| | |
|---|---|
| Bande 1, 3 en 4 | R12.00 |
| Band 2 | R 7.00 |
| Band 5 | R18.00 |
| Band 6 (nuut beskikbaar) | R12.00 |

By die afhandeling van hierdie skripsie, het daar nog geen reklame of resensies vir Band 6 verskyn nie (Strydom, 1990: Onderhoud).

# AFDELING B

## ANALITIESE BESONDERHEDE

# DEEL I

# EMPIRIESE ONDERSOEK

Soos reeds in die inleiding genoem, is 'n empiriese ondersoek gedoen om te bepaal in hoe 'n mate die **Liturgiese Orrelmusiek** Bande 1 tot 6 deur praktiserende orreliste gebruik word. Hier volg 'n samevatting van die meningspeiling, wat uit die 50 vraelyste wat terug ontvang is, gemaak is.

## GEBRUIKSFREKWENSIE

**Liturgiese Orrelmusiek** word deur 86% van die orreliste gebruik. Die ander 14% gebruik dit om die volgende redes nie:

* Die gemeente stel nie belang in die tipe musiek van hierdie bande nie.
* Die kerkraad stel nie die bande aan die orrelis be=skikbaar nie.
* Die werke is te moeilik vir hierdie orreliste.
* Die bande word nie gebruik nie, omdat die orrelis op 'n elektriese orrel moet speel.

Van die ses bande blyk Bande 1 (68%), 3 (71%), 4 (58%) en 5 (58%) meer gewild te wees. Slegs 36% van die orreliste het belangstelling in Band 2 getoon. Band 6 is deur die 26% van die orreliste wat dit alreeds bestudeer het, sterk aanbeveel, terwyl die ander 74% orreliste nog nie hierdie bundel aangeskaf het nie.

Geen van die orreliste maak van al die werk in 'n bundel gebruik nie, terwyl 93% wel 'n bo-gemiddelde aantal werke gebruik. Die moderne werke wat dissonant en chromaties geskryf is, word streng afgekeur. Die meeste orreliste toon geen belangstelling in moeilike werke in konsertstyl nie en vermy ook die "sentimentele en goedkoop tipe." Geen beskrywing is van laasgenoemde stelling gegee nie. 'n Klein aantal orreliste het ook sterk teenkanting teen tran=skripsies gemaak.

## BEHOEFTEBEPALING

Met die uitsondering van een orrelis, beskou alle orreliste die voorsiening van sulke bundels as noodsaaklik en van groot hulp. Aangesien die bundels teen 'n lae tarief beskik=baar is, verlig dit vervolgens ook die finansiële las. Daar is bepaal dat 92% orreliste belangstel in die publisering van soortgelyke bundels, terwyl 8% aanbeveel dat daar met hierdie reeds gepubliseerde reeks volstaan kan word.

Vanuit die lyste wat die orreliste opgestel het van ander publikasies wat gebruik word vir kerkdienste, kon afgelei word dat **Liturgiese Orrelmusiek** slegs aanvullend gebruik word.

## GESKIKTHEID

Volgens die evaluering van die moeilikheidsgraad van elke band kon bepaal word dat die meeste bande geskik is vir die gemiddelde kerkorrelis, aangesien die bande, volgens hierdie orreliste, uit ongeveer 14% maklike werke, 69% ge=

middelde graad en 17% as moeilike werke geklassifiseer word. Van die deelnemende respondente beskou 74% dit as geskik vir die gemiddelde kerkorrelis. Die ander 26% persone beskou dit nie as geskik nie, omdat hul nie die tyd kan vind om die moeilike werke in te studeer nie en werke ver= kies wat op 'n bladleesstandaard is. Van laasgenoemde groep het 20% egter geen orrelopleiding nie en verkies werke met 'n maklike of geen pedaalparty.

Die respondente ondervind dat die gemeentes voorkeur verleen aan werke in 'n romantiese en klassieke styl. Almal verkies 'n duidelike melodielyn, eenvoudige harmoniese progressie en partitasyl. In 93% gevalle beskou hulle die bande daarom as geskik vir erediensgebruik en 7% maak melding dat nie alle werke in die erediens gebruik kan word nie.

## BETROUBAARHEID

* Notebeeld: Die respondente vind dat die spasiëring en die duidelikheid van die notebeeld die kwaliteit van hierdie bande verhoog.

* Registrasievoorskrifte: Veertien persent kan glad nie die registrasievoorskrifte op hul orrels nakom nie. Die ander orreliste kan binne perke en met aanpassings dit wel navolg.

* Lente van werke: Orreliste lewer hier nie negatiewe kommentaar nie, aangesien kort werke met literatuur uit ander boeke aangevul word, langer werke met 'n improvisatoriese kadens beëindig word en omdat die tyd van die werk vooraf bepaal word.

Omblaai: Die helfte van die orreliste vind wel omblaai=momente as 'n probleem, terwyl die ander die probleem oorkom deur sekere bladsye vir die doel te dupliseer.

Harmoniese wisselings: Indien hulle die minder dissonan=te en chromatiese werke gebruik, ondervind die orreliste geen probleme met die harmoniese wisselings van die werke nie.

Formaat: Die formaat van Bande 1 tot 5 is maklik han=teerbaar volgens 62% van die orreliste, terwyl 38% dit as moeilik hanteerbaar, vanweë die grootte daarvan, beskou. Van die 19 orreliste wat al die sesde band gesien het, verkies 11 só 'n formaat en 8 van die 19 orreliste dit nie, omdat dit makliker verweerbaar is.

## BESKIKBAARHEID

Orreliste het van die bestaan van die bande op verskeie wyses verneem: 40% het dit by kursusse en bekenstellings gesien en 25% in boekwinkels of by ander orreliste. As dosent of student aan 'n universiteit, het 23% dit daar gebruik. In 9% gevalle is die orreliste se boeke deur kerkrade aange=koop en 3% het dit as geskenk ontvang.

Die bundels is volgens die orreliste maklik bekombaar. Vyf persone het egter briewe geskryf waarin hul meld dat hul nie van die bestaan van sulke bande bewus is nie of dat hul nie weet waar om dit te bekom nie.

## AANBEVELINGS DEUR RESPONDENTE

* Styl: Die orreliste verkies werke in barok-, romantiese-, of klassieke styl of matig-kontemporêr, maar nie modern (in twintigste eeuse styl) nie. 'n Homofoniese styl en variasievorm geniet voorkeur.

* Moeilikheidsgraad: Werke van dieselfde of 'n makliker graad word verkies.

* Kerkjaar: Die meeste orreliste vind die kerkjaar as voldoende gedek en stel dus voor dat slegs méér werke vir die hele jaar gepubliseer word. 'n Kleiner aantal orreliste vind dat die Advent-, Kersfees- en Paasfeestyd nog meer aandag kan geniet.

* Korale: Al die orreliste beveel aan dat die harmonisasie van die koraal en selfs ook inleidings en naspele voor elke verwerking moet verskyn. Verwerkings van beken= de korale (korale wat meer algemeen gebruik word), word verkies. Koraalverwerkings wat nie in ander publikasies te vind is nie, is 'n groot behoefte.

* Formaat: 'n Kleiner formaat as dié van Bande 1 tot 5 word voorgestel en 'n duursamer omslag vir Band 6.

## KWALIFIKASIES

Die ondersoek het verder aan die lig gebring dat 68% gevalle orrelkursusse bywoon en dat 54% aan SAKOV behoort. Van die 50 orreliste wat die vraelyste beantwoord het, het 8% geen orrelopleiding nie, 20% het slegs les geneem of 'n graad 4 kwalifikasie in orrel, en die ander 72% persone het orrel

op universtieitsvlak en/of graad 7/8 en/of K.O.D. en/of Lisen=siaat in orrel. In 50% gevalle het die orreliste wat in die empiriese ondersoek gedeel het 'n musiekgraad behaal. Die ander 46% beskik oor òf graad 7/8 òf Lisensiaat in kla=vier en die orige 4% het slegs opleiding in klavier op 'n standaard laer as graad 6.

Die samestellers van Band 6 het 'n aantal dosente wat ook praktiserende orreliste is, om hul mening oor die vorige publikasies gevra (Bylae 19). Uit die briewe vanaf hierdie dosente ontvang (Argiefmateriaal) is afgelei dat die ondersoek vir hierdie skripsie met die mening van hierdie dosente ooreen=stem (Bylae 20).

# DEEL II

# INHOUDELIKE GEGEWENS VAN DIE BANDE

## VOORWOORD

Die Algemene Voorwoord tot die reeks toon aan dat **Liturgiese Orrelmusiek** ontwerp is vir die gebruik in die gereformeerde liturgie en dat die Afrikaanse Psalm- en Gesangboek, of die kerklied van die Afrikaanse susterskerke, as grondslag van die komposisies dien. Die eredienskommissie meld in die voorwoord dat die samestellers let op die beskikbaarheid al dan nie van 'n verwerking van sekere gesange wat oorweeg word vir publikasie. Die wens word ook uitgespreek dat die reeks tot hulp van orreliste sal dien om keuses van "geskikte en sinvolle musiek vir die erediens" te maak. "Ware kerkmusiek" word ook as die grondslag van hierdie bundels bestempel. Uit hierdie gegewens kan afgelei word dat die reeks uitsluitlik vir gebruik as kerkmusiek (litur=giese musiek in die erediens) bedoel is.

Die Algemene Voorwoord tot Band 1 en 2 bevat bogenoemde gegewens, sowel as riglyne oor die vertolkingsaanduidings wat in die komposisies voorkom. Die samestellers stel dit duidelik dat die vertolkingstekens slegs wenke is, waarop die orrelis na eie goeddunke moet reageer.

In die Voorwoord tot Band 1 word die leemte wat bestaan het betreffende geskikte huweliks- en begrafnismusiek en musiek wat by die Nederduits Gereformeerde liturgie inpas, onderskryf en as rede aangegee waarom hierdie eerste bundel gepubliseer is. Band 2 bestaan slegs uit verwerkings van Psalm 42. Hierdie band was die eerste van 'n reeks waarvan

die oorspronklike gedagte was om een bundel te publiseer "wat elk aan verwerkings van een Psalm- of Gesang-melodie gewy word." Die bedoeling hiermee was om een maklik hanteerbare boek daar te stel wat as variasiespel op een melodie kon dien. Hierdie gedagte is sterk deur prof. J.J.K. Kloppers aanbeveel (sien Afdeling A). In die Voorwoord tot Bande 3 tot 6, word aangedui dat 'n moeilikheidsgraad geskik vir 'n wye groep orreliste gehandhaaf is. Die tyds=aspek waaraan orreliste hul binne 'n erediens moet handhaaf is ook in gedagte gehou by die keuring van die werke. Die werke is spesifiek volgens die "Trinitariese indeling in die Gesangboek" gemaak en daar is gepoog om verwerkings te verskaf wat die hele spektrum van die kerkjaar dek. Anders as in die Algemene Voorwoord tot die reeks, maak die Voorwoord tot Band 5 melding van die aanwending van die bundels as onderrigmateriaal en vir eksamendoeleindes, maar "met die oog op die toerusting van toekomstige kerkor=reliste."

## INHOUDSOPGAWE

Nadat 'n opname gemaak is van watter psalms en gesange in **Liturgiese Orrelmusiek** Bande 1 tot 6 voorkom (Bylae 21), kon bepaal word in hoe 'n mate die tye van die kerkjaar in die bande verteenwoordig word. Sekere melodieë kom herhaaldelik in die AGB van 1978 voor en is as sulks in die onderstaande gegewens bereken.

| | | | |
|---|---|---|---|
| GOD DRIE- ENIG | | : | 60% |
| GOD, DIE VADER | | : | 47% |
| 1. Skepper en onderhouer | (56%) | | |
| 2. Gods Albestier (sic.) | (36%) | | |
| 3. Godsvertroue | (38%) | | |

4. Verootmoediging (57%)
5. Lof aan die Vader (46%)

| | | | |
|---|---|---|---|
| GOD, DIE SEUN | | : | 41% |
| 1. Advent | ( 9%) | | |
| 2. Kersfees | (41%) | | |
| 3. Lydenstyd | (62%) | | |
| 4. Paasfees | (47%) | | |
| 5. Hemelvaart | (27%) | | |
| 6. Wederkoms en Voleinding | (50%) | | |
| 7. Lof aan Jesus | (35%) | | |
| DIE HEILIGE GEES | | : | 43% |
| 1. Pinksterfees | (50%) | | |
| 2. Die Koninkryk | (60%) | | |
| 3. Verlossing | (33%) | | |
| 4. Kennis van sonde | (86%) | | |
| 5. Geloof en Bekering | (33%) | | |
| 6. Heiliging | (48%) | | |
| 7. Vertroosting | (40%) | | |
| 8. Gebed | ( 0%) | | |
| KERK EN EREDIENS | | : | 34% |
| 1. Woord van God | (33%) | | |
| 2. Erediens | (50%) | | |
| 3. Doop | (50%) | | |
| 4. Nagmaal | (11%) | | |
| 5. Gemeente | (80%) | | |
| 6. Huwelik | (50%) | | |
| ALGEMENE GESANGE | | : | 25% |

Uit bogenoemde gegewens word bevind dat, met inagneming van die duplisering van melodieë, 155 van die 353 gesange (44%) in die bande verteenwoordig is (Bylae 21). Slegs

die rubrieke Advent, Gebed en Nagmaal is minder as 30% teenwoordig. Daar word van slegs 16% psalms gebruik ge=maak (Bylae 22).

## HARMONIESE STYL

Die oorgrote meerderheid van die werke in **Liturgiese Orrel=musiek** Bande 1 tot 6 is in 'n konsonante, diatoniese styl. 'n Gedeelte van hierdie werke word meestal ook kontrapuntaal of fugaal aangebied, wat dit 'n barok- of neo-barokkarakter gee. Hierdie tipe is 60% verteenwoordigend in die ses ban=de. Die ander werke is òf in 'n romantiese (18%) òf atonale òf bitonale styl geskryf (22%). Onder laasgenoemde groep is daar werke waarin die melodie parallel of kanonies in die vierde of vyfde interval aangebied word. Baie van hierdie werke het deurgaans wisselende metrum. Vreemde harmoniese hantering kom soms voor, byvoorbeeld in die beëindiging van 'n werk in die tonika tweede omkering (Band 4, p. 56: **Voor u wet Heer, staan ons skuldig** - Jacobus Klop=pers). Band 6 bevat opvallend minder werke in 'n moderne styl. Die werke van Jacobus Kloppers wat, met uitsondering van een werk, gewoonlik oorwegend dissonant geskryf is, is in Band 6 in 'n konsonante harmoniese styl gekomponeer.

## CANTUS FIRMUS HANTERING

In 67% van die komposisies word die koraalmelodieë in die sopraanparty aangetref, terwyl 3% in die altparty, 14% in die tenoorparty en 16% in die pedaal voorkom. Bande 4 en 5 is, met geringe uitsondering, almal met die melodie in die sopraanlyn gekomponeer. Wanneer die verwerking driestemmig is, verskyn die melodie sonder uitsondering in

die middelstem. Soms word die melodie tegelyk in twee stemme aangetref, veral in die sopraan- en baspartye. Hierdie stempartye word in so 'n geval kanonies, nabootsend met wysiging in een stemparty of fugaal aangebied. In ongeveer 8% van die totale groep komposisies verskyn die volledige melodie alternerend in alle stempartye. Daar is selfs vier werke waar slegs 'n gedeelte van die melodie met herhaling voorkom en die res van die frases bloot uitge= laat word. Min melodieë is in 'n gevorderde ornamentasie= tegniek ontwikkel, want die meeste melodieë word onversierd, met slegs geringe deurgangsnote, aangebied. Laasgenoemde element is veral by die Suid-Afrikaanse komposisies teenwoor= dig.

Voor elke verwerking word die melodie in 'n enkellyn aange= gee, soos dit in die AGB van 1943 en 1987 onderskeidelik aangetref word. In Band 6 verskyn 'n vierstemmige harmoni= sasie van die koraal voor elke verwerking.

## VORMTEGNIESE STYLEIENSKAPPE

Die komposisies van Bande 1 tot 6 is, met die uitsondering van 'n paar (2%) tweeledige en 5% drieledige werke, almal in Barvorm, aangesien die meeste melodieë in die AGB van 1978 in 'n AAB, drieledige vormtipe, geskryf is. Sodoende bestaan 57% werke uit laasgenoemde vormtipe en 35% uit 'n eenledige vormtipe. Die werke in Band 2 is deurgaans in Barvorm, vanweë die besondere samestelling van die melo= die van psalm 42. Band 5 is saamgestel uit werke wat in 'n eenledige- of variasievormtipe is. Band 6 bestaan uitsluitlik uit werke in variasievorm.

Met die uitsondering van die meer moderne werke is die mees=te komposisies op dieselfde patroon gekomponeer:

* 'n kanoniese hantering tussen die cantus firmus en bege=leidingstemme;

* voor-imitasie in die begeleidingstemme voor die melodie intree;

* kontrapuntale of fugale skryfstyl;

* uitkomende melodielyn met dubbelnootwaarde-beweging in die begeleiding;

* tussenspele tussen elke (of elke twee) frase van die koraalmelodie; en

* pedaalpunt in een of meer stempartye.

Elke variasie in Band 6 word deur 'n vierstemmige koraalhar=monisasie voorafgegaan. Band 2 bevat ook baie vierstemmige harmonisasies en in sekere van hierdie korale verskyn die melodie in die tenoorparty soos oorspronklik in die vroeë christelike kerk aangetref. (Harmonisasies van Goudimel en Le Jeune word deur Wieruszowski nageboots). Byna 50% werke is vierstemmig (hetsy koralies of anders) gekomponeer. Die ander 50% is drie- of tweestemmig met die insluiting van vyf biciniums en drie trios in hierdie groep. Gevorder=de komponeertegnieke wat biciniums, trios, fughettas, omkeer=bare kontrapunt insluit, word eers in Bande 5 en 6 aange=tref, met die uitsondering van enkele werke in Band 1 en 2.

## PEDAALGEBRUIK

Die pedaal vorm meestal deel van die harmoniese bewerking van die verwerking. In 20% van die verwerkings is daar geen pedaalparty nie en in 32% van die werke tree dit as cantus firmus op. In die minder beweeglike koraalverwer= kings word die pedaalparty baie keer as pedaalpunt hanteer, soms vir 'n hele verwerking, soos by **Kom, kinders, besing met 'n vrolike stem**, deur I.J. Grové (Band 6, p. 24). Die pedaalparty tree in die meeste gevalle ook op as nabootsing van die manuale, dien as voor-imitasie of vorm deel van 'n kanoniese bewerking. Band 5 bestaan veral uit verwer= kings waar daar of geen pedaalparty of 'n pedaalparty wat as pedaalpunt optree, voorkom.

## REGISTRASIEVOORSKRIFTE

Die registrasievoorskrifte dien as belangrike hulpmiddel vir die gemiddelde opgeleide orrelis. Die voorskrifte word op verskeie maniere aangebied:

* Barokwerke met voorskrifte deur die samestellers.
* Voorskrifte deur kontemporêre komponiste, om 'n persoon= like siening daar te stel.
* Geen registrasie-aanduidings nie, maar dinamiese tekens, waarvolgens die orrelis self 'n samestelling kan maak.
* Aanduiding van manuaalverdeling sonder enige registrasie-aanduidings.
* Registrasie-aanduidings volgens spesifieke orreldisposisies.
* Registrasie-aanduidings volgens toonkleur en pyplengtes.

## VERTOLKINGSAANDUIDINGS

Bande 1 en 2 is oorweldig met baie vertolkingsaanduidings. Die artikulasie van die barokwerke in hierdie bande is voor=sien volgens die subjektiewe aanvoeling van die samestellers. In die meningspeiling wat by dosente aan universiteite in Suid-Afrika gemaak is, spreek hierdie persone hul sterk uit teen die artikulasie aanduidings wat onstilisties en ook onvolledig voorsien is (Argiefmateriaal). Die bande wat volg op Bande 1 en 2 het net die nodige fraseringsboë en aksentgewing soos dit in die komponis se eie handskrif aan=gebied is (Argiefmateriaal). Musiekterme word in verskeie tale, selfs in een verwerking tesaam, aangetref (Band 4, p. 28, Moderato en delikaat). Slegs Band 5 illustreer die gebruik van meer deurdagte musiekterme, in hierdie verband.

# AFDELING C

# EVALUERING

# DEEL I

# GESKIKTHEID VAN KOMPOSISIES

## EREDIENSGEBRUIK

Die empiriese ondersoek wat in Afdeling B bespreek is, toon aan dat orreliste **Liturgiese Orrelmusiek** as 'n geskikte reeks vir erediensgebruik beskou. Diegene wat nie van die reeks gebruik maak nie, verkies ongeskikte nie-liturgiese alterna= tiewe soos "Ave Verum" van Mozart en ""Largo" van Handel en ervaar dat die gemeentes in hierdie tipe musiek belang= stel. In al hierdie gevalle word spesifiek melding gemaak dat die gemeente veral uit ouer mense bestaan (Orreliste, 1990:Vraelyste), wat aandui dat die tendens om liturgies verantwoordbare musiek in die erediens te gebruik nog nie by diesulkes inslag gevind het nie. Die Sinode van die NGK het in hul besluite rakende die kerkmusiek vereis dat "bykomende musiek in die erediens (byvoorbeeld voor-, tussen- en naspele) in die eerste plek moet aansluit by en instem met die verkondiging van die ewige Woord. Daarom is dit raadsaam om vir dié doel veral koraalvoorspele te gebruik" (Sinode Agenda, 1970:95). Enige orrelmusiek anders as koraalvoorspele sou dus nie aan die woordverkondigende element, wat deur die Sinode beklemtoon word, beantwoord nie.

Die ondersoek het ook aan die lig gebring dat eenvoudige harmoniese progressies en duidelike melodielyne verkies word. Deel II van Afdeling B het die hantering van die **cantus firmus** bespreek, waarin uitgewys is dat die melodie in alle konsonante harmoniese styltipes, baie duideliker na vore tree. Die melodie word selde uitermatig versier, wat ooreen=

stem met die behoefte van gemeentes en orreliste aan eenvou=dig-verstaanbare verwerkings. Die orreliste asook dosente aan universiteite wat in die navorsing oor **Liturgiese Orrel=musiek** meegewerk het, verkies dat die koraalvoorspele deur 'n vierstemmige harmoniesasie van die koraal voorafgegaan word. In hierdie verband voldoen slegs Band 6 ten volle aan hierdie versoek. Die voorstel dat inleidings en naspele by hierdie harmonisasies gevoeg word is nie ongegrond nie, aangesien **Liturgiese Orrelmusiek** as "musiek geskik vir ere=diensgebruik", bedoel is soos deur die samestellers in die voorwoorde tot die bande aangetoon is.

Die koraalvoorspele wat in 'n moderne skryfstyl geskryf is, word baie streng deur die orreliste afgekeur, aangesien dit die gemeente "ontstem en onrustig maak" (Orreliste, 1990: Vraelyste). Milo beskou orrespel as slegs voorbereiding en aanvulling tot die gemeentelied. Hy meld dat orrelbege=leiding en solospel nie slegs die teks van die gesange moet beklemtoon nie, maar dat dit ook tot stigting van die gemeen=te moet dien en om "de hoogste uitwerking op het gemoed der gemeente te hebben" (Milo, 1946:200). Enige musiek wat in die erediens aangebied word, moet dus stigtelik en verkondigend wees. Volgens hierdie gegewens, asook die sterk versoeke deur orreliste om van dissonante werke af te sien omdat dit die gewyde atmosfeer in die erediens aantas (Orreliste, 1990:Vraelyste), behoort hierdie soort werke in toekomstige bundels vermy te word, soos in die geval van Band 6. Hierdie onideale soort koraalvoorspele beslaan tans 22% van die reeks en kon, indien dit uitgelaat sou wees, 'n groter ruimte vir die meer geskikte musiek voorsien het (Bylae 23).

Aangesien enige gemeente uit lede met verskillende of geen musiekagtergrond bestaan, is dit noodsaaklik om in 'n reeks bundels vir erediensgebruik, koraalvoorspele te voorsien wat vir die gemiddelde orrelis prakties uitvoerbaar is en bevatlik vir elke kerkganger se gemoed sal wees. Die mak= lik herkenbare melodieë wat in Afdeling B bespreek is, sal enige gemeentelid kan aanspreek en ook die woordverkondigen= de element dra soos deur die sinode vereis word. Dit be= teken dat die teks van die maklik herkenbare melodieë só tot die ontvanklike gemoed van die kerkgangers sal spreek dat hul daardeur geestelik gestig sal word. **Liturgiese Orrelmusiek** Bande 1 tot 6 bevat 78% koraalvoorspele wat aan hierdie vereistes voldoen. Geeneen van die orreliste het in die ondersoek aangetoon dat hul van die 22% moderne werke gebruik maak nie. Die hoeveelheid gemeentelede wat in ingewikkelder werke as deur hierdie ses bande voor= sien, belangstel, vereis 'n eiesoortige empiriese ondersoek. Uit bogenoemde gegewens blyk dit egter dat alle werke in 'n barok-, klassieke- en romantiese komposisiestyl die belang= stelling van beide orrelis en gemeentelid bevredig, terwyl moderne werke, wat baie dissonansie bevat, algeheel onaan= vaarbaar is.

Die verskillende momente van die kerklike jaar word bevredi= gend in die musikale inhoud van die ses bande **Liturgiese Orrelmusiek** verteenwoordig. (Sien Afdeling B vir persenta= sie-aanduidings). Aangesien baie van die melodieë in die AGB van 1978 verskeie kere by verskillende tekste voorkom, geniet die momente van die kerklike jaar per rubriek, soos uiteengesit in die AGB, gemiddeld 34% verteenwoordiging. Hierdie gegewens skep die indruk dat die samestellers gepoog het om 'n verskeidenheid melodieë in die ses bande te verteen= woordig, met die uitsondering van Band 2 wat slegs op een koraalmelodie gebaseer is.

## MUSIKALE KWALITEIT


Die verskillende musikale elemente wat in die reeks bande voorkom, is in Afdeling B bespreek. Hieruit blyk dit dat die samestellers, in hul poging om die grootste moontlike groep orreliste te betrek, te veel klem op die eenvoudigheid van die werke gelê het en dat daar gevolglik aan artistieke kwaliteit ingeboet is. Sulke werke veroorsaak dat die luis= teraar hom verveel, soos aangetref in die eentonige herhaling van die pedaalparty van die koraalvoorspel op Psalm 42 deur Chris Lamprecht (Band 2, p. 44):



Hierdie makliker koraalvoorspele kan in vyf groepe verdeel word, naamlik:

* werke wat bloot 'n omspeling van die melodie is, byvoor= beeld:


Geneem uit **Heilig, heilig, heilig, Heer God almagtig** - Dirkie de Villiers:



\+

werke waar die melodie onversierd voorkom en met 'n interessante vloeiende beweging in die begeleidingstemme om die musikale gehalte te verhoog, byvoorbeeld:

Geneem uit **Jesus, bron van al my vreugde** - J.S. Bach:





\+

vierstemmige verwerkings van die koraalmelodie met die melodielyn onderskeidelik in een gegewe stemparty, byvoorbeeld:

\+ Voorbeelde van werke in hierdie kategorieë, benewens bogenoemde, verskyn in Bylae 24 en 25.


Geneem uit **Ag, Heer laat u liewe engele** - J.S. Bach:



+

maklik speelbare verwerkings, maar van hoogstaande musikale gehalte, byvoorbeeld:

Geneem uit **God is my lied, sy almag ken geen perke** - Nicol Viljoen:




+

biciniums, byvoorbeeld:

Geneem uit **Jesus wat my liefhet Heer** - Hans Babst:

---

Voorbeelde van werke in hierdie kategorieë, benewens bogenoemde, verskyn in Bylae 24 en 25.




+

Daar verskyn ook verskeie, meer ingewikkelde, koraalvoor=spele in die bande wat gevolglik meer voorbereiding vereis. Hierdie werke sluit in:

* fugale en kontrapuntale verwerkings, byvoorbeeld:

  Geneem uit **Die Heer is God** - Willem Mudde:




+

* fantasieë en improvisatoriese werke, byvoorbeeld:

  Geneem uit **Juig met feesgeluid! Juig en roep dit uit**(b) - I.J. Grové:

---


\+ Voorbeelde van werke in hierdie kategorieë, benewens bogenoemde, verskyn ook in Bylae 24 en 25.



+

* trio's, byvoorbeeld:

Geneem uit **Here, hoe blymoedig** - Chris Lamprecht:





+

* werke waarin daar bewegende begeleidingspartye en 'n versierde melodie voorkom, byvoorbeeld:

Geneem uit **Gebroke sink ons voor u neer** - J.S. Bach:

---


+ Voorbeelde van werke in hierdie kategorieë, benewens bogenoemde, verskyn ook in Bylae 24 en 25.



+

* werke in 'n chromatiese skryfstyl, byvoorbeeld:

Geneem uit **'n Vaste burg is onse God** – Max Reger:




+

Bogenoemde gegewens toon aan dat die groot groep orreliste deur hierdie ses bande **Liturgiese Orrelmusiek** bevredig kan word, ten opsigte van die moeilikheidsgraad van die musiek. Die vraelyste het getoon dat die orreliste die moeilikheids=graad van die werke, gemiddeld vind. Dit is dus nie nodig dat musikale gehalte ingeboet hoef te word deur bloot een=voudige koraalvoorspele te voorsien nie.

---

\+ Voorbeelde van werke in hierdie kategorieë, benewens bogenoemde, verskyn ook in Bylae 24 en 25.

In Afdeling B is aangetoon dat die meeste orreliste die for= maat van Bande 1 tot 5 as lomp, swaar en moeilik hanteer= baar bestempel en dat 'n kleiner formaat meer geskik sal wees. Daar is voorkeur aan die formaat van Band 6 gegee, maar met die aanbeveling dat dit van 'n duursamer omslag voorsien word. Die feit dat alle respondente klagtes oor die ongemaklike formaat en kwaliteit van die omslag gehad het, noodsaak dit dat daar in geval van toekomstige beplan= de bundels aan hierdie aspekte gehoor gegee behoort te word.

Die lengte van werke, behalwe variasies, blyk uit die navor= sing 'n groot probleem te wees. Hoewel komposisies uit ander bundels by die van **Liturgiese Orrelmusiek** gevoeg kan word, maak dit die hantering tydens orrespel soveel moeiliker. Band 6 slaag egter daarin om hierdie probleem te oorkom, omdat variasievorm deurgaans gebruik word.

Die probleem wat orreliste ondervind betreffende omblaaimo= mente hang saam met die groot formaat van Bande 1 tot 5. Die feit dat die notebeeld en die balke onnodig ver uitmekaar gedruk is, veroorsaak dat meer bladsye vir een komposisie gebruik word as wat werklik nodig is. Dit vereis dat daar tydens die uitvoering van 'n komposisie omgeblaai moet word. Hierdie probleem is egter in Band 6 redelik ondervang, hoewel dit nogtans by twee werke voorkom, naamlik:

* **God is liefde! juig ons harte** deur Izak Grové; p. 17.
* **Stille nag** deur Jacobus Kloppers; p. 37.

Die samestellers van Band 1 het dit gerade geag om die stempartye in variasie 1 van **Freu dich sehr, o meine Seele** deur Georg Boehm sodoende te verdeel, dat die melodie uit= komend kan klink. Die oorspronklike komposisie word ook verskaf, maar daarvolgens kan die melodiese lyn nie gerede= lik as uitkomend gelees word nie. Só 'n aapassing lei tot

'n beter definisie van die melodie, wat die kerklike luisteraar in die meelewing van die teks sal aanhelp. Hierbenewens het die samestellers dit ook goedgedink om transkripsies van nie-orrelwerke te maak en dui as verwering hiervoor in die Voorwoord tot Band 1 aan, dat baie orrelwerke in die geskiedenis wel transkripsies is. Orreliste het in die vraelyste melding gemaak dat hulle transkripsies onwenslik vind. Soos by enige ander nuutgeskepte komposisie is dit egter ook noodsaaklik dat 'n transkripsie aan die hoogste artistieke vereistes moet voldoen. Die transkripsie van **Halleluja! God Almagtig regeer!** deur William Felton in Band 1, skiet egter ver hieraan tekort, aangesien slegs baie kort deeltjies van die oorspronklike werk genoteer en aanmekaar gevoeg is. Dit doen afbreek aan die oorspronklike komposi= sie en kon uitgelaat word, aangesien die transkripsie deur Jacobus Kloppers meer getrou en volledig is.

Registrasievoorskrifte is volgens verskeie metodes by die musiek aangedui. Die orreliste wat die vraelyste beantwoord het, poog om die voorskrifte na te kom, maar almal vermeld dat dit na willekeur verander moet word, omdat die disposi= sies van die orrels só uiteenlopend verskil. Die dinamiese aanduidings of manuaalwisselings wat soms verskyn, gee aan die orrelis die grootste vryheid om die registrasie van 'n werk te doen. Indien daar egter ten minste 'n aanduiding ten opsigte van toonkleur en pyplengte gegee sou word, sal die uiteindelike klank baie meer stilisties getrou, volgens die spesifieke styltydperk en oorspronklike aanduidings deur komponiste, nagevolg kan word. Die argiefmateriaal bevat briewe waarin komponiste spesifiek versoek dat daar nie 'n registrasie-aanduiding voorsien moet word nie, sodat die orrelis se eie oordeelsvermoë kan geld. Hierdie briewe

et gedien as voorbereiding tot Band 6. Aangesien die walifikasies van sommige orreliste toon dat hulle opleiding eer prakties gerig was en nie altyd 'n studie van registrasie=egniek ingesluit het nie, is dit egter noodsaaklik dat veral arokwerke, wel 'n registrasie-aanduiding moet bevat.

Teenstrydighede ten opsigte van musiekterminologie word in die ses bande **Liturgiese Orrelmusiek** aangetref. Aange=sien hierdie bande 'n Suid-Afrikaanse produk is, sou dit wenslik wees om alle aanduidings in Afrikaans te voorsien, omdat Afrikaanse terminologie al meer noodsaaklik word (Mu=siekwoordeboek, 1981:Voorwoord). Dit is nietemin nodig dat daar konsekwensie ten opsigte van alle aspekte en ook taalgebruik behoort te wees. Daarom is teenstrydighede en inkonsekwensies soos die volgende ongewens:

* Band 1, p. 46 : **marcato (deurgaans)** voorgestelde alternatief : **sempre marcato.**
* Band 2, p. 13 : **C.F. im Tenor** voorgestelde alterna=tief : **melodie in tenoor.**
* Band 2, p. 33 : **Volle werk** teenoor p. 40 : **Plenum.**
* Band 3, p. 66 : **decrescendo** en direk daarna **geleide=lik stadiger** voorgestelde alternatief : **decrescendo; ritardando** of : **geleidelik sagter; geleidelik stadiger.**
* Band 4, **Vol vreugde sing die eng'leskaar** deur Hennie Joubert bevat anderstalige sowel as Afrikaanse termino=logie in een werk, en ook in een aanduiding, naamlik: **moderato en delikaat op 4'-fluite** voorgestelde alternatief : **matig en delikaat op 4'-fluite.**

Daar bestaan nie konsekwensie oor die vertolkingstekens van veral die barokwerke nie. In Band 1 word die barok=werke slegs van fraseringsboë voorsien, soos by **Die Heer is God** deur Willem Mudde. Dit kan by die minder-opgeleide orrelis die verwarrende indruk skep dat alle tone aanmekaar *(legato)* vertolk moet word. Geen artikulasie-aanduidings word, soos vereis, by die barokwerke aangetref nie. Daar kom ook sekere misleidende vertolkings-aanduidings voor soos in Band 1, p. 35 : **Sou my graf en dood laat bewe** deur J.S. Bach, waar die artikulasie as  aangegee word en dit verkeerde aksentgewing veroorsaak.

In Band 4 verskyn baie duidelike vertolkingstekens en net die nodige registrasie-aanduidings. Hiervolgens behoort die orrelis nie te twyfel nie, maar kan die vertolker dit duidelik verstaan en met gemak uitvoer. In Band 6 word vryheid ten opsigte van frasering aan die orrelis oorgelaat en toon moontlik 'n nuwe tendens in die komposisiestyl van sommige kontemporêre komponiste, waar die uitvoerder die komposisie volgens individuele aanvoeling vertolk.

Die pedaalpartye van die werke is eenvoudig omdat dit as **cantus firmus**, pedaalpunt of harmonienote voorkom, hoewel sommige orreliste, volgens die navorsing, die byvoeging van 'n pedaalparty as 'n probleem beskou. Laasgenoemde groep orreliste beskik egter nie oor orrelopleiding nie. Daar is wel 20% koraalvoorspele sonder pedaal, wat deur hierdie groep orreliste gebruik kan word.

## Oorspronklike Doelstelling

In Deel I van Afdeling B is aangetoon dat die werke vir erediensgebruik bedoel is. Daar is tydens die voorsiening van Band 4 beoog om dit ook as eksamenmateriaal beskikbaar te stel (Sien Afdeling A). Volgens die voorwoord tot die band is dit bedoel as 'n middel tot die opleiding van *kerkorre= liste*. In die lig hiervan is dit dus onwenslik dat werke in moderne (atonale en bitonale) styl, in 'n reeks vir *liturgiese* gebruik verskyn. In 'n onderhoud met mev. Barbara Louw het sy egter melding gemaak dat sekere komponiste se moder= ne werke aanvaar is om die goeie betrekkinge van hierdie persoon te behou. Hierdie feit is deur 'n dosent wat aan die meningsopname van Band 6 deelgeneem het ten sterkste teengestaan (Argiefmateriaal). Indien subjektiewe oordele oorwegend is by die saamstel van so 'n bundel, sal daar noodgedwonge aan die kwaliteit van die produk ingeboet word.

Een van die doelstellings van die bande was ook om musiek teen 'n lae tarief beskikbaar te stel (Sien Afdeling A). Hierin slaag die samestellers uitstekend, aangesien die bande, met inagneming van prysstygings, steeds teen 'n baie billike tarief beskikbaar gestel word (Sien Afdeling A vir huidige tariewe).

# DEEL II

## SAMEVATTING

Die navorsing het aangetoon dat **Liturgiese Orrelmusiek** 'n geslaagde bundel is wat aan die behoeftes van die gemiddel= de kerkorrelis voldoen. 'n Groot gedeelte van die AGB van 1978 is alreeds deur die ses bande gedek en daar verskyn beskikbare verwerkings vir al die tye van die kerklike jaar. Orreliste wat die vraelyste beantwoord het, het die wens uitgespreek dat daar nog bundels in die reeks sal verskyn, met verwerkings van melodieë waarvan daar nog geen koraal= voorspele bestaan nie. Ander bundels moet ter aanvulling van die reeks **Liturgiese Orrelmusiek** gebruik word om in 'n verskeidenheid style te voorsien. **Liturgiese Orrelmusiek** is, benewens komposisies deur komponiste self gepubliseer, die enigste **reeks** met orrelmusiek waarin daar komposisies van oorwegende Suid-Afrikaanse komponiste opgeneem is (Ar= giefmateriaal).

Na aanleiding van die kennis wat die samestellers met die publikasie van die bande opgedoen het, kan daar in die toekoms weggedoen word met ongewenste publikasietegnieke, soos oormatige vertolkings- en registrasie-aanduidings, eento= nige en té eenvoudige komposisiestyle, 'n moeilik leesbare notebeeld en 'n onhanteerbare en lae-kwaliteit formaat. Aangesien daar baie psalms en gesange met dieselfde melodie, maar verskillende tekste is, bestaan die moontlikheid dat elke orrelis, na aanleiding van die karakter van die teks by die spesifieke melodie wat as voorspel gaan dien, die registrasie kan aanpas. Daarom is die voorsiening van slegs manuaalverdelings vir 'n reeks bundels wat op die AGB van 1978 gepubliseer is, in plaas van spesifieke regi= strasie-aanduidings, 'n beter voorstel.

Die voorsiening van psalm- en gesangnommers by elke ver= werking is 'n baie groot hulpmiddel. Die enkellynmelodie is in Band 6 met 'n vierstemmige harmoniese besetting ver= vang, wat myns insiens en volgens die oordeel van die orrelis= te en dosente aan universiteite (Argiefmateriaal), 'n groot verbetering is. 'n Verdere hulpmiddel tot die gemaklike gebruik van die reeks kan die voorsiening van beraamde tydsdure wees, wat die keuse van sekere werke in spesifieke momente van die kerkdiens sal vergemaklik. Hierdie voor= stel word deur die respondente gesteun (Argiefmateriaal; Orreliste, 1990:Vraelyste).

Ongelukkig moes die laaste band ook oorhaastig gepubliseer word (Louw, 1990:Onderhoud; Theron, 1990:Telefoniese gesprek), wat veroorsaak het dat die gehalte van die produk laer is as wat dit met deegliker werk sou wees. Daar is 'n stewiger omslag vir Band 6 beplan, omblaaimomente wat pro= blematies is moes nog aandag geniet en die linieering van die notebeelde is nie gefinaliseer nie (Theron, 1990:Telefonie= se gesprek). Hierdie probleme behoort by toekomstige uit= gawes verbeter te word, maar ongelukkig lei die eerste druk nogtans gebrek aan korrektheid in hierdie opsigte. Band 1 bevat byvoorbeeld op bladsy 44 die register-aanduiding "Sedek" wat "Gedek" moes wees. Die vertikale notebeeld van Band 6 is op bladsy 46, maatnommer 6 en bladsy 54, in die algemeen foutief.

Die empiriese ondersoek het aan die lig gebring dat die orreliste hierdie reeks bande verwelkom en, met inagneming van die aanbevelings deur hulle voorsien (soos in Afdeling B vervat), dat hulle graag voorsiening van toekomstige publi= kasies verlang.

Die navorsing het aangetoon dat die reeks **Liturgiese Orrel=musiek** Bande 1 tot 6, in 'n baie groot behoefte by orreliste aan kerke wat van die AGB van 1978 gebruik maak, voorsien. Dit bevat werke wat aan die tegniese vermoëns van die ge=middeld-opgeleide orrelis voldoen. Die algemene kerkganger kan, soos die studie aandui, aanklank vind by die meerder=heid werke. Indien foutiewe publikasietegnieke en musiek-terminologiese inkonsekwensies en teenstrydighede, sowel as stilistiese onjuisthede, in toekomstige bundels vermy word, kan hierdie bundels van 'n uitstaande gehalte wees. Die voorsiening van liturgies verantwoordbare koraalvoorspele ten opsigte van 'n geskikte styltipe, wat die hart van die kerklike luisteraar aanspreek en nogtans van 'n hoogstaande artistieke kwaliteit is, word vanuit die navorsing, as nood=saaklik beskou. **Liturgiese Orrelmusiek** kan sodoende, vir die toegewyde kerkorrelis, 'n onmisbare deel van sy beskikbare musikale toerusting wees.

BYLAE 1 TOT 25

# BYLAE 1

## VRAELYS-SAMESTELLERS

## BANDE 1 EN 2

1 By wie het die oorspronklike gedagte ontstaan om Litur= giese Orrelmusiekbande uit te gee?

---

2 Is die projek begin vanweë 'n spesifieke behoeftebepaling of uit eie behoefte?

---

3 Wat was die oogmerk waarom die projek geloods is?

---

4 Is die idee uit die staanspoor gunstig ontvang by die Eredienskommissie?

---

5 Hoe lank sedert die idee tot stand gekom het, kon u daadwerklik daaraan begin werk?

---

6 Hoe is die komitee van samestellers uitgesoek: Vrywil= ligers of is spesifieke persone gevra?

---

7 Waarom is op dié spesifieke formaat van die boek besluit?

---

8 Waarom is Band II saamgestel uit verwerkings van slegs Ps. 42?

---

9 Was daar enige spesiale bekendstelling van die bundel, anders as die reklamering en verspreiding daarvan?

---

10 Is enige navorsing gedoen oor die gewildheid van die bundels by orreliste?

---

11 Het komponiste maklik hul samewerking gegee of was daar nie 'n gunstige reaksie op die samestelling van so 'n bundel nie?

______________________________

12 Watter kriteria (indien enige), is aan komponiste gestel ten opsigte van moeilikheidsgraad en styl van komposi= sie?

______________________________

13 Watter metode is gevolg om komponiste te identifiseer?

______________________________

14 Waarom word geen werke van erkende Suid Afrikaanse komponiste soos Arnold van Wyk/Hubert du Plessis enso= voorts in die publikasies waargeneem nie?

______________________________

15 Wat was die metode van evaluering of 'n komposisie aan= vaar word vir publikasie of nie?

______________________________

16 Is enige vorm van liturgiese vereistes aan komponiste gestel met betrekking tot spesifieke korale en metodes van komposisie?

______________________________

17 Watter groep orreliste is in gedagte gehou by die keuse van komposisies:

Minder gekwalifiseerde orreliste? ______________

Gevorderde orreliste? ______________

Die wye groep orreliste? ______________

# VRAELYS-SAMESTELLERS

# BANDE 3 TOT 6

1 Hoe is die komitee van samestellers uitgesoek: Vrywil= ligers of is spesifieke persone gevra?

---

2 Waarom is op dié spesifieke formaat van die boek besluit?

---

3 Was daar enige spesiale bekendstelling van die bundel, anders as die reklamering en verspreiding daarvan?

---

4 Is enige navorsing gedoen oor die gewildheid van die bundels by orreliste?

---

5 Het komponiste maklik hul samewerking gegee of was daar nie 'n gunstige reaksie op die samestelling van so 'n bundel nie?

---

6 Watter kriteria (indien enige), is aan komponiste gestel ten opsigte van moeilikheidsgraad en styl van komposisie?

---

7 Watter metode is gevolg om komponiste te identifiseer?

---

8 Waarom word geen werke van erkende Suid Afrikaanse komponiste soos Arnold van Wyk/Hubert du Plessis ensovoorts in die publikasies waargeneem nie?

---

9 Wat was die metode van evaluering of 'n komposisie aan= vaar word vir publikasie of nie?

______________________________________________

10 Is enige vorm van liturgiese vereistes aan komponiste gestel met betrekking tot spesifieke korale en metodes van komposisie?

______________________________________________

11 Watter groep orreliste is in gedagte gehou by die keuse van komposisies:

Minder gekwalifiseerde orreliste? ____________________

Gevorderde orreliste? ____________________

Die wye groep orreliste? ____________________

# BYLAE 2

## VRAELYS-ORRELISTE

1 Maak u gebruik van die Liturgiese Orrelmusiekbande?

| JA | NEE |
|---|---|

Indien nie, hoekom nie?

2 Hoe belangrik beskou u die voorsiening van sulke boeke?

3 Watter van die ses bande is by u meer gewild?

| | |
|---|---|
| Band 1 | |
| Band 2 | |
| Band 3 | |
| Band 4 | |
| Band 5 | |
| Band 6 | |

4 Maak u van al die werke in 'n bundel gebruik?

| JA | NEE |
|---|---|

Indien nie, watter styltipe vermy u en hoekom?

5 Beskou u die musiek geskik vir erediensgebruik?

| JA | NEE |
|---|---|

6 Evalueer die moeilikheidsgraad van bande 1 tot 6:

| | Maklik | Gemiddeld | Baie moeilik |
|---|---|---|---|
| Band 1 | | | |
| Band 2 | | | |
| Band 3 | | | |
| Band 4 | | | |
| Band 5 | | | |
| Band 6 | | | |

7 Is die notebeeld maklik leesbaar?

| JA | NEE |
|---|---|

8 Is dit maklik om die registrasievoorskrifte na te kom op u orrel?

| JA | NEE |
|---|---|

9 Ondervind u enige probleme, tydens voordrag, ten opsig= te van die volgende:

Lengte van werke: ____________________

Omblaai: ____________________

Harmoniese wisselings: ____________________

10 Hoeveel uur per week berei u voor aan werke uit die Liturgiese Orrelmusiekbande?

________________________________________

11 Vind die verwerkings, na u mening, aanklank by die gemeente?

| JA | NEE |
|---|---|

Indien ja, verduidelik watter styltipes meer aanklank vind as ander en hoekom.

---

Indien nee, om watter rede sou u beweer, vind die ver= werkings nie aanklank nie. Noem ook asseblief 'n paar sulke voorbeelde.

---

12 Is die formaat van die Liturgiese Orrelmusiekbande 1-5 maklik hanteerbaar?

| JA | NEE |
|---|---|

Verkies u liewer 'n formaat soos dié van band 6?

| JA | NEE |
|---|---|

13 Ondervind u enige ander leemtes in die bundels?

| JA | NEE |
|---|---|

Verduidelik asseblief.

---

14 Is daar 'n behoefte aan nog sulke bundels?

| JA | NEE |
|---|---|

15 Wat is u aanbevelings vir nuwe bundels geklassifiseer volgens:

Styl (watter tipe 'n aanbeveling): ____________________

Moeilikheidsgraad: makliker/dieselfde/moeiliker: ______

---

Kerkjaar (watter tye moet meer aandag geniet: ______

---

16 Sou u vind dat hierdie Liturgiese Orrelmusiekbande aan die verwagtinge van die gemiddelde kerkorrelis voldoen?

| | |
|---|---|
| JA | NEE |

Indien nie, verduidelik asseblief.

---

17 Maak u gebruik van enige ander kerkmusiekbundels?

| | |
|---|---|
| JA | NEE |

Indien wel, watter?

---

18 Hoe het u gehoor van die bestaan van Liturgiese Orrel=musiekbande?

---

19 Is die bladmusiek maklik bekombaar?

| | |
|---|---|
| JA | NEE |

20 Enige ander kommentaar?

---

21 Watter instrument word gebruik?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Klavier | Elektriese Orrel (bv Yamaha) | Rekenaar Elektronikum | Pyp= orrel |

**PERSOONLIKE GEGEWENS**

Naam: ______________________________

Adres: ______________________________

______________________________

Musiekkwalifikasies: ______________________________

Orrelkwalifikasies: ______________________________

Vir hoe lank is u al orrelis/te: ______________________________

Woon u orrelkursusse by: ______________________________

Is u 'n lid van SAKOV: ______________________________

# MUSIEK VIR DIE KERKLIKE HUWELIKSBEVESTIGING EN MUSIEK VIR DIE BEGRAFNISDIENS

## Musiek vir die Kerklike Huweliksbevestiging

| | Naam | Werk | Publikasie, Uitgewers |
|---|---|---|---|
| 1 | Sigfrid Karg-Elert | Now thank we all our God. | Fourteen Choral-Improvisations Op. 65 no. 13. The British and Continental Music Agen= sies Ltd., 64 Dean Street, London, W.I. |
| 2 | J.S. Bach arranged by Harvey Grace | Now thank we all our God (Chorus from Cantata no. 79) | Oxford University Press. |
| *3 | Reger | Nun Danket alle Gott | 30 Kleine Choralvorspiele Op. 135a Ed. Peters No. 3980 |
| *4 | Johann Crüger, arranged by Harold Decou | Now thank we all our God | The Sunday Morning Orga= nist Volume 1. Edited by Norman Johnson Singspira= tion Inc. World Distribu= tors Zondervan Publishing House Grand Rapids, Michi= gan. |
| *5 | Willem Mudde | De Heer is God en nie= mand meer | Canonische Koraalbewer= kinge 2de druk, Uitgave J.A.H. Wagenaar-Utrecht |
| *6 | Johann Gottfried Walter | Herr Gott, dich loben alle wir | J.G. Walther: "Orgelchoräle" Ed. Poppen Verlag Kallmeyer |

*Komposisies wat in Band 1 opgeneem is

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7 | Johann Pachelbel | Herr Gott, dich loben alle wir | "Ausgewählte Orgelwerke" Ed. Matthai, Verlag Bärenreiter |
| 8 | John Joubert | Prelude on the "Old 100th" | Oxford University Press, Music Dept., 44 Conduit Street, London, W.1. |
| 9 | J.S. Bach | Liebster Jesu, wir sind hier | |
| *10 | J.S. Bach | Herr Christ, der ein'ge Gottes-Sohn | Gesamtausgabe (Bach-Gesellschaft), Breitkopf und Härtel |
| 11 | J.S. Bach | Liebster Jesu, wir sind hier | |
| 12 | Johann Gottfried Walter | Liebster Jesu, wir sind hier | Orgelchoräle Ed. Poppen Verlag Kallmeyer |
| 13 | Reger | Liebster Jesu, wir sind hier | 30 Kleine Choralvorspiele Op. 135a Ed. Peters No. 3980 |
| 14 | J.S. Bach | In Dir ist Freude | Peters |
| 15 | J.S. Bach | Wachet auf, ruft uns die Stimme | Peters 8661 - 8662 |
| *16 | Reger | Lobe den Herren, den mächtigen König der Ehren | 30 Kleine Choralvorspiele Op. 135a Peters 3980 |
| *17 | Reger | Valet will ich dir geben | 30 Kleine Choralvorspiele Op. 135a. Peters 3980 |
| 18 | Paul Kickstatt (sic.) | Freu dich sehr, o meine Seele | Choral-Vorspiele Heft 1 Möseler Verlag Wolfenbüttel |

*Komposisies wat in Band 1 opgeneem is

| | | | |
|---|---|---|---|
| * 19 | Georg Boehm | Freu dich sehr, o meine Seele (Part, 3, 5, 7, 9, 11) | Sämmtliche Werke Vol. II Ed. Wolgast (Breitkopf und Härtel) |
| 20 | Willem Mathlener | Gesang 17 | |
| * 21 | Reger | Ein feste Burg ist unser Gott | 30 Kleine Choralvorspiele Op. 135a Peters 3980 |
| * 22 | Jan Swart | Een vaste Burg is onze God | Boek 1 Nederlandse Orgel=musiek - Koog a/d Zaar |
| 23 | Mendelssohn | Sonate no. 6 (Allegro Molto) | Novello |
| 24 | Lili Wieruszowski | Psalm 36/68 Jauchz, Erd und Himmel | Choralvorspiele für Orgel 1. Hugenottenpsalmen Zwingli-Verlag Zürich |
| 25 | Johann Pachelbel | O Mensch, bewein dein Sünde gross | Ausgewählte Orgelwerke Ed. Matthai, Verlag Bä=renreiter |
| 26 | Cor Kee | Den 19de Psalm | Uitgave G. Alsbach & Co. Amsterdam |
| 27 | J.S. Bach | Allein Gott in der Höh sei Ehr' | Augener 9979, Bd. IX |
| 28 | Henry Purcell, arr. by Ernest A. Dicks | Trumpet Voluntary | Short and easy pieces for the organ Bayley & Ferguson, Ltd. London: 2 Great Marlborough Street, W. |
| 29 | Jacobus Kloppers | Ps. 66 | |
| * 30 | Jacobus Kloppers | Ps. 128 | |

*Komposisies wat in Band 1 opgeneem is

| Naam | | | |
|---|---|---|---|
| *31 | Georg Friedrich Händel | Hallelujakoor | |

## Musiek vir die Begrafnisdiens

| | | | |
|---|---|---|---|
| *1 | J.S. Bach | Alle Menschen müssen ster= ben | Peters V |
| *2 | J.S. Bach | Ich ruf zu dir | Peters V |
| *3 | J.S. Bach | Herzlich tut mich ver= langen | Peters V |
| *4 | J.S. Bach | Wenn wir in höchsten Nöten sein | Peters VII |
| *5 | J.S. Bach | Ach Herr lässt dein lieb Engelein (uit Johannes-Passie) | Peters |
| *6 | Ludwig Krebs | Alle Menschen müssen sterben | |
| *7 | Georg Boehm | Ps. 42/Partita | |
| *8 | Max Reger | Wer nur den lieben Gott lässt walten | Peters |
| *9 | Merkel | Wer nur den lieben Gott lässt walten | |
| *10 | J.S. Bach | O Welt ich muss dich lassen (Koraal) | |
| *11 | Johann Walther | Jesu meine Zuversicht | |

*Komposisies wat in Band 1 opgeneem is

| Naam | Werk | Publikasie, Uitgewers |
| --- | --- | --- |
| *12 Strungk | Herzlich tut mich ver= langen | |
| *13 Kloppers | Ges. 180 | |

*Komposisies wat in Band 1 opgeneem is

(Argiefmateriaal)

# BYLAE 4
# KONSEP-OOREENKOMS

KONSEP-OOREENKOMS

VIR DIE UITGEE VAN

DIE REEKS LITURGIESE ORRELMUSIEK

tussen

N.G. KERK-UITGEWERS

(hierna genoem die Uitgewers)

en

DIE SINODALE KOMMISSIE VIR KERKSANG EN -MUSIEK VAN

DIE NED. GEREF. KERK IN DIE O.V.S. VIR DIE INSTITUUT

VIR KERKMUSIEK AAN DIE U.O.V.S.

(hierna genoem die Samestellers)

Aangesien die Samestellers beoog om manuskripte oor Litur= giese Orrelmusiek saam te stel en begerig is dat die Uitge= wers dit sal publiseer.

So word hiermee ooreengekom:

1. Dat die Samestellers oor elke beoogde publikasie 'n raam= werk sal opstel in oorleg met die kommissie vir kerksang en -musiek van die ander Ned. Geref. Sinodes ten einde die wydste moontlike samewerking tussen die betrokke instansies vir die bevordering van kerkmusiek en -sang binne die Ned. Geref. Kerk te verkry.

2. Dat die Samestellers deurgaans lewensvatbaarheid van die komposisies sal beklemtoon.

3. Dat die Uitgewers die reg sal behou om 'n manuskrip af te keur indien die Uitgewers van oordeel is dat die beoogde publikasie nie sal verkoop nie.

4. Dat die Samestellers namens die Uitgewers met die kom= poniste sal onderhandel en alle outeursregte wat die komponiste op hulle komposisies mag hê ten gunste van die Uitgewers sal bekom aan die hand van 'n kontrak wat die Uitgewers sal opstel en dit saam met die manu= skrip aan die Uitgewers sal oorhandig.

5. Dat die Uitgewers geen outeursgelde aan die komponiste verskuldig sal wees in ruil vir hulle outeursregte wat aan die Uitgewers oorgedra word nie.

6. Dat die Uitgewers finaal sal besluit oor die gehalte papier, formaat, bindstyl, tipografie, die wyse van uitgee, die verkoopprys en die verspreiding van 'n pu= blikasie.

7. Dat die Samestellers alles in hulle vermoë sal doen om die Uitgewers by te staan in die bekendstelling en reklame van 'n publikasie.

8. Dat die Samestellers die proeflees van alle musiekproewe sal onderneem en sal toesien dat daar op die proewe geen outeurskorreksies en/of -byvoegings gemaak sal word nie.

9. Dat die Uitgewers aan die Samestellers by verskyning van 'n publikasie 'n bedrag sal betaal wat gelyk staan aan 6% van die verkoopprys van die hele oplaag min pligeksemplare, eksemplare vir resensie en gratis-eksem= plare.

Aldus gedoen en geteken vandag die .................. 1975
in Bloemfontein.

GETUIES:

1. ....................  Die Regspersoon van

2. ....................  die Samestellers: ..........

..........

..........

..........

Aldus gedoen en geteken vandag die .................. 1975
in Kaapstad.

GETUIES:

1. ..................  ..........................

2. ..................  nms. die UITGEWERS

(Argiefmateriaal)

# BYLAE 5

## LYS VAN GRATIS EKSEMPLARE WAT UITGESTUUR IS

1 Mnr. Henk Temmingh, Musiekdepartement, Universiteit van Port Elizabeth, Posbus 1600, Port Elizabeth

2 Mnr. Willem Mathlener, Konservatorium vir Musiek, Privaatsak X315, Pretoria

3 Mnr. Stefans Grové, Toonkunsakademie, Universiteit Pretoria, Pretoria

4 Mev. R. Louw, Sondraai, Stellenbosch

5 Mnr. Joop Stam, Milnerweg 11, Waverley, Bloemfontein

6 Mnr. Chris Lamprecht, Nicolsonstraat 222, Brooklyn, Pretoria

7 Mnr. Roelof Temmingh, Konservatorium vir Musiek, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch

8 Die Departementshoof, Konservatorium vir musiek, Stel=lenbosch

9 Die Departementshoof, College of Music, Universiteit Kaapstad, Kaapstad

10 Die Departementshoof, Universiteit van Port Elizabeth, Posbus 1600, Port Elizabeth

11 Die Departementshoof, Departement Musiek, Universiteit van Grahamstad, Grahamstad

12 Die Departementshoof, Musiekwetenskap, Unisa, Posbus 392, Pretoria

13 Die Departementshoof, Dept. Musiek, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom

14 Die Departementshoof, Universiteit van Natal, Durban

15 Die Departementshoof, Toonkunsakademie, Universiteit van Pretoria, Pretoria

16 Die Direkteur, Transvaalse Kerkmusiekskool, De Wet=straat 11, Krugersdorp

17 Die Direkteur, Konservatorium vir Musiek, Windhoek, S.W.A.

18 Die Hoof, Departement Musiek, Tegniese Kollege, Preto=ria

19 Die Direkteur, Musiekeksamen-afdeling, Unisa, Posbus 392, Pretoria

20 Die Direkteur, Konservatorium vir Musiek, Privaatsak X315, Pretoria

21 Dr. Anton Hartman, S.A.U.K., Johannesburg
22 Die Redakteur, Die Volksblad, Posbus 267, Bloemfontein
23 Die Redakteur, Die Rapport
24 die Redakteur, Die Kerkbode
25 Die Redakteur, Die Voorligter
26 Die Redakteur, die Hervormer
27 Die Redakteur, die Kerkblad
28 Die Redakteur, Die Burger
29 Die Skriba, Kommissie vir die erediens, Algemene Sinode

(Argiefmateriaal)

# BYLAE 6

# LITURGIESE ORRELMUSIEK BAND 3

1 Die drie-enige God

Ges. 6 Heilig, heilig, heilig (Nicaea)

2 God die Vader

1. Ges. 31 (194) O Here God, so groot in majesteit (Ps. 116)
2. Ges. 38 U wat van ouds af ons behoed (O God our help in ages past)
3. Ges. 47 Op berge en in dale
4. Ges. 63 Lofsing die Here (Lobet den Herren)

3 God die Seun

Advent

1. Ges. 80 O Christus ons verlange (AGB 106)
2. Ges. 78 U het gekom Immanuel
3. Ges. 81 Maak oop die poorte (Macht hoch die Tür)
4. Ges. 79 Kom loof die God van Israel (Brother James' air)

Kersfees

1. Ges. 85 Redder van ons lewe (Nu zijt wellekome)
2. Ges. 83 Soos daar reeds lank tevore (Es ist ein' Ros' entsprungen)
3. Ges. 92 Soos die herders (Quempas)
4. Ges. 49 Jesus ons loof U (Schönster Herr Jesu)
5. Ges. 88 Kom alle getroues (Adeste Fideles)
6. Ges. 97 Die Woord - die Heer (Coventry Carol)
7. Ges. 99 O Jesuskind rein
8. Ges. 102 Loof die God van ons verlange (Fröhlich soll mein Herze spingen)
9. Ges. 105 Vol vreugde sing die eng'leskaar (Susa= ni wiegelied)
10. Ges. 107 Vier bly van gees die Christusfees (AGB 113)

Lydenstyd

1. Ges. 119 O Lam van God, onskuldig (O Lamm Gottes unschuldig)
2. Ges. 114 Ontsluit o Heer, ontvlam ons hart (AGB 117)
3. Ges. 120 Vervul o Heer, my hart (Herzliebster Jesu)
4. Ges. 115 Jesus dit wat U moes ly (Jesu Kreuz, Leiden und Pein)
5. Ges. 123 My Verlosser aan die kruis (AGB 122)
6. Ges. 124 O Lam van God, onskuldig (O Welt, ich muss dich lassen)
7. Ges. 125 Die Heiland sterf (AGB 127)
8. Ges. 48 Hoor hoe die Regter (Wenn wir in höchs= ten Nöten sein)
9. Ges. 130 Middelpunt van ons verlange (AGB 118)
10. Ges. 131 Ons kniel hier aan U voete (AGB 46)

Paasfees

1. Ges. 139 Die groot en blye dag breek aan (Ersc= hienen ist der herlich Tag)
2. Ges. 141 Ons loof U Vader op die troon
3. Ges. 142 Kom almal laat jul stem verrys
4. Ges. 152 Juig met feesgeluid (Ps. 47)
5. Ges. 147 Ons hoor die Paasfeesklokke (Ps. 128)

Hemelvaart

1. Ges. 156 Waarom sal ons op hierdie aarde (Ich will dich lieben, meine Stärke)
2. Ges. 163 Loof Christus, roem sy wonderdade (Ps. 105)

Wederkoms en Voleinding

1. Ges. 177 Ek sien 'n nuwe hemel kom (Crimond)
2. Ges. 175 Net soos die landman wat tevrede (Ps. 66)

Lof van Jesus

1. Ges. 182 Besing die lof van Jesus (All hail the power of Jesus Name)
2. Ges. 188 Sing met vreugde, sing (Ps. 81)

3. Ges. 193 Ons buig ons voor u voete neer (AGB 44)
4. Ges. 200 Jesus wat my liefhet Heer (Jesus Lover of my soul)
5. Ges. 192 Jesus, rots vir my geslaan
6. Ges. 202 Here, hoe blymoedig (AGB 57)

4. Die Heilige Gees

Pinkster

1. Ges. 213 O Heil'ge Gees (Wie schön leuchtet der Morgenstern)
2. Ges. 214 O Gees van Vader en van Seun (Ps. 84)
3. Ges. 205 Heil'ge Gees, U bou 'n tempel (AGB 38)
4. Ges. 206 O Heil'ge Gees, ons Heer (Come down o Love Divine)
5. Ges. 212 (234) Die Here salf ons met sy Gees (St Peter)
6. Ges. 211 Gees van God en Gees van lewe (Komm, o komm, du Geist des Lebens)

Die Koninkryk

1. Ges. 216 Herskep o Gees, laat leef (AGB 84)

Verlossing

1. Ges. 236 Verlosser, Vriend o Hoop, o Lus (AGB 49)

Kennis van sonde

1. Ges. 242 O Jesus, in u lyding

Geloof en bekering

1. Ges. 247 My volk, Ekself het jou verwek (AGB 76)
2. Ges. 252 Ontwaak jy wat slaap (AGB 60)

Heiliging

1. Ges. 261 Salig is die opregtes van gemoed
2. Ges. 266 Voor u wet Heer, staan ons skuldig (Ps. 25)
3. Ges. 262 Gods wet vra enkel liefde (AGB 71)

4. Ges. 264 God enkel lig (AGB 66)
5. Ges. 268 Liefdevolle Hemelvader (Ps. 38)

Vertroosting

1. Ges. 212 Rus my siel (AGB 22)
2. Ges. 279 Bly by my Heer
3. Ges. 288 Ek wil graag by my Vader wees (J.J.K. Kloppers)

5 Kerk en Erediens

Die Woord van God

1. Ges. 305 Heugelike tyding (AGB 36)

Die doop

1. Ges. 318 Ons dank u Heer (AGB 93)

Nagmaal

1. Ges. 325 Laat ons Heer u dood verkondig (AGB 98)

Gemeente

1. Ges. 336 Allerhoogste Hemelvader (Praise my soul the King of Heaven)

(Argiefmateriaal)

# BYLAE 7

# KONSEP VIR LITURGIESE ORRELMUSIEK BAND 3

## A DIE DRIE-ENIGE GOD

*1. Koraalvoorspel : Heilig, heilig, heilig (Ges. 6)
D. de Villiers

## B GOD DIE VADER

2. Klein Partita : God is my lied (Ges. 11)
H.P. van der Westhuizen

*3. Koraalvoorspel : O Here God, so groot in majesteit (Ges. 31)
C. Lamprecht

4. Koraalvoorspel : Op berge en in dale (Ges. 47)
E. Davey

5. Naspel : Lofsing die Here (Ges. 63)
H. Roosenschoon

## C ADVENT EN KERSFEES

6. Fantasie : U het gekom Immanuel (Ges. 78)
G. Fagan

7. Koraalvoorspel: O Christus ons verlange (Ges. 80)
P. de Villiers

*8. Koraalvoorspel: Soos daar reeds lank tevore (83)
C. Lamprecht

9. Koraalvoorspel: Redder van ons lewe (Ges. 85)
H. du Plessis

*10. Koraalvoorspel: Kom alle getroues (Ges. 88)
W. Viljoen

*11. Koraalvoorspel: O Jesuskind rein (Ges. 99)
M. Fischer

12. Naspel : Vier bly van gees die Christusfees (Ges. 107)
W. Mathlener

## D LYDENSTYD

13. Fantasie : Ontsluit o Heer, ontvlam ons hart (Ges. 114)
H. Temmingh

| | | | |
|---|---|---|---|
| *14. | Tussenspel | : | O Lam van God, onskuldig (Ges. 124)<br>A. Troskie |
| 15. | Tussenspel | : | Vervul, o Heer, my hart met stille wyding (Ges. 120)<br>(a) J. Oley<br>* (b) J. Weyrauch |
| 16. | Tussenspel | : | O, Lam van God, onskuldig (Ges. 124)<br>M. Reger |
| *17. | Fantasie | : | Hoor hoe die Regter (Ges. 128)<br>R. Temmingh |
| *18. | Tussenspel | : | Middelpunt van ons verlange (Ges 130)<br>H. Babst |
| 19. | Partita | : | Ons kniel hier aan u voete (Ges. 131)<br>B. Bierman |

E PAASFEES EN HEMELVAART

| | | | |
|---|---|---|---|
| *20. | Naspel | : | Kom, almal, laat jul stem verrys (Ges. 142)<br>G. Olivier |
| *21. | Koraalvoorspel | : | Ons hoor die Paasfeesklokke (Ges. 147)<br>W. Lüdemann |
| *22. | Koraalvoorspel | : | Juig met feesgeluid (Ges. 152)<br>I. Grové |
| 23. | Partita | : | Loof Christus, roem sy wonderdade (Ges. 163)<br>W. Zorgman |

F DIE HEILIGE GEES

| | | | |
|---|---|---|---|
| *24. | Koraalvoorspel | : | Heil'ge Gees, U bou 'n tempel (Ges. 205)<br>A. van Namen |
| 25. | Koraalvoorspel | : | Die Here salf ons met sy Gees (Ges. 212)<br>C. Stewart |
| *26. | Koraalvoorspel | : | O Gees van Vader en van Seun (Ges. 214)<br>C. Goudimel |
| 27. | Koraalvoorspel | : | Verlosser, Vriend, ons Hoof en Heer (Ges. 236)<br>H. Roosenschoon |

| | | | |
|---|---|---|---|
| *28. | Koraalvoorspel | : | O Jesus, in u lyding (Ges. 242)<br>G. Cillié |
| +29. | Koraalvoorspel | : | Voor u wet, Heer, staan ons skul=<br>dig (Ges. 266)<br>J. Kloppers |
| *30. | Koraalvoorspel | : | Liefdevolle Hemelvader (Ges. 268)<br>C. le Jeune |
| 31. | Koraalvoorspel | : | Bly by my Heer (Ges. 279)<br>G. Newcater |

* Werke wat in Band 3 opgeneem is

\+ Werke wat in Band 4 opgeneem is

(Argiefmateriaal)

# BYLAE 8
# OOREENKOMS

MEMORANDUM van OOREENKOMS aangegaan tussen

------------------------------

(Volle naam, van en adres van Komponis)

hierin later verwys na as die Komponis

en

Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die O.V.S.

(hierin verteenwoordig deur (1) ...........................

(2) ...........................

hierin later verwys na as die Uitgewer

Die partye hiertoe kom soos volg ooreen:

1.

DIE Komponis dra hiermee aan die Uitgewer outeursreg in die orrel-koraalverwerking getiteld .......................... ......................................................oor solank elke besondere outeursreg daarin voortbestaan. Die Komponis magtig die Uitgewer om daarmee te handel asof laasgenoemde die Komponis daarvan is.

2.

Die Uitgewer betaal aan die Komponis die bedrag van R.................... vir die outeursreg vermeld in paragraaf 1 hierbo.

3.

Die Komponis bevestig dat die orrel-koraalverwerking 'n oor=spronklike werk is en dat hy die eienaar van die outeursregte daarin is en dat hy nog nie voorheen die outeursregte wat hierkragtens oorgedra word aan enige persoon, maatskappy

of firma oorgedra het of vergunning of lisensie ten opsigte daarvan verleen het nie en dat dit nog nie voorheen met sy vergunning gepubliseer is nie.

4.

DIE partye bevestig dat die ooreenkoms die gehele ooreenkoms tussen die partye daarstel.

ALDUS gedoen en geteken deur die Komponis te ...............
op ..................................................

AS GETUIES:

1. ...........................

2. ..........................

ALDUS gedoen en geteken deur die Uitgewer te ..............
op ..........................

AS GETUIES:

1. ..........................

2. ...........................

(Argiefmateriaal)

# BYLAE 9
# LITURGIESE ORRELMUSIEK

Komponiste wat meegewerk het aan huidige bundels:

Hans Babst
G.G. Cillié
Dirkie de Villiers
Stefans Grové
Izak Grové
Johan Greyling
Jacobus Kloppers
Chris Lamprecht
Winfried Lüdemann
W. Mathlener
Gerrit Olivier
Hetta Potgieter
Laurie Potgieter
J.H. Potgieter
Henk Temmingh
Roelof Temmingh
Albert Troskie
Arie van Namen
Cor Vermaas
Nicol Viljoen
Wim Viljoen

(Argiefmateriaal)

# BYLAE 10

# BESTAANDE VERWERKINGS

Bestaande verwerkings - Liturgiese Orrelmusiek I - V

Ps. 23

25 (Ges. 266)

36 (Ps. 68, Ges. 4, 12, 19, 53, 149, 155, 186, 335)

38 (Ges. 268, 310)

42 (Ges. 9, 57, 199, 306)

47 (Ges. 152)

51 (Ges. 21, 51)

65 (72, Ges. 125)

66 (98, 118, Ges. 25, 40, 175, 207, 309, 337)

74 (116, Ges. 31, 191)

84 (Ges. 169, 214, 258, 302, 313)

94 (105, Ges. 163)

×3 128 (Ges. 147, 167, 224, 338)

130

134

Ges. 2 (22, 238, 260)

×2 5 (65)

6

8 (142)

11 (323)

13 (194, 353)

15 (59, 228, 320)

24 (135, 196, 317)

26 (130, 245)

×3 29 (180, 225, 253, 267, 287)

37 (79)

×2 39 (176, 273, 277)

46 (205, 226)

47

×2 56 (122, 132, 133)

61 (311)

62 (336)

63 (222)

66 (113, 204, 213, 291, 340)

Ges. <u>8385</u>
<u>88</u>
<u>92</u>
<u>96</u>
<u>99</u>
<u>100</u> (131, 162, 173, 232, 334 alt)
<u>102</u> (198)
<u>103</u>
<u>105</u>
<u>115</u>
<u>119</u>
×2 <u>120</u>
<u>123</u>
<u>124</u> (<u>283</u>, 350)
<u>128</u> (241, <u>284</u>, 346)
<u>138</u> (174, <u>227</u>)
<u>141</u>
158 (166, 239, <u>275</u>, 285)
<u>192</u>
<u>201</u>
<u>202</u>
<u>203</u>
<u>217</u> (218)
<u>242</u>
<u>243</u>
<u>252</u>
<u>262</u>
276 (<u>289</u>)
<u>279</u>

(Argiefmateriaal)

# BYLAE 11

## MOONTLIKHEDE VIR NUWE KORAALVERWERKINGS

Ps. 8(ii) (geen)
9 (geen)
19 (Ges. 209)
21 (Ps. 96, Ges. 161, 263) (geen)
24 (Ps. 62, 95, 111, Ges. 308)
25 (Ges. 266)
31 (Ges. 20) (geen)
33 (ii)
38 (Ges. 268, 310) (geen)
48 (geen)
51 (Ges. 21, 51)
65 (Ps. 72, Ges. 125)
66 (Ps. 98, 118, Ges. 25, 40, 175, 309, 337)
74 (Ps. 116, Ges. 31, 191)
77 (Ps. 86, 102, Ges. 49)
84 (Ges. 214, 258, 302, 313)
89 (Ges. 7)
90 (geen)
91 (geen)
94 (Ps. 105, Ges. 163)
100 (geen)
103 (Ges. 52) (geen)
107 (geen)
115 (Ps. 135 (geen)
121
124 (geen)
130
138 (Ges. 129, 315, 332)
145 (geen)
147 (geen)
150 (Ges. 108)

| | |
|---|---|
| Ges. | 2 (22, 238, 260) |
| | 5 (65) |
| | 10 (23) |
| | 24 (135, 196, 317) |
| | 33 (230) |
| | 74 |
| | 80 (333) |
| | 89 (183) |
| | 90 (geen) |
| | 111 (134, 301) |
| | 114 (330) (geen) |
| | 117 |
| | 120 |
| | 177 |
| | 182 |
| | 188 |
| | 189 (349) |
| | 200 (244) |
| | 211 (223, 257, 259) |
| | 236 |
| | 264 (269) |
| | 270 (geen) |
| | 305 (geen) |

(geen): Sover die samestellers kon vasstel, bestaan daar geen verwerkings in enige bundel wat in Suid-Afrika beskikbaar is op hierdie melodieë nie (Theron, 1990:Onderhoud).

(Argiefmateriaal)

BYLAE 12

# Pragbundel vul leemte in kerkmusiek aan

SEDERT die geroep jare gelede al opgegaan het dat daar by kerklike huwelike afgesien word van Mendelssohn en Wagner se troumarse en by begrafnisse van die dodemarse van Händel en Chopin — 'n geroep wat sinodale onderstreping ondervind het — het kerkorreliste met reg gevra: As hierdie marse dan verboten is, waarheen moet 'n mens jou wend? Waar kry jy geskikte musiek?

In 'n keurig versorgde pragbundel *) wat pas verskyn het, word die antwoord op hierdie vrae verstrek. Dit bevat veertien orrelstukke vir die huweliksdiens en eweveel vir die begrafnisdiens. Die bundel word op 28 Oktober, om 3.30 nm. formeel in ontvangs geneem in die Odeion, Bloemfontein.

'n Paragraaf uit die voorwoord som die keuse en strekking van die werke goed op:

„By die keuse van huweliksmusiek is veral werke met 'n feestelik - lofsingende strekking ingesluit, by die begrafnismusiek werke waaruit Christelike vertroosting spreek, met doelbewuste vermyding van die ‚mars'-idee.

„Die orrelmusiek in hierdie bundel is daarom sonder uitsondering Woord - gebonde: Koraalverwerkings en transkripsies uit geestelike oratoriums en kantates met 'n *bekende strekking*."

By die deurspeel van die 28 voorbeelde het 'n aantal kernpunte duidelik geblyk.

Sonder om verspot maklik te wees, is geeneen van die komposisies bo die vuurmaakplek van die gemiddelde orrelis nie. 'n Hele paar is so eenvoudig dat selfs 'n swak opgeleide orrelis hulle met gemak sal kan speel, byvoorbeeld **Kom almal, dank die Heer** (huwelik) en **Skei ek uit hierdie lewe** (begrafnis).

Elkeen getuig van goeie smaak, soos te verwag kan wees as in ag geneem word dat van verwerkers soos Bach, Walther, Boehm en Reger gebruik gemaak is.

Twee splinternuwe verwerkings deur een van die opstellers, prof. J. J. K. Kloppers, vorm 'n pragtige toevoeging tot die skrale repertorium van inheemse orrelkomposisies wat werklike musikale waarde het.

Die feit dat twee verkorte transkripsies van Händel se Halleluja-koor by die huweliksmusiek ingesluit is (een elk deur prof. Kloppers en William M. Felton) gaan meebring dat hierdie juiglied nou dikwels op die regte plek en tyd gehoor word.

Die Psalms en Gesange waarop so baie van die ingeslote koraalverwerkings gebaseer is, is meesal heel bekendes vir orreliste en lidmate. Dit was 'n besondere ingewing om bo-aan elkeen van die Psalm- of Gesangverwerkings die melodielyn te verstrek.

Hierdie bundel is meer as slegs 'n wenslike toevoeging tot die boekereeks van die orrelis. Dit is 'n absolute noodsaaklikheid.

Die praktiese langwerpige vorm van die bundel, die tipografie, die keurige buiteblad en die hele inkleding stel die drukker, die opstellers en die Vrystaatse Sinodale Kommissie tot eer. Daar is nou ruimskoots in 'n lankgevoelde behoefte voorsien. — D. de V.

*) Barbara Louw en Jacobus Kloppers, **LITURGIESE ORRELMUSIEK Band 1, MUSIEK VIR DIE KERKLIKE HUWELIKSBEVESTIGING EN BEGRAFNISDIENS** uitgegee deur die N.G. Kerk van die O.V.S. se Sinodale Kommissie i.v.m. die Instituut vir Kerkmusiek aan die U.O.V.S., gedruk deur Studio Holland, Kaapstad, 1973, pp. 58, R5.50. Die bundel kan bestel word van die N.G. Kerkkantoor, St. Andrewstraat, Bloemfontein, of by die Sondagskoolboekhandel.

Uit: Die Volksblad. 1973-10-12

BYLAE 13

## *VERSAMELING VAN ORRELWERKE*

# n Baie belangrike gebeurtenis

DIE verskyning van hierdie versameling van 28 orrelwerke kan sonder huiwering 'n uiters belangrike gebeurtenis in die ontwikkeling van orrelmusiek in die erediens van die Afrikaanssprekende kerke op Calvinisties-Gereformeerde grondslag genoem word.

Orrelmusiek het oorspronk-k geen plek gehad in die alvinistiese erediens nie. inder as 'n eeu ná die Her-rming het dit egter reeds er en daar, ook in Neder-nd, weer verskyn. En tans dit algemeen gebruiklik. aar dit bly hoofsaaklik 'n ement wat oogluikend toe-laat word sonder dat van rkweë altyd duidelik mskrewe en gefundeerde glyne gegee word vir die se, funksie en plek daarvan die erediens. Besonder pro-ematies in hierdie verband die geleentheidsdienste, al die huweliks- en die grafnisdiens. Sedert 'n paar ar gelede weet die orreliste van N.G. gemeentes wél dat die tradisionele marse deur die Algemene Sinode afgekeur is. (Opmerking: Van wanneer af eintlik „tradisioneel"? — Mendelssohn se troumars volgens oorlewing eers sedert die troue van prins Friedrich Wilhelm van Pruise met prinses Victoria in Londen in 1858 . . .)

### BEHOEFTE

Maar wat mág 'n orrelis dan speel? En wát kan hy aan die bruidspaar en die dominee voorstel, veral as, in uitsonderlike gevalle, bv. se onvolledige kennis van die Acta Synodi miskien meebring dat selfs *hy* die arme orrelis op hierdie prinsipiële punt in die steek laat?

In die algemene voorwoord van die samestellers van die reeks „Liturgiese Orrelmusiek" lees ons: „Met hierdie reeks . . . word gepoog om te voorsien in 'n daadwerklike behoefte aan beskikbare orrelmusiek vir gebruik in ons gereformeerde liturgie: Orrelmusiek wat sentreer om die Woord, veral die gesonge kerklie." — Buiten die pas verskene band I word dan ook 'n reeks bundels in die vooruitsig gestel waarvan elke bundel verskillende verwerkings van één bepaalde Psalm of Gesang sal bevat.

### HUWELIKSMUSIEK

Tans onder bespreking is band I. Dit bevat 14 werke elk vir die huweliks- en begrafnisdiens. „By die keuse van huweliksmusiek is veral werke met 'n *feestelik-lofsingende* strekking ingesluit, by die begrafnismusiek werke waaruit *Christelike verstroosting* spreek, met doelbewuste vermyding van die ‚mars'-idee." (Voorwoord.) Die werke is sonder uitsondering Woord-gebonde: Koraalverwerkinge en transkripsies uit geestelike oratoriums en kantates met 'n bekende strekking. Die insluiting van transskripsies bv. Händel se Hallelujakoor in 'n moeiliker en 'n makliker, verkorte transkripsie, word ird die voorwoord netjies en oortuigend gemotiveer.

### GROOT BAAT

Die moeilikheidsgraad van die stukke verskil aansienlik en selfs die minder bedrewe orrelis sal groot baat vind by die gebruik van die bundel. (Pedaalspel is wél nodig!) Wat die keuse betref: Dit strek van Strungk en Boehm tot by Willem Mudde en Jacobs Kloppers. Met Reger en Merkel is ook die romantiese orrelmusiek na behore verteenwoordig.

Die uitgawe is keurig versorg met registrasie-, artikulasie- en tempo-voorskrifte en die twee samestellers verdien alle eer vir hul werk. Dit kan by alle orreliste, ook van ander kerkverband as N.G., as 'n waardevolle en uiters bruikbare versameling sterk aanbeveel word.

### 'N WERK

Vir die volgende bundels van die reeks net *een* wenk: Kort biografiese gegewens oor die komponiste sou 'n welkome en belangrike verryking kan wees.

BOEKE-blad

Ten slotte 'n spesiale woord van erkentlikheid en hoogste agting vir die musiekdrukkers Studio Holland in Kaapstad, wat die bundel gedruk het. Dit vervul 'n mens met trots en genoeë dat sulke pragtige drukwerk van hoogste kwaliteit in ons land gedoen kan word. 'n Mens kan samestellers en drukkers net alle sukses toewens met die werk aan band II en verderaan.

R.O.

***Liturgiese Orrelmusiek Band I. Musiek vir die Kerklike Huweliksbevestiging en Begrafnisdiens. Saamgestel deur Barbara Louw en Jacobus Kloppers. Uitgegee deur die Ned. Geref. Kerk van die O.V.S. se Sinodale Kommissie i.v.m. die Instituut vir Kerkmusiek aan die U.O.V.S.***

Uit: Die Burger. 1973-12-27

BYLAE 14

# 2de band van Liturgiese Orrelmusiek pas verskyn

DIE tweede band van die reeks Liturgiese Orrelmusiek onder redaksie van Barbara Louw en Jacobus Kloppers het so pas verskyn. Dit word uitgegee deur die NG Kerk van die OVS se Sinodale Kommissie i.v.m. die Instituut vir Kerkmusiek aan die UOVS.

Die eerste band, wat verlede jaar die lig gesien het, is gewy aan musiek vir huweliksbevestinge en begrafnisdienste, terwyl die tweede band 22 bewerkings van Psalm 42 bevat.

Die beplande bundels wat hierop sal volg, sal elkeen bestaan uit bewerkings van een of meer Psalm- of Gesangmelodieë.

Die komponiste wie se werk gekies is, strek van die Renaissance tot die huidige tyd.

Nogal bemoedigend is die feit dat die tweede band werke van sewe Suid-Afrikaanse komponiste insluit, te wete Rosa Nepgen, Mathlener, Henk Temmingh, Roelof Temmingh, Joop Stam, Chris Lamprecht en ook 'n bydrae uit eie pen.

Die Geneefse melodie van Psalm 42, wat as cantus firmus dien, is in Frans bekend as Ainsi qu'on oit le cerf bruire, in Duits as Wie nach einer Wasserquelle en in Afrikaans Soos 'n hert in dorre streke. Dit word in die Gesangboek vier keer aangewend, naamlik in Gesang 11, 43, 55 en 128.

Die speeltegnieke eise wissel aansienlik, van betreklik eenvoudige bewerkings tot moeilike trio's. Die bewerkings vir een manuaal sluit in die bydraes van Rosa Nepgen, Johann Pachelbel, die twintigse-eeuse Paul Kickstatt, Johan Jeep, J. S. Back, en Georg Boehm.

Die band is in twee dele verdeel. Die eerste 11 bewerkings is in die toonaard van F en die res in G.

'n Besonder interessante bydrae is 'n nuwe verwerking van Georg Boehm se tien variasies uit die partita: Freu dich sehr, o meine Seele. Ongelukkig word nie vermeld wie daarvoor verantwoordelik is nie. Die gemoedstemminge wissel in elke variasie en sluit in verlange, geweeklaag, hoop, vreugde en feestelike jubeling.

Ons eie komponiste se bydraes is geskryf in 'n verskeidenheid van stylsoorte. Sommige is suiwer diatonies, ander weer tonaal met 'n sterk chromatiese inslag. Enkeles is bitonaal en selfs vry atonaal.

Die samestellers het 'n uitstekende keuse gemaak, 'n keuse wat voorsiening maak vir orreliste met min tegniese vaardigheid aan die een kant en vir dié met virtuose gawes aan die ander kant. Die style is ook uiteenlopend genoeg om aan elke denkbare soort smaak bevrediging te gee.

In die ouer werke, waar vertolkingsinstruksies in die oorspronklike ontbreek, het die samestellers speelwenke aan die hand gedoen wat die registrasie, tempo en artikulasie betref.

Die bundel is keurig gedruk en 'n mens wil graag die hoop uitspreek dat dit nie soveel leesfoute as die eerste band bevat nie. — STEFANS GROVÉ.


Uit: <u>Rapport</u>. 1975-12-07

# BYLAE 15

## Wat kan ek speel?

*- G G Cillié*

**Liturgiese Orrelmusiek Band 1**
Die gebruik om by kerklike huweliksbevestigings troumarse te speel, het ongeveer in die middel van die 19de eeu in Engeland ontstaan. Dit was glo tydens die huwelik van een van Koningin Victoria se dogters dat die orrelis op die gedagte gekom het om Mendelssohn se huweliksmusiek uit "A Midsummer Night's Dream" te speel. (Die speel van dodemarse by begrafnisdienste is 'n ouer mode.) Mettertyd het dit vry algemeen geword, ook in ons land, om by kerkhuwelike die heidense troumarse van Wagner en Mendelssohn te speel. Dit is goeie musiek vir die opera-huis en die konsertsaal, maar kan nie geduld word tydens 'n diens in die kerk nie.




**Prof G G Cillié**

Orreliste en eredienskommissies wat erns daarvan maak om tydens erediensste slegs liturgies verantwoorde musiek te laat opklink, maak ernstig beswaar teen die speel van hierdie troumarse in die kerk. Hulle pogings om die marse verbied te kry, was nog nie orals suksesvol nie. Maar soos alle hervormings sal hierdie een ook tyd nodig hê om te slaag.

Intussen het Barbara Louw en Jacobus Kloppers van die UOVS 'n versameling gemaak van musiek geskik vir Kerklike Huweliksbevestigings en begrafnisse. Dit is uitgegee in 1972 deur die Sinodale Eredienskommissie van die Ned Geref Kerk in die OVS as LITURGIESE ORRELMUSIEK Band 1. Dit bevat veertien stukke geskik vir die huweliksdiens en veertien stukke vir die begrafnisdiens. Omdat die meeste van die stukke slegs enkele minute duur om uit te voer is hulle baie geskik vir dié geleenthede.

**Die Huweliksmusiek**
Met die uitsondering van twee orrelverwerkings van die Hallelujakoor uit die Messias van G F Händel (nos 13 en 14) is al die stukke in hierdie afdeling gebaseer op kerkliedere. Baie van laasgenoemde is bekende nommers in ons Afrikaanse Gesangboek van 1978, waarvan die tekste pas by die huweliksdiens. So is daar twee verwerkings van die "huweliks-Psalm", Ps 128, 'n eenvoudige een deur Reger (no 11) en 'n moeiliker een deur Kloppers (no 12). Dan is daar ook twee eenvoudige verwerkings van die loflied "Kom dank nou almal God" (Ges 5), een deur Reger (no 4) en een deur Decou (no 5).

Reger is ook verantwoordelik vir eenvoudige verwerkings van die bekende lofliedere, Ges 63 "Lofsing die Here, die Ewige, sing tot sy ere!" (no 6) en Ges 217, "'n Vaste burg is onse God" (no 7). 'n Baie mooi verwerking is dié van Boehm (no 3) van die Geneefse melodie vir Ps 42, maar eintlik met die oog op



**Liturgiese Orrelmusiek Band 1**

die woorde van Ges 199, "Rig omhoog jou hart op Christus". Van Willem Mudde is daar 'n verwerking van die loflied, Ges 2, "Die Heer is God en niemand meer" (no 1), wat 'n bietjie moeiliker is. Nog 'n mooi vrolike stuk is Walther se verwerking van die Geneefse melodie van Ps 134, maar as 'n loflied (no 2). Die vier reëls van die melodie word afwisselend deur die boonste stem en die pedaal gegee, terwyl die ander stemme vinnige figure uitvoer.

Bach word verteenwoordig deur drie nommers, (8, 9 en 10) waarvan twee transkripsies is uit sy kerkkantates. Die eerste is gebaseer op die melodie van Nicolai vir die lied, Ges 113, "Hoe glansryk blink die Môrester", en die ander is die bekende, altyd gewilde Ges 201, "Jesus bron van al my vreugde" (Ges 201).

**Begrafnismusiek**

Die tweede helfte van die versameling bevat die stukke wat geskik is vir die begrafnisdiens en bestaan uit veertien gedrae en eenvoudige verwerkings van melodieë — die meeste uit ons nuwe Afrikaanse Gesangboek, en waarvan die tekste betrekking het op die dood en die hiernamaals. So is daar ses koraalbewerkings van Bach (nos 16, 18, 21, 22, 24 en 28), drie van hulle uit die "Orgelbüchlein" en twee uit sy Passiemusiek. Hulle sluit in bewerkings van die melodieë van Ges 180, "Sou die graf my nog laat bewe" of Ges 253, "Troue Here van my lewe" (no 16), Ges 56, "Wil, Heer, in mededoë" (no 24) en Ges 289: 2, "Ag Heer, laat eng'lehande my wanneer ek sterwe" (no 28).

Die afdeling begin met 'n kort gedrae verwerking deur Boehm van die melodie van Ps 42 met die woorde van die 3de vers "O my siel, waarom onrustig?" in gedagte (no 15). Daar is ook 'n langer verwerking van Krebs van die melodie van Ges 180, "Sou my graf en dood laat bewe?" (no 17). Daar is twee verwerkings van Neumark se melodie vir Ges 39 "Wie op die Heer vertrou in lyding", een deur Reger (no 19) en een deur Merkel (no 20). Reger

behandel die melodie in ritmiese en Merkel in isoritmiese vorm. Naas Bach se verwerking van Ges 56, "Wil Heer, in mededoë", is daar nog 'n eenvoudige een deur Strungk (no 23), waarin hy die melodie effens varieer en ondersteun deur 'n vloeiende begeleiding.


Walther se bewerking van Crüger se melodie van Ges 174 "Hierdie wêreld gaan verby" (no 25), is in triovorm, met die melodie in die pedaal en die materiaal van die twee bostemme ontleen daaraan. Kloppers in sy gedrae bewerking van Ges 353:4 "Ek weet aan wie'k my toevertrou het" gee weer die melodie aan die boonste stem in gebroke en ge-ornamenteerde vorm, terwyl die linkerhand en pedaal dit deurlopend ondersteun met bypassende musiek waarvan heelwat ook ontleen is aan die melodie.

Vir die kerkorrelis wat maar gedurig by huweliks- en begrafnisdienste moet optree, bied Band 1 van LITURGIESE ORRELMUSIEK 'n waardevolle en ideale bron van geskikte nommers vir die geleenthede. Verreweg die meeste van die koraalverwerkings in die boek kan ook by gewone eredienste gebruik word, en hoef nie noodwendig "gebêre" te word vir die huwelik of begrafnis nie. Elke orrelis behoort Band 1 beskikbaar te hê en behoort soveel as moontlik van die inhoud toe te voeg tot sy repertorium. Daardeur sal hy homself verryk en 'n groot bydrae kan lewer tot die verbetering van die algemene kerkmusieksmaak.

LITURGIESE ORRELMUSIEK Band 1. Saamgestel deur Barbara Louw en Jacobus Kloppers, Ned Geref Kerk se Eredienskommissie, 1972. Verkrygbaar by alle N G Kerkboekhandels, HAUM, Bladmusiek, Harry Lucas Musieksalon, T Wever, Michaels Record Centre teen R6,90 AVB uitgesluit.

**Liturgiese Orrelmusiek Band 2**

Band 2 van die reeks LITURGIESE ORRELMUSIEK, uitgegee deur die Sinodale Eredienskommissie van die Ned Geref Kerk van die OVS



**Liturgiese Orrelmusiek Band 2**

(samestellers Barbara Louw en Jacobus Kloppers) bevat altesame twee-en-twintig nommers, wat gewy is aan koraalverwerkings van die bekende Geneefse melodie uit 1551 vir Ps 42, "Soos 'n hert in dorre streke". In Duitse gesangboeke is die melodie bekend as "Freu dich sehr, o meine Seele". Die herkoms van hierdie sprankelende melodie lê so ver terug as die 15de eeu, en is waarskynlik deur Calvyn se musikale medewerker, Louis Bourgeois, in 1551 aangepas by Beza se beryming van Psalm 42.


Hoewel die hele Band 2 gaan oor die melodie van Ps 42, is sy bruikbaarheid nie heeltemal so beperk as wat dit op die oog af lyk nie. Daar is nog vier ander liedere in ons Gesangboek waarby dieselfde melodie voorkom, te wete Ges 9, wat handel oor die heiligheid van God; Ges 57, 'n lied waarin die boetvaardige sondaar hom voor die heilige God stel; Ges 199, 'n Jesuslied met sy pragtige derde strofe "Jesus, blydskap van ons lewe"; en Ges 306, 'n lied oor die onwankelbaarheid van die Woord van God.

Verder sou sekere van die nommers veral as voor- en naspele Sondae gebruik kon word.

Van die twee-en-twintig nommers is elf in toonaard F en die orige in toonaard G. (In ons vroeëre koraalboeke is toonaard G altyd gebruik vir hierdie melodie, maar in ons huidige boek het ons heeltemal oorgeskakel na die laer toonaard.)

Ons eie komponiste word in Band 2 verteenwoordig deur

1. Rosa Nepgen (no 1), met 'n eenvoudige vierstemmige verwerking van die melodie;
2. W Mathlener (no 8), 'n moeilike verwerking met moderne harmonieë in die vorm van 'n tokkata, met die melodie in die pedaal; no 17, twee verwerkings: die eerste met die cantus firmus in die linkerhand, en die tweede met die melodie in die pedaal; no 18, 'n fantasie waarin fragmente uit die eerste twee reëls van die melodie vryelik rondgegooi word tussen manuaal en pedaal;
3. Henk Temmingh (no 10), twee rustige verwerkings van die melodie met interessante harmonieë: die eerste gebruik 'n effens gevarieerde melodie in die boonste stem, en die tweede is 'n trio met die melodie in die pedaal teenoor 'n vloeiende kernagtige begeleiding in die ander twee stemme;
4. Stefans Grové (no 19), 'n trio op Ps 42:3, "O my siel, waarom onrustig", waarin die onrustigheid veral deur ritmiese en toonkleurwisselings uitgebeeld word;
5. Chris Lamprecht (no 20), waarin die melodie rustig en isometries met die regterhand gespeel word teenoor 'n eenvoudige en vloeiende stem in die linkerhand en 'n staccato bas;
6. Roelof Temmingh jr. (no 22), waarin hy verse 1 en 3 van Ps 42 afsonderlik behandel. Vir vers 1 gebruik hy die melodie in gevarieerde vorm in die toonaard G. Die begeleiding bestaan uit 'n byna statiese linkerhand en 'n heeltemal statiese bas, die lae C-kruis wat in elke maat herhaal word. Die Andante-deel gaan sonder onderbreking oor na die Allegro-deel, vers 3, waarin die onrustigheid gesuggereer word deur skrille harmonieë en vinnige lopies op die manuale;
7. Joop Stam (no 11), (hy was nog in die Republiek woonagtig toe die boek verskyn het), maak gebruik van poliritme, skielike vinnige lopies en skrille harmonieë om die siel uit te beeld wat "skreeu na U, o God!" Selfs sy reël




"God weer sien in klare aanskouing" sluit af op 'n geweldige wanklank. Terwyl enkele van ons eie komponiste se verwerkings nogal 'n bietjie oefening vereis om hulle baas te raak, is dié van die oorsese komponiste oor die algemeen eenvoudiger. Dié van Goudimel (nos 2 en 4), Le Jeune (no 3), Max Reger (no 6), Lili Wieruszowski (no 9), Johann Jeep (no 12), J S Bach (nos 13 en 15), is almal min of meer eenvoudige vierstemmige verwerkings van die melodie.

Dan kry ons by no 5 van Pachelbel en no 7 van Kickstat 'n bietjie meer breedvoerige verwerking vir manuale alleen, en by no 16 van Walther en no 21 van Oley verwerkings vir manuale en pedale, maar nog altyd redelik eenvoudig.

No 14 in die versameling is 'n tiental variasies (sommige met, ander sonder pedaal) deur Georg Boehm op die melodie. Dis 'n baie bruikbare nommer omdat die meeste van die variasies nie moeilik is nie, en omdat 'n mens kan uitsoek welke jy by 'n bepaalde geleentheid wil gebruik.

Vir die gemiddelde orrelis en die gewone orrel bevat hierdie Band 2 'n hoë persentasie van bruikbare bladsye.

LITURGIESE ORRELMUSIEK BAND 2. Saamgestel deur Barbara Louw en Jacobus Kloppers, Ned Geref Kerk se Eredienskommissie 1975. Verkrygbaar by alle N G Kerkboekhandels, HAUM, Bladmusiek, Harry Lucas Musieksalon, T Wever, Michaels Record Centre teen R6,90 AVB uitgesluit.

*In ons volgende uitgawe: Bespreking van LITURGIESE ORRELMUSIEK, Bande 3 en 4. Hierdie bande is reeds te koop by bogenoemde musiekhandelaars.*

Uit: Vir die Musiekleier. 1 November 1980. Jaargang 1, no, 1, pp. 46-50

# BYLAE 16

## Wat kan ek speel?

**Liturgiese Orrelmusiek Band 3** - *G G Cillié*

Noudat die inhoud van die kerksang van die Afrikaanse kerke vasgelê is, vir enige jare altans, deur die Afrikaanse Gesangboek van 1978 (AGB 1978), is dit vir ons orreliste noodsaaklik om gepaste orrelmusiek, gebaseer op hierdie inhoud, tot hul beskikking te hê vir gebruik in en om die erediens. Band 3 van die reeks LITURGIESE ORREL-MUSIEK, saamgestel deur die kerkmusiekafdeling van die Musiekdepartement aan die UOVS, in opdrag van die Eredienskommissie van die Ned Geref Kerk in die OVS, is 'n verdere stap in die rigting om aan die behoefte te voldoen.



**Prof G G Cillié**


Die inhoud van die boek bestaan uit twintig orrelstukke gebaseer op nommers uit die AGB 1978, waarvan die lengte hulle geskik maak vir gebruik tydens die gewone eredienste, as voor-, tussen- en naspele. Veertien komponiste in Suid-Afrika is genader om stukke te lewer, gebaseer op voorgeskrewe liedere uit die gesangboek, en vyf nommers is oorgeneem uit bestaande oorsese versamelings wat nie maklik in ons land verkrygbaar is nie.

Hoewel die opdrag aan al die komponiste was om hulle verwerkings so te maak dat die gemiddelde orrelis dit — miskien met 'n bietjie oefening — sou kon baasraak, is daar tog heelwat verskille in moeilikheidsgraad tussen die stukke. Daar is heel eenvoudige nommers, soos die stemmingsvolle verwerking deur Albert Troskie van die Lydenslied, "O Lam van God, onskuldig" (Ges 124), of die ewe stemmingsvolle verwerking deur Chris Lamprecht van "Soos daar reeds lank tevore" (Ges 83).

Maar daar is ook heel moeilike verwerkings soos dié van Wim Viljoen van die Kerslied, "Kom, alle getroues, vrolik en vol vreugde" (Ges 88), en dan die ritmies interessante verwerking deur Winfried Lüdemann van die Paaslied "Ons hoor die Paasfeesklokke" (Ges 147). Selfs die sprankelende verwerking van Ges 31, "O Here God, so groot in majesteit" (melodie Ps 116) deur Chris Lamprecht, wat so dikwels as voorspel vir godsdienste oor die radio gehoor word, is nie juis maklik nie.

Die meeste komponiste het in hulle verwerkings die melodie van die betrokke lied onveranderd gebruik, sodat die kerkganger dadelik weet om welke lied dit gaan. Maar in enkele gevalle is die stuk 'n weergawe eerder van die gees van die lied aan die hand van die melodie. Voorbeelde hiervan is Johannes Weyrauch se gedempte verwerking van die Lydenslied "Vervul, o Heer, my hart met stille wyding" (Ges 120), en Gerrit Olivier se kort maar kragtige verwerking van die Paaslied "Kom almal, laat jul stem verrys" (Ges

142). Twee baie bruikbare partitas, wat in hul geheel of gedeeltelik in die erediens gebruik kan word, is Nicol Viljoen se koraalvariasies op "God is my lied" (Ges 11) en Hans Babst se partita op "Middelpunt van ons verlange" (Ges 130). Viljoen het ses kort variasies gemaak en daar is 'n poging om hulle iets van die inhoud van die verskillende versies van Ges 11 te laat weergee. In sy vyf dele verwerk Babst Ges 130 op verskillende maniere en hy lei op na 'n klimaks, waar die melodie in die pedaal verskyn.



**Liturgiese Orrelmusiek Band 3**

'n Hele paar van die koraalverwerkings kan vir verskillende Psalms en Gesange gebruik word omdat die betrokke melodie op meer as een plek in die Gesangboek voorkom. So sou I J Grové se sprankelende koraalnaspel op "Juig met feesgeluid!" (Ges 152) ewe goed by Ps 47 gebruik kon word. Roelof Temmingh jr se verwerking van die melodie van "Hoor hoe die Regter van die regters" (Ges 128) egter, is so 'n skrille vertolking van die onreg wat die Seun van die Mens onder Pilatus en aan die kruis gely het, dat dit myns insiens nie sou pas by Gess 241, 284 en 346 nie waar dieselfde melodie gebruik word, maar die tekste ander strekkings het.

'n Soortgelyke geval is Jacobus Kloppers se gedrae en baie stemmingsvolle koraalvoorspel op "Heil'ge Jesus, wat my lewe" (Ges 275), waarmee die versameling afsluit. Dit is so 'n innige vertolking van die gebed om heiligmaking dat dit na my mening nouliks gebruik kan word by die Hemelvaartslied "Loof die Koning, alle volke" (Ges 158), of die Wederkomslied "Kyk, Hy kom" (Ges 166).

Die kerkmusikus wat daarna strewe om sy orrelmusiek meer kerkliedgebonde te maak, kan verder nog vir homself die eenvoudige verwerkings van die loflied van Ges 6 deur Dirkie de Villiers, van die Kerslied Ges 85 deur Johan Greyling, van die Pinksterlied, Ges 205 deur Arie van Namen en van die boetelied, Ges 242 deur G G Cillié, aanleer.

Die orrelis wat die moeite doen om koraalverwerkings baas te raak, soos dié uit LITURGIESE ORRELMUSIEK Band 3, is besig om sy voorraad van sinvolle kerkmusiek uit te brei; hy is besig om sy "pylkoker te vul".

LITURGIESE ORRELMUSIEK Band 3, Potgieter, Cillié en Louw (samestellers),

Eredienskommissie Ned Geref Kerk in die OVS in samewerking met die Afdeling Kerkmusiek, Dept Musiek, UOVS, 1979. R12,00 AVB uitgesluit. Verkrygbaar by alle N G Kerkboekhandelaars, HAUM, Bladmusik, Harry Lucas Musieksalon, T Wever, Michaels Record Centre, Charles Manning en ander musiekhandelaars.

**Liturgiese Orrelmusiek Band 4**

Met die verskyning van LITURGIESE ORRELMUSIEK Band 4 in 1980, is die poging van die Kerkmusiekafdeling aan die UOVS voortgesit om vir ons kerkorreliste geskikte erediensmusiek in die hand te gee. Soos sy voorganger, Band 3, bevat dit 'n aantal koraalverwerkings van liedere uit die Afrikaanse Gesangboek van 1978 deur Suid-Afrikaanse en oorsese komponiste. Van die komposisies is elf van ons eie, en sewe van oorsese komponiste. Eersgenoemde is byna almal spesiaal vir die versameling gemaak, terwyl laasgenoemde geneem is uit bestaande, maar moeilik verkrygbare bundels.

Van die Switserse komponiste, Lili Wieruszowski, is daar twee tussenspele, een op Ges 4, "O Vader, God, almagtig, goed", en een op Ges 207, "Eer Hom, wat onder lofgesange". Albei is bekende melodieë — dié van Ps 68 en dié van Ps 66 — en aangesien eersgenoemde vir altesame 10 en laasgenoemde vir altesame 9 liedere in ons boek diens doen, sal daar baie geleenthede wees om hierdie verwerkings in die erediens te gebruik. Lili Wieruszowski se verwerking van die melodie van Ges 4 (Pss 36, of 68) is vir 'n redelike volle besetting van die hande geskryf met die melodie in die pedaal. Die stuk kan goedskiks as voor- of ook as naspel by die erediens gebruik word. Haar verwerking van die melodie van Ges 207 (Ps 66) is kort en kragtig, met die cantus firmus in die linkerhand en kan eweneens vóór of ná die diens gebruik word. Dit is twee baie bruikbare stukke.

Oor die sogenoemde Quempas-Kerslied, "Soos die herders" (Ges 92), is daar 'n rustige, pastoraalagtige verwerking in triovorm oor 'n pedaalpunt van die bekende blinde Duitse orrelis, Helmut Walcha. Dis 'n baie geskikte tussenspel vir 'n kers- of kerssangdiens, en nie moeilik nie.

Van Paul Kickstat is daar 'n vrolike tussenspel op die Kerslied "Loof die God van ons verlange" (Ges 102), wat ook by Ges 198 gebruik kan word. Kickstat het ook 'n mooi tussenspel gemaak op die melodie van die Lydenslied "O Lam van God onskuldig" (Ges 119). Hierin word die melodie aan die pedaalparty gegee, terwyl die manuale in donker kleure daaromheen borduur.

'n Stuk vir Goeie Vrydag is Paul Müller se voorspel op "Die Heiland sterf" (Ges 125). Die melodie — dieselfde as dié van Pss 65 en 72 — word wisselend op 'n soloregister met die linker- en met die regterhand gespeel. Dis 'n eenvoudige verwerking met 'n effense moderne harmonie, wat beter pas by die gedempte Ges 125 as by die loflied Ps 65.


Die laaste van die "oorsese" verwerkings in die versameling is die tussenspel deur N O Raasted op die bekende melodie van Ges 227, "Jesus neem die sondaars aan". Dis 'n rustige tussenspel met die melodie in die linkerhand in 'n vorm wat effens verskil van dié wat ons gebruik. Die stuk kan ook goed gebruik word by Gess 138 en 174.

Die elf bydraes tot die bundel deur Suid-Afrikaanse komponiste bevat enkeles wat aan die moeilike kant is, maar die meeste van hulle sal ons gewone orreliste baie bruikbaar vind.

Van Jacobus Kloppers is daar twee baie stemmingsvolle verwerkings, 'n voorspel op Ps 23 van F W Jannasch, "Net soos 'n herder uittrek met sy

skape", en 'n tussenspel op Ges 266, "Voor u Wet, Heer, staan ons skuldig", die pragtige Geneefse melodie van Ps 25. In albei gevalle word die melodie op 'n hoë (4' of 2') register op die pedaal gespeel met langsame borduring op die manuale, en vra die komponis vir meer as een tremulant. Die meeste van ons kerkorrels beskik oor net een tremulant, maar dit moet geen orrelis weerhou om hierdie pragtige verwerkings te gebruik nie.

Hennie Joubert, bekende pianis en orrelis van Pretoria het gesorg vir twee koraalverwerkings van groter opset in die versameling, een oor Ps 130, "Uit dieptes gans verlore" en een oor die Kerslied "Vol vreugde sing die engleskaar" (Ges 105). In sy interessante verwerking van Ps 130 laat hy aan die orrelis die keuse om saam met die orrel 'n driestemmige vrouekoor te gebruik wat dele van Ps 130 voordra. Met 'n indrukwekkende orrelparty wat gebaseer is op temas uit die Geneefse Psalm en 'n ryk harmonisasie slaag Joubert daarin om die oorheersende strekking van die teks van dié boetepsalm oor te dra. In sy verwerking van die Kerslied, Ges 105, gee Joubert nog vryer teuels aan sy musikale verbeelding. Hy ontwikkel temas uit die melodie en gebruik die volle moontlikhede van die romantiese orrel om 'n ryke verskeidenheid van Kersfeesstemmings te kry. Joubert se bydraes oor Ps 130 en oor Ges 105 bied besondere uitdagings vir die ondernemende orrelis.




**Liturgiese Orrelmusiek Band 4**

Vir die Lydenstyd het Hans Babst van Potchefstroom 'n baie netjiese en bruikbare partita op Ges 123, "My Verlosser aan die kruis", gemaak. Dit bestaan uit vier dele wat afsonderlik, na gelang van omstandighede as voor-, tussen- of naspele gebruik kan word. Hulle is nie moeilik nie en daarby maklik om te verstaan.

Roelof Temmingh (sr), van Kaapstad, se vier variasies op die Kerslied Ges 100, "Kom volk van God", is aan die moeilike kant. Die eerste variasie met sy besondere harmonisasie gee iets van die misterie van die goddelike geboorte weer, terwyl die tweede en vierde variasies die jubelende blydskap van die Kersfees vertolk. Die orrelis wat die moeite doen om hierdie variasies onder die hande en voete te kry, het 'n besondere voor- of naspel vir die Kerstyd.

Van Chris Lamprecht, bekende komponis en orrelis van Pretoria is daar twee tussenspele in die versameling. Sy tussenspel op die vrolike melodie van Ges 202, "Here, hoe blymoedig" bestaan uit drie dele: die koraal, 'n trio en 'n huppelende improvisasie. Sy tweede bydrae is 'n tussenspel op Ges 225, "Wagter, wakend op die mure". Bokant die melodie, wat in halwe note op 'n soloregister met die linkerhand gespeel word, is daar 'n vloeiende party in

agtste en sestiende note. 'n Bas wat in kwartnote beweeg, voltooi die trio. Dis 'n maklike en baie bruikbare nommer wat ook by vyf ander gesange gebruik kan word.

Oor die baie bekende Ges 47, "Op berge en in dale", het Johan Greyling van Bloemfontein 'n viertal bruikbare koraalvariasies gemaak, wat gesamentlik as voorspel gebruik kan word. Die vier verwerkings is maklik om te verstaan en word plek-plek nog interessanter vanweë verrassende akkoorde en toonsoortveranderings.

Izak Grové van Bloemfontein het 'n baie bruikbare naspel gemaak oor die bekende melodie van die Paaslied, "Blye môre, blyste van die dae", Ges 135. Hierdie melodie kom ook voor by 'n loflied aan die Skepper, Ges 24, 'n loflied aan Jesus, Ges 196, en 'n danklied by afsluiting van 'n erediens, Ges 317. Hoewel die komponis sy naspel gemaak het spesifiek met die Paaslied in gedagte, sou dit ook vir die ander drie gevalle gebruik kon word.

Die versameling sluit af met 'n eenvoudige tweeledige verwerking van die alombekende melodie van "Bly by my, Heer", Ges 279, deur G G Cillié van Bloemfontein.

Met so 'n verskeidenheid van koraalverwerkings soos in LITURGIESE ORRELMUSIEK Band 4, sal alle orreliste in ons Afrikaanse kerke hulle gebruiksmusiek vir die erediens ryklik kan aanvul. Veral die gewone orrelis sal heelwat daarin kry waarvan hy en sy gemeente sal hou en wat binne sy vermoë lê.

Soos sy voorgangers is die boek netjies gedruk en gebind deur Studio Holland, Musiekdrukkers, Parow.

LITURGIESE ORRELMUSIEK Band 4, Potgieter, Cillié en Louw (samestellers), uitgegee deur die Eredienskommissie, Ned Geref Kerk in die OVS in samewerking met die Afdeling Kerkmusiek, Dept Musiek, UOVS, 1980. Prys R12,00 AVB uitgesluit. Verkrygbaar by alle N G Kerkboekhandelaars, HAUM, Bladmusik, Harry Lucas Musieksalon, T Wever, Michaels Record Centre, Charles Manning en ander musiekhandelaars.

Uit: Vir die Musiekleier. 2 April 1981. Jaargang 1, no. 2, pp. 49-53

# BYLAE 17

## Wat kan ek speel?

*N E Pauw*

*Liturgiese Orrelmusiek Band 5,* saamgestel deur JH Potgieter, WML Strydom en BP Louw, uitgegee deur die afdeling Kerkmusiek, Departement Musiek, UOVS in samewerking met die Sinodale Eredienskommissie, Ned Geref Kerk in die OVS Januarie 1984, Prys R16,00 AVB uitgesluit.



**Niel Pauw**

Die 15 koraalverwerkings in hierdie band is deur die volgende 8 Suid-Afrikaanse komponiste gekomponeer: G G Cillié, no 11 (Ges 203) en no 13 (Ges 262); Chris Lamprecht, no 3 (Ges 59) (kyk meegaande voorbeeld); Gerrit Olivier, no 9 (Ges 141); Hetta Potgieter, no 4 (Ges 61), no 5 (Ges 96 en no 14 (Ges 336); J H Potgieter, no 6 (Ges 103, en no 10 (Ges 192); Laurie Potgieter, no 1 (Ps 51); Henk Temmingh, no 2 (Ges 37) en no 12 (Ges 252); Cor Vermaas, no 7 a en b (Ges 115) en no 8 (Ges 120). Waar van toepassing word by elke koraalverwerking kruisverwysings gegee van ander psalms en gesange wat van dieselfde melodie gebruik maak. In twee gevalle is die kruisverwysings egter nie volledig nie: psalm 51 en gesang 336 het onderskeidelik ook dieselfde melodieë as gesang 21 en gesang 62.

In teenstelling met bande 1, 2 en 4 van dieselfde uitgewer, is dit verblydend dat al die koraalverwerkings in hierdie band nog nie vantevore deur ander uitgewers gepubliseer is nie. Terselfdertyd val dit op dat die samestellers en komponiste se keuses oorwegend geval het op melodieë waarvoor daar tot dusver weinig of geen koraalverwerkings bestaan nie: psalm 51 en gesange 37, 96, 103, 192, 203, 252, 262, en 336. Die klem val in hierdie band op gesangmelodieë (Ps. 51 is die enigste psalm wat gebruik word). Ek hoop dat ons komponiste ook van ons pragtige psalmmelodieë in die toekoms sal gebruik.

Vir die doel van hierdie bespreking volstaan ek met 'n paar opmerkings oor enkele van die komposisies. Die twee koraalverwerkings op gesange 103 en 192 deur J H Potgieter is beide baie geslaagde werke en behoort deur orreliste met selfs min ervaring, uitgevoer te kan word. Henk Temmingh se twee bydraes, drie kanons op gesang 37 en die koraalverwerking op gesang 252, verdien spesiale vermelding. Met die vernuftige kontrapunt van eersgenoemde en die lewendige inhoud van laasgenoemde waarin die gedagte van "ontwaak" beklemtoon word, word 'n skitterende skryfstyl gehandhaaf.


Die terme "voorspel", "tussenspel" en "naspel" word in hierdie band onderskeidelik twee-, vyf-, en eenkeer gebruik. Aangesien die karakter van die betrokke verwerkings egter by enige van dié beskrywings kan pas, sou die term "koraalverwerking" 'n beter keuse gewees het. 'n Orrelis(te) kan dan self besluit of die betrokke koraalverwerking as 'n voor-, tussen- of naspel gebruik kan word.

Alhoewel die gehalte van die drukwerk deur die musiekdrukkers, Studio Holland van Parow, uitstekend is en gevolglik baie maklik lees, kon die band egter veel meer kompak (en sodoende goedkoper?) gewees het. Indien die note en balke nader aanmekaar gedruk, en minder ruimte tussen sisteme afgestaan is, sou die aantal bladsye verminder kon word. Sou die spasie wat by elke verwerking vir die afdruk van 'n cantus firmus gebruik word nie ook bespaar kon word nie? Orreliste kan dit tog met min moeite in die Koraalboek naslaan.

Opsommenderwys kan gesê word dat hierdie band 'n hele aantal geslaagde koraalverwerkings bevat wat redelik maklik speelbaar is en veel sal bydra tot die musikale verryking van die Erediens.

Uit: Vir die Musiekleier. 8 Junie 1984. Jaargang 4, no. 2, p. 51

BYLAE 18




# BLADMUSIEK VIR KERKLIKE GEBRUIK LITURGIESE ORRELMUSIEK

**Band 1:** (2de hersiene uitgawe): Musiek vir huweliks- en begrafnisdienste. Ook geskik vir die gewone erediens. Aanbevole prys R12,00 + AVB.

**Band 2:** Koraalvoorspele gebaseer op die melodie van die Geneefse Psalm 42.
Aanbevole prys R6,90 + AVB.

**Bande 3 en 4:** Musiek vir die erediens. Koraalverwerkings van Psalms en Gesange uit die AGB 1978. Aanbevole prys R12,00 + AVB.

**Band 5:** Voortsetting van Bande 3 en 4. Verwerkings van bv Gess 37, 61, 96, 103, 192, 203, 252, 336. Aanbevole prys R16,00 + AVB.

# LITURGIESE HUWELIKSLIEDERE

Sololiedere vir die huweliksdiens. Aanbevole prys R7,50 + AVB.
Verkrygbaar by die meeste Kerk-boekhandels en ook ander Musiekhandelaars.

**(Uitgegee deur die Afdeling Kerkmusiek, Departement Musiek, UOVS, in opdrag van die Sinodale Eredienskommissie, Ned Geref Kerk in die OVS. Boekwinkels kan voorrade bestel by: Afdeling Kerkmusiek, UOVS, Posbus 339, Bloemfontein 9300.**

Uit: Vir die Musiekleier. 9 Januarie 1985. Jaargang 5, no. 1, p. 44

# BYLAE 19

## BRIEF UITGESTUUR AAN ORRELDOSENTE

Ons sal dit hoog op prys stel indien u ons asb kan help met marknavorsing oor die huidige reeks bande **LITURGIESE ORRELMUSIEK** wat deur ons uitgegee word.

1. Gebruik u die bande? Indien wel, in watter opsig (bv slegs in u hoedanigheid as orrelis; ook as bron van voorgeskrewe eksamenstukke vir studente, ens.)?
2. Watter kritiek en advies het u vanuit 'n **pedagogiese** hoek op die bande?
3. Watter kritiek en advies het u vanuit die praktyk van die **kerkorrelis** gesien op die bande?
4. Sou u oordeel dat daar 'n behoefte aan verdere bande is?

Ons begin dink aan 'n volgende band, maar in die huidige ekonomiese klimaat móét ons weet dat daar 'n behoefte is en dat die boeke sal verkoop. U samewerking in hierdie verband sal baie hoog op prys gestel word.

(Argiefmateriaal)

# BYLAE 20
# LITURGIESE ORRELMUSIEK -
# KRITIEK EN AANBEVELINGS

**Kritiek**

Die gehalte van die werke is te wisselend en nie van hoë kwaliteit nie.
Daar is musiek-grammatikale foute in die werke.
sommige van die werke is nie werklike verwerkings nie, maar eerder koraalagtige omspelinge van die melodie.
Nie alle werke "bereik" die gemeente nie.
Registrasie- en artikulasieaanduidings is nie altyd duidelik nie.
Sommige werke, veral in band 5, is on-orrelisties.
Die bande is te groot en daarom moeilik hanteerbaar.
Omblaaimomente is soms problematies - baie spasie is ook in die bladuitleg gemors.
Daar is werke wat 'n te groot handomvang vereis.
Daar word nie van die "urtext" gebruik gemaak nie. Werke word daarom ook swak geregistreer en artikuleer.
'n Té dissonante musiekstyl is ongeskik.

**Aanbevelings**

Vermy te kort komposisies, variasievorm is ideaal.
Verwerkings wat terselfdertyd as begeleiding vir gemeentesang kan dien sal in 'n groot behoefte voorsien.
Waak teen 'n oormatig pedagogiese, dogmatiese en te akade=miese styl.
Oorweeg byvoorbeeld een bundel met voor-, tussen- en naspele vir Nagmaalsdienste, en Kerssangdienste met byvoorbeeld orrel-, koor- en gemeentekombinasies.
Te lang verwerkings is ongeskik in erediensgebruik.
Verskaf die beraamde tydsduur van elke komposisie.

(Hierdie lys van kritiek en aanbevelings is deur die samestel=lers van Band 6 opgestel in reaksie op die brief (Bylae 19) uitgestuur.)

(Argiefmateriaal)

# BYLAE 21

## 'N INDELING VAN DIE KORAALMELODIEË WAT IN BANDE 1 TOT 6 VOORKOM, VOLGENS DIE TRINITARIESE INDELING VAN DIE GESANGBOEK MET INAGNEMING VAN DIE DUPLISERING VAN DIE MELODIEË

| Rubriek | Gesang | Aantal beskik=bare verwerkings |
|---|---|---|
| GOD DRIE-ENIG | 2; 4; 5; 6; 8; 9 | 30 |
| GOD, DIE VADER | | |
| 1. Skepper en onder=houer | 11; 12; 13; 15; 19<br>21; 22; 24; 25; 26 | 11 |
| 2. Gods Albestier (sic.) | 28; 29; 31; 37 | 5 |
| 3. Godsvertroue | 39; 40; 41; 46; 47 | 5 |
| 4. Verootmoediging | 51; 53; 56; 57 | 28 |
| 5. Lof aan die Vader | 59; 61; 62; 63; 65;<br>66 | 7 |
| GOD, DIE SEUN | | |
| 1. Advent | 74; 79 | 2 |
| 2. Kersfees | 83; 84; 85; 87; 88;<br>92; 96; 99; 100; 102;<br>103; 105; 113 | 15 |
| 3. Lydenstyd | 115; 119; 120; 122; 123;<br>124; 125; 128; 130; 131;<br>132; 133 | 15 |
| 4. Paasfees | 135; 138; 141; 142; 147;<br>149; 151; 152; 155 | 12 |
| 5. Hemelvaart | 158; 162; 163 | 3 |
| 6. Wederkoms en Vol=einding | 166; 167; 169; 173; 174;<br>175; 176; 180 | 12 |
| 7. Lof van Jesus | 186; 191; 192; 194; 196;<br>198; 199; 200; 202; 203 | 34 |
| DIE HEILIGE GEES | | |
| 1. Pinksterfees | 204; 205; 207; 211; 213;<br>214 | 7 |
| 2. Die Koninkryk | 217; 218; 222; 223; 224;<br>225 | 9 |

| Rubriek | Gesang | Aantal beskik= bare verwer= kings |
|---|---|---|
| 3. Verlossing | 226; 227; 228; 232 | 6 |
| 4. Kennis van sonde | 238; 239; 241; 242; 243; 244 | 7 |
| 5. Geloof en Bekering | 245; 252; 253; 255 | 6 |
| 6. Heiliging | 257; 258; 259; 260; 262; 266; 267; 268; 273; 275; 177 | 13 |
| 7. Vertroosting | 279; 283; 284; 285; 287; 291 | 9 |
| 8. Gebed | - | - |
| KERK EN EREDIENS | | |
| 1. Woord van God | 302; 306 | 26 |
| 2. Erediens | 309; 310; 311; 313; 317 | 6 |
| 3. Doop | 320; 321; 323 | 3 |
| 4. Nagmaal | 325 | 1 |
| 5. Gemeente | 334; 335; 336; 337 | 4 |
| 6. Huwelik | 338; 340 | 3 |
| ALGEMENE GESANGE | 346; 350; 353 | 5 |

# BYLAE 22
# 'N LYS VAN BESKIKBARE VERWERKINGS VAN KORAALMELODIEË UIT DIE AGB 1978, WAT IN BANDE 1 TOT 6 VERVAT IS

| Psalm of Gesang | Band | Aantal ver= werkings per melodie |
|---|---|---|
| Ps. 23 | 4 | 1 |
| Ps. 25 (Ges. 266) | 4 | 1 |
| Ps. 36 (Ps. 68, Ges. 4, 12, 19, 53, 149, 155, 186, 335) | 4 | 1 |
| Ps. 38 (Ges. 268, 310) | 3 | 1 |
| Ps. 42 (Ges. 9, 57, 199, 306) | 1 en 2 | 24 |
| Ps. 46 (Ps. 82, Ges. 217, 218) | 1 | 1 |
| Ps. 47 (Ges. 152) | 3 | 1 |
| Ps. 51 (Ges. 21, 51) | 5 | 1 |
| Ps. 65 (Ps. 72, Ges. 125) | 4 | 1 |
| Ps. 66 (Ps. 98, 118, Ges. 25, 40, 175, 207, 309, 337) | 4 | 1 |
| Ps. 74 (Ps. 116, Ges. 31, 191) | 3 | 1 |
| Ps. 84 (Ges. 169, 214, 258, 302, 313) | 3 en 6 | 2 |
| Ps. 94 (Ps. 105, 163) | 3 | 1 |
| Ps. 128 (Ges. 147, 167, 224, 338) | 1 en 3 | 3 |
| Ps. 130 | 4 | 1 |
| Ps. 134 (Ges. 28, 84, 151, 321) | 1 | 1 |
| Ges. 2 (Ges. 22, 238, 260) | 1 | 1 |
| Ges. 5 (Ges. 65) | 1 | 2 |
| Ges. 6 | 3 | 1 |
| Ges. 8 (Ges. 142) | 3 | 1 |
| Ges. 11 (Ges. 323) | 3 | 1 |
| Ges. 13 (Ges. 194, 353) | 1 | 1 |
| Ges. 15 (Ges. 59, 228, 320) | 5 | 1 |
| Ges. 24 (Ges. 135, 196, 317) | 4 | 1 |
| Ges. 26 (Ges. 130, 245) | 1 en 3 | 2 |

| Psalm of Gesang | Band | Aantal ver=werkings per melodie |
|---|---|---|
| Ges. 29 (Ges. 180, 225, 253, 267, 287) | 1 en 4 | 3 |
| Ges. 37 (Ges. 79) | 5 | 1 |
| Ges. 39 (Ges. 176, 273, 277) | 1 | 1 |
| Ges. 41 (Ges. 325) | 6 | 1 |
| Ges. 46 (Ges. 205, 226) | 3 | 1 |
| Ges. 47 | 4 | 1 |
| Ges. 56 (Ges. 122, 132, 133) | 1 | 2 |
| Ges. 62 (Ges. 336) | 5 | 1 |
| Ges. 61 (Ges. 311) | 5 | 1 |
| Ges. 63 (Ges. 222) | 1 | 1 |
| Ges. 66 (Ges. 113, 204, 213, 291, 340) | 1 | 1 |
| Ges. 74 | 6 | 1 |
| Ges. 83 | 3 | 1 |
| Ges. 85 | 3 | 1 |
| Ges. 87 | 6 | 1 |
| Ges. 88 | 3 en 5 | 2 |
| Ges. 92 | 4 | 1 |
| Ges. 96 | 5 en 6 | 2 |
| Ges. 99 | 3 | 1 |
| Ges. 100 (Ges. 131, 162, 173, 232, 334) | 4 | 1 |
| Ges. 102 (Ges. 198) | 4 | 1 |
| Ges. 103 | 5 | 1 |
| Ges. 105 | 4 | 1 |
| Ges. 115 | 5 | 2 |
| Ges. 119 | 4 | 1 |
| Ges. 120 | 3, 5 en 6 | 3 |
| Ges. 123 | 4 | 1 |
| Ges. 124 (Ges. 283, 350) | 1 en 3 | 2 |
| Ges. 128 (Ges. 241, 284, 346) | 1 en 3 | 2 |

| Psalm of Gesang | Band | Aantal ver=werkings per melodie |
|---|---|---|
| Ges. 138 (Ges. 174, 227) | 1, 4 en 6 | 2 |
| Ges. 141 | 5 | 1 |
| Ges. 158 (Ges. 166, 239, 275, 285) | 3 | 1 |
| Ges. 192 | 5 | 1 |
| Ges. 200 | 6 | 1 |
| Ges. 202 | 4 | 1 |
| Ges. 203 | 5 | 1 |
| Ges. 211 (Ges. 223, 257, 259) | 6 | 1 |
| Ges. 242 | 3 | 1 |
| Ges. 243 | 1 | 1 |
| Ges. 252 | 5 | 1 |
| Ges. 255 | 6 | 1 |
| Ges. 262 | 5 | 1 |
| Ges. 279 | 4 | 1 |

# BYLAE 23

## 'N LYS VAN WERKE IN MODERNE SKRYFSTYL (ATONAAL OF BITO=NAAL

| | | | |
|---|---|---|---|
| Band 1 : | p. 22 | : | Psalm 128 - Kloppers |
| | p. 56 | : | Ek weet aan wie'k my toevertrou het - Kloppers |
| Band 2 : | p. 10 | : | Psalm 42:1 - W. Mathlener |
| | p. 14 | : | Twee verwerkings van Psalm 42 - Henk Temmingh |
| | p. 18 | : | Psalm 42:1 - Joop Stam |
| | p. 42 | : | Trio op Psalm 42:3 - Stefans Grové |
| | p. 47 | : | Psalm 42 vers 1 en 3 - Roelof Temmingh |
| Band 3 : | p. 26 | : | O Lam van God, onskuldig - Albert Troskie |
| | p. 29 | : | Hoor hoe die regter van die Regters veroordeel word - Roelof Temmingh |
| | p. 41 | : | Kom, almal, laat jul stem verrys - Gerrit Olivier |
| | P. 64 | : | Heil'ge Jesus, wat my lewe wil heilig - Jacobus Kloppers |
| Band 4 : | p. 6 | : | Uit dieptes, gans verlore - Hennie Joubert |
| | p. 25 | : | Vol vreugde sing die eng'leskaar - Hennie Joubert |

# BYLAE 24

# 'N INDELING VAN DIE MAKLIKER KORAALVOORSPELE IN DIE SES BANDE

**(i) Omspeling van melodie**

| | | |
|---|---|---|
| Band 3 : | p. 2 : | Heilig, heilig, heilig, Heer God almag=tig - Dirkie de Villiers |
| | p. 12 : | Soos daar reeds lank tevore - Chris Lamprecht |
| Band 4 : | p. 13 : | Op berge en in dale; variasie 2 - Johan Greyling |
| Band 5 : | p. 2 : | Ontferm, o God, ontferm u tog oor my - Laurie Potgieter |
| | p. 13 : | O die goeie tyding, o die blye tyding - J.H. Potgieter |
| | p. 18 : | "Dit is volbring!" is die blye tyding - Cor Vermaas |
| | p. 27 : | Jesus, Rots vir my geslaan - J.H. Potgieter |
| | p. 36 : | Gods wet vra enkel liefde - G.G. Cillié |
| | p. 40 : | Allerhoogste Hemelvader; variasie 1 - Hetta Potgieter |
| Band 6 : | p. 46 : | Jesus wat my liefhet Heer; variasie 1 - Hans Babst |

**(ii) Onversierde melodie en met bewegende begeleidingstemme**

| | | |
|---|---|---|
| Band 1 : | p. 16 : | Jesus, bron van al my vreugde - J.S. Bach (transkripsie) |
| | p. 15 : | O my siel, waarom onrustig - G. Boehm (verwerk) |
| | p. 35 : | Sou my graf en dood laat bewe - J.S. Bach |
| | p. 42 : | Wie maar op God wil werp sy sorge - Max Reger |
| | p. 48 : | Wil, Heer, in mededoë - D. Strungk |
| Band 2: | p. 7 : | Freu dich sehr, o meine Seele - Johann Pachelbel |
| | p. 9 : | Freu dich sehr, o meine Seele - Paul Kickstatt (sic.) |
| | p. 44 : | Driestemmige verwerking van Psalm 42 - Chris Lamprecht |
| Band 3 : | p. 9 : | O Here God, so groot in majesteit - Chris Lamprecht |
| | p. 59 : | O Jesus, in u lyding kom soek ek troos in smart - G.G. Cillié |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Band 4 : | p. 10 | : | O Vader, God, almagtig, goed - Lili Wieruszowski |
| | p. 14 | : | Op berge en in dale; variasies 3 en 4 - Johan Greyling |
| | p. 23 | : | Loof die God van ons verlange! - Paul Kickstat |
| | p. 40 | : | Die heiland sterf, die dag word duister - Paul Müller |
| | p. 52 | : | Wagter, wakend op die mure - Chris Lamprecht |
| | p. 54 | : | Jesus neem die sondaars aan - N.O. Raasted |
| Band 5 : | p. 24 | : | Ons loof U, Vader, op die troon! - Gerrit Olivier |
| Band 6 : | p. 9 | : | Moet jy stry teen moeilikhede; varia= sies 1 tot 3 - Johan Greyling |
| | p. 24 | : | Kom, kinders, besing met 'n vrolike stem; variasie 2 - Izak Grové |
| | p. 48 | : | Jesus wat my liefhet, Heer; variasie 3 - Hans Babst |
| | p. 56 | : | Gees van God, O Gees van Lewe; varia= sie 2 en 3 - Cor Vermaas |
| | p. 59 | : | Ryke seën vloei al verder; variasie 2 - Jacobus Kloppers |

**(iii) Vierstemmige verwerkings**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Band 1 : | p. 9 | : | Kom almal, dank die Heer - Johann Crüger (verwerk) |
| | p. 44 | : | Wie maar op God wil werp sy sorge - Merkel |
| | p. 45 | : | Skei ek uit hierdie lewe - J.S. Bach |
| | p. 58 | : | Ag, Heer, laat u liewe engele - J.S. Bach |
| Band 2 : | p. 2 | : | Harmonisasie - Rosa Nepgen |
| | p. 3 | : | Vierstemmige Koraalmotet - Goudimel |
| | p. 4 | : | Vierstemmige Koraalmotet - Le Jeune |
| | p. 20 | : | Harmonisasie - Jeep |
| | p. 20 | : | Harmonisasie - J.S. Bach |
| | p. 33 | : | Koraal - J.S. Bach |
| Band 3 : | p. 53 | : | Loof Christus, roem sy wonderdade - Claude Goudimel |
| | p. 57 | : | O Gees van Vader en van Seun - Claude Goudimel |
| | p. 63 | : | Liefdevolle Hemelvader - Claudin le Jeune |
| Band 4 : | p. 12 | : | Op berge en in dale; eerste deel - Johan Greyling |
| | p. 46 | : | Here, hoe blymoedig; eerste deel - Chris Lamprecht |

Band 5 : p. 10 : Wonderbare Koning - Hetta Potgieter
p. 11 : Stille nag, Heilige nag - Hetta Pot=gieter
p. 24 : Ons loof U, Vader, op die troon; eerste deel - Gerrit Olivier

Band 6 : - : Alle eerste dele van die koraalvoorspele in hierdie band is vierstemmig beset, behalwe Stille nag - Jacobus Kloppers

**(iv) Maklik speelbare verwerkings, maar met hoogstaande musikale gehalte**

Band 1 : p. 6 : Jesus, blydskap van ons harte - Boehm (verwerk)
p. 12 : Laat vrolik harp- en fluitespel - J.S. Bach (verwerk)

Band 2 : p. 5 : Vierstemmige Koraalmotet - Goudimel
p. 13 : Wie ein Hirsch nach Wasserquelle - Wieruszowski

Band 3 : p. 5 : God is my lied, sy almag ken geen perke - Nicol Viljoen
p. 22 : O Jesus, ons Heer, u het ons verbly - M.G. Fischer
p. 32 : Middelpunt van ons verlange - Hans Babst

Band 4 : p. 2 : Net soos 'n herder uittrek met sy skape - Jacobus Kloppers
p. 58 : Bly by my, Heer - G.G. Cillié

Band 5 : p. 29 : Jesus roep die kindertjies - G.G. Cillié
p. 32 : Ontwaak jy wat slaap en staan op uit die dood - Henk Temmingh

Band 6 : p. 16 : "God is liefde!" juig ons harte; varia=sies b, 4 en 6 - Izak Grové
p. 26 : Kom, kinders, besing met 'n vrolike stem; variasies 3 en 4 - Izak Grové
p. 34 : Kom, alle getroues; variasies 2 en 3 - Jacobus Kloppers
p. 37 : Stille Nag; variasie 2 - Jacobus Klop=pers
p. 44 : Jesus leef en ons met Hom; variasie 2 - Jacobus Kloppers
p. 54 : Gees van God, o Gees van lewe; varia=sie 1 - Jacobus Kloppers

### (v) Biciniums

| | | |
|---|---|---|
| Band 3 : | p. 6 : | God is my lied sy almag ken geen perke; Variasie 2 - Nicol Viljoen |
| Band 4 : | p. 35 : | My Verlosser aan die kruis; variasie 2 - Hans Babst |
| Band 5 : | p. 8 : | O kon ek jubel, Hemelvader; variasie 3, Chris Lamprecht |
| Band 6 ; | p. 41 : | "God is liefde!" juig ons harte; varia= sie 2 - Izak Grové |
| | p. 47 : | Jesus wat my liefhet, Heer; variasie 2 - Hans Babst |

# BYLAE 25

## 'N INDELING VAN INGEWIKKELDER KORAALVOORSPELE

### (i) Fugale en kontrapuntale verwerkings

| | | |
|---|---|---|
| Band 1 : | p. 1 | : Die Heer is God - Mudde |
| | p. 4 | : Juig al wat leef - Walther (verwerk) |
| | p. 14 | : Heer Christus, eenge Seun van God - J.S. Bach |
| | p. 35 | : Sou my graf en dood laat bewe - J.S. Bach |
| | p. 52 | : Jesus leef en ons met Hom - Walther |
| | p. 54 | : Ek geloof 'n eewge lewe - Otto |
| Band 2 : | p. 21 | : Tien variasies uit die partita "Freu dich sehr, o meine Seele" - Boehm |
| | p. 46 | : Kanoniese verwerking - Oley |
| Band 3 : | p. 15 | : Redder van ons lewe, Jesus, troue Heer (a) - Johan Greyling |
| | p. 24 | : Vervul, o Heer, my hart met stille wyding - Johannes Weyrauch |
| | p. 49 | : Juig met feesgeluid! Juig en roep dit uit (a) - I.J. Grové |
| | p. 55 | : Heil'ge Gees, U bou 'n tempel - Arie van Namen |
| Band 4 : | p. 16 | : Soos die herders juig ons, Heer - Walcha |
| | p. 31 | : O Lam van God, onskuldig - Paul Kickstat |
| | p. 34 | : My Verlosser aan die kruis; variasies 1 en 4 - Hans Babst |
| | p. 44 | : Blye môre, blyste van die dae - I.J. Grové |
| | p. 56 | : Voor u wet Heer, staan ons skuldig - Jacobus Kloppers |
| Band 5 : | p. 4 | : Waarom bly nasies altyd woel - Henk Temmingh |
| | p. 8 | : O kon ek jubel, Hemelvader - Chris Lamprecht |
| | p. 38 | : Allerhoogste Hemelvader; variasie 2 - Hetta Potgieter |
| Band 6 : | p. 21 | : "God is liefde!" juig ons harte, varia= sie 5 - Izak Grové |
| | p. 29 | : Kom, alle getroues; variasie 1 - Jaco= bus Kloppers |
| | p. 36 | : Stille Nag; variasie 1 - Jacobus Klop= pers |
| | p. 39 | : Vervul, o Heer, my hart met stille wyding; variasies 1 tot 3 - Henk Tem= mingh |

**(ii) Fantasieë en improvisatoriese werke**

Band 2 : p. 40 : Fantasie - W. Mathlener

Band 3 : p. 16 : Redder van ons lewe, Jesus, troue Heer (b) - Johan Greyling
p. 24 : Vervul, o Heer, my hart met stille wyding - Johannes Weyrauch
p. 50 : Juig met feesgeluid! Juig en roep dit uit (b) - I.J. Grové
p. 55 : Heil'ge Gees, U bou 'n tempel - Arie van Namen

Band 4 : p. 46 : Here, hoe blymoedig; variasie 3 - Chris Lamprecht

Band 5 : p. 21 : Vervul, o Heer, my hart met stille wyding - Cor Vermaas
p. 25 : Ons loof U, Vader, op die troon; va=riasie 2 - Gerrit Olivier

**(iii) Trio's**

Band 2 : p. 37 : Twee trio-verwerkings - Willem Mathle=ner
p. 42 : Trio op Psalm 42:3 - Stefans Grové

Band 4 : p. 47 : Here, hoe blymoedig; variasie 2 - Chris Lamprecht

**(iv) Werke waarin daar bewegende begeleidingspartye en 'n versierde melodie voorkom**

Band 1 : p. 39 : Wanneer ons in die hoogste nood en smart verkeer - J.S. Bach
p. 46 : Gebroke sink ons voor u neer - J.S. Bach
p. 50 : Wil, Heer, in mededoë - J.S. Bach

Band 2 : p. 34 : Freu dich sehr, o meine Seele - J.G. Walther

Band 4 : p. 36 : My Verlosser aan die kruis; variasie 3 - Hans Babst

Band 6 : p. 44 : Jesus leef en ons met Hom; variasie 1 - Jacobus Kloppers

**(v) Werke in 'n chromatiese skryfstyl**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Band 1 : | p. 8 | : | Kom, almal dank die Heer - Max Reger |
| | p. 10 | : | Loof, o my siel die almagtige Koning - Max Reger |
| | p. 11 | : | 'n Vaste Burg is onse God - Max Reger |
| | p. 45 | : | Skei ek uit hierdie lewe - J.S. Bach |
| | p. 44 | : | Wie maar op God wil werp sy sorge - Merkel |
| Band 2 : | p. 8 | : | Freu dich sehr, o meine Seele - Max Reger |
| Band 5 : | p. 17 | : | Jesus, dit wat u moes lei - Cor Ver=maas |
| Band 6 : | p. 44 | : | Jesus leef en ons met Hom; variasie 2 - Jacobus Kloppers |

# BRONNELYS

## ARGIEFMATERIAAL

Dokumente : Departement Musiek, UOVS.

## BOEKE

Die berymde psalms en evangeliese gesange. 1943. Kaapstad : N.G. Kerk-Uitgewers.

Die berymde psalms en evangeliese gesange. 1978. Kaapstad : N.G. Kerk-Uitgewers.

Liturgiese Orrelmusiek. 1972. Band 1. Bloemfontein : Ned. Geref. Kerk van die OVS se Sinodale Kommissie i.v.m. die Instituut vir kerkmusiek aan die UOVS.

Liturgiese Orrelmusiek. 1975. Band 2. Bloemfontein : Ned. Geref. Kerk van die OVS se Sinodale Kommissie i.v.m. die Instituut vir kerkmusiek aan die UOVS.

Liturgiese Orrelmusiek. 1979. Band 3. Bloemfontein : Die Eredienskommissie, Ned. Geref. Kerk in die OVS in samewer= king met die afdeling kerkmusiek, Departement Musiek, UOVS.

Liturgiese Orrelmusiek. 1980. Band 4. Bloemfontein : Die Eredienskommissie, Ned. Geref. Kerk in die OVS in samewer= king met die afdeling kerkmusiek, Departement Musiek, UOVS.

Liturgiese Orrelmusiek. 1984. Band 5. Bloemfontein : Die Afdeling kerkmusiek, Departement Musiek, UOVS in samewer= king met die Sinodale Eredienskommissie, Ned. Geref. Kerk in die OVS.

Liturgiese Orrelmusiek. 1989. Bloemfontein : Die Afdeling kerkmusiek, Departement Musiek, UOVS in samewerking met die Sinodale Eredienskommissie, Ned. Geref. Kerk in die OVS.

MILO, D.W.L. 1946. Zangers en speellieden : bijdrage tot de ontwikkeling van een calvinistische kerkmuziek. Goes : Oosterbaan en Le Cointre N.V.

## FOTOMATERIAAL EN ADVERTENSIES

Vir die musiekleier. 1984. Jaargang 4, no. 1., pp. 6 en 7.

Vir die musiekleier. 1985. Jaargang 5, no. 1., p. 44.

**KOERANTBERIGTE**

DE VILLIERS, D. 1973. Pragbundel vul leemte in kerkmusiek aan. Die Volksblad, 12 Oktober.

GROVé, S. 1975. 2de band van Liturgiese Orrelmusiek pas verskyn. Rapport, Jaargang 6, 7 Desember, p. 18.

OTTERMANN, R. 1973. Versameling van orrelwerke : 'n Baie belangrike gebeurtenis. Die Burger : Boekeblad, 27 Desember.

**KORRESPONDENSIE**

CILLIé, G.G. 1990. Vraelys.

KLOPPERS, J.J.K. 1990-02-14. Brief en Vraelys.

LOUW, B.P. 1990-02-01. Brief en Vraelys.

Orreliste. 1990. Vraelyste.

STRYDOM, W.M.L. 1990. Vraelys.

THERON, E.C. 1990. Vraelys.

**NOTULES**

Agenda van die 41ste vergadering van die Sinode van die NGK in die OVS op 11 April 1972 en volgende dae, pp. 453, 459 en 497.

Agenda van die 42ste vergadering van die Sinode van die NGK in die OVS op 16 September 1975 en volgende dae, p. 684.

Agenda van die 44ste vergadering van die Sinode van die NGK in die OVS op 13 September 1983 en volgende dae, p. 833.

Agenda van die 45ste vergadering van die Sinode van die NGK in die OVS op 7 September 1987 en volgende dae, p. 352.

Handelinge van die Algemene Sinode. 1970. Notule, p. 95.

Sinodale Eredienskommissie in die OVS (SEK). 1973 tot 1975. Notules.

## PERSOONLIKE GESPREKKE

LOUW, B.P. 1990-04-20. Onderhoud.

STRYDOM, W.M.L. 1990-06-20. Telefoniese gesprek.

THERON, E.C. 1990-04-17. Telefoniese gesprek.

## TYDSKRIFARTIKELS

CILLIé, G.G. 1980. Wat kan ek speel? Vir die Musiekleier, Jaargang 1, no. 1, pp. 46-50.

CILLIé, G.G. 1981. Wat kan ek speel? Vir die Musiekleier, Jaargang 1, no. 2, pp. 49-53.

PAUW, N.E. 1984. Wat kan ek speel? Vir die Musiekleier, Jaargang 4, no. 2, p. 51.